# Die rol van voorveronderstellings in die denke van Van Til en Stoker toegepas op vertrekpunte in die Apologetiek

**IH Scholtz**

**24721077**

Skripsie voorgelê ter gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad Magister Theologiae in Missiologie (Apologetiek) aan die Teologiese Fakulteit van die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit

Studieleier: Prof dr. H.G. Stoker

November 2013

Dit begin alles hier ™

NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT
POTCHEFSTROOMKAMPUS

Ek dra hierdie studie op aan my moeder, Marguerite Scholtz

## Bedankings

Dit is met groot dankbaarheid, maar ook groot opgewondenheid wat mens terugkyk oor ʼn jaar se studie heen.

Die opgewondenheid spruit vanuit die voltooiing van so ʼn studiestuk, maar ook die wete dat die kennis wat opgedoen is, toegepas kan word in die praktyk. Die opgewondenheid om te weet dat met die toetree tot die bediening ek beter toegerus is as 12 maande gelede. Egter nooit ten volle toegerus nie, maar beter.

Die dankbaarheid is jeens talle persone in my lewe wat nie slegs die navorsing moontlik gemaak het nie, maar ook sinvolle bydraes gelewer het in die vorm van advies of opbouende kritiek.

In besonder wil ek egter die volgende persone uitlig.

Die Here wat die vlam in my hart aangesteek het om vir Hom en sy saak te stry. Die feit dat Hy mense in sy diens gebruik is baie meer as maar net ʼn voorreg. Mag ons altyd in sy diens getrou bly staan.

My vrou, Tanya, sy is die steunpilaar in my lewe. Sy is die een wat finansieel, maar ook nog meer emosioneel, hierdie studie moontlik gemaak het. Sy is die een wat die meeste inspraak, raad en advies in my lewe gee. Haar ondersteuning en aanmoediging word hoog op prys gestel.

My studieleier, dr. Stoker. Hy het die tema van hierdie studie onder my aandag gebring en ook die meeste van die hoofbronne verskaf waaruit ek hierdie studie kon onderneem. Ek het dr. Stoker leer ken as ʼn man van God. ʼn Man wat nie skroom om met selfvertroue die Christelike geloof te verdedig nie, maar ʼn man wat steeds met sagtheid en deernis dit kan doen. Ek het hom leer ken as iemand wat die vrug van die Gees daadwerklik in sy lewe uitleef. Dankie Professor.

My moeder, Marguerite. Nadat my pa oorlede is, was sy nog altyd die een wat ons gedra het. Ek dank haar vir die geleenthede wat sy ons gegee het, ook die raad, advies en ondersteuning. Sy is die deugsame vrou waarna Spreuke 31 verwys.

Laastens wil ek elkeen bedank wat 'n bydra gelewer het tot hierdie skripsie. Ds. Jan Fourie, ds. Heinrich Warnich, Marguerite Scholtz (jnr.), Martin Dorfling, Joseph Oosthuizen, ds. Tiaan Adendorff wat aandagtig geluister, gelees en advies en ondersteuning gegee het. Dank aan Mev. Hester Lombard aan die NWU-Ferdinand Postma Biblioteek vir al die tyd in aandag in die soek van bronne, aanstuur van boeke. Dankie ook in besonder aan my moeder, Marguerite Scholtz en Mev. Leona van Rensburg vir die netjiese taalversorging.

# Opsomming

Die doel van die gereformeerde apologetiek is om die Christelike geloof teen dwaalleer te verdedig. Dit is egter nie al nie. Die gereformeerde apologetiek wil ook oortuigend ŉ antwoord kan gee waarom juis die Christelike beskouing ware hoop vir die mensdom bied (vgl. 1 Pet. 3:15). Die anderskennendes[1] wat van hierdie lewens- en wêreldbeskouing verskil, doen dit meestal op grond van ŉ ander vertrekpunt. Hoewel fyner punte gedebatteer word tussen gespreksgenote is die vertrekpunte, wat voorveronderstellings insluit, altyd iewers op die agtergrond.

Van Til[2] en Stoker[3] is twee bekende gereformeerde denkers uit die vorige eeu wat in kontak met anderskennendes hulle voorveronderstellings deel van hulle (onderskeidelik teologiese en wysgerige) apologetiese besprekings gemaak het. Hierdie ooreenkoms van benaderingsmetode kom na vore in die *Festschrift* vir Van Til waar Stoker (1971:28-71)aansluiting by die metode van Van Til vind en gevolglik ŉ verbinding voorstel waarop Van Til op sy beurt weer positief reageer.

Hierdie studie wil fokus op hoe hierdie twee denkers voorveronderstellings in hulle apologetiese gesprek gebruik. So wil uiteindelik gekom word by belangrike riglyne ten opsigte van die plek en rol van voorveronderstellings in gesprekke wat Christene oor die breë wetenskapsfront voer met diegene wat ander vertrekpunte huldig.

**Sleutelwoorde:** apologetiek, wysbegeerte, voorveronderstelling, Van Til, Stoker. En

1 Stoker het later eerder die term "anderskennendes" i.p.v. "andersdenkendes" begin gebruik vgl. (Stoker, 1981a, 1981c) – beskikbaar op CD-Rom uitgegee deur die VCHO-Uitgewers.

2 Cornelius Van Til was as Professor in Apologetiek verbonde aan Princeton Universiteit, en later aan Westminster Theological Seminary.

3 Hendrik Stoker was as Professor in Wysbegeerte verbonde aan die P.U. vir C.H.O (tans Noordwes-Universiteit).

## Summary

The purpose of reformed apologetics is to defend the Christian faith against heresy.However, this is not all. Reformed apologetics also wants to give a convincing answer why the Christian view is the real hope for mankind (see 1 Peter 3:15).Other that differ from this life and world view, do it mostly based on a different starting point. Although finer points are debated between parties, the starting point, including presuppositions, are always somewhere in the background.

Van Til[4] and Stoker[5], two famous Reformed thinkersof the last century (respectively theological and philosophical), in contact with other made their presuppositions part of their apologetic discussions. This agreement in approach and method emerges in the Festschrift for Van Til, when Stoker (1971:28-71) proposes a connection between his and Van Til's methods, and when Van Til in turn responds positively.

This study will focus on what role these two thinkers' presuppositions play in their apologetic conversation. It eventually comes to important guidelines regarding the place and role of presuppositions in conversations of Christians across a broad scientific front with those who hold other points of departure.

**Keywords:** apologetics, philosophy, presupposition, Van Til, Stoker

---

4 Cornelius Van Til was Professor in Apologetics at Princeton University, as well as Westminster Theological Seminary.

5 Hendrik Stoker was Professor in Philosophy at P.U. vir C.H.O (today: North-West University).

# Woordstudie

Voor die aanvang van hierdie studie moet die volgende terme eers deeglik bestudeer en ondersoek word.

## Voorveronderstelling ("Presupposition")

'n Aanlyn-woordsoektog is gedoen na die woord *presupposition* in die *Pharos*-woordeboek(2009). Dit het vier belangrike resultate relevant tot hierdie studie opgelewer.

Eerstens die van "presupposi´tion, onderstelling, vooronderstelling.". Die woord *presupposition* kan dus as *onderstelling* of *vooronderstelling* vertaal word.

Dieselfde soektog wil dan ook "aan´name,(-s), acceptance; assumption; passing (bill of parliament); supposition; presupposition" as geldige vertaling handhaaf. Die woord *aanname* is belangrik in hierdie verband. Dit slaan egter eerder op die vertrekpunt in die breë en vind sterk aansluiting by die lewens- en wêreldbeskouing van 'n gegewe persoon. 'n *Aanname* is meermale 'n resultaat eerder as 'n basis beginpunt.

Die volgende resultaat: "voor´onderstel,(~), presupposes; premies;~ling, (-e, -s), presupposition; premise.". Die verklaring van *premise* kan as 'n geldige verduideliking van die begrip *voorveronderstelling* geld. Die ondersoek in hierdie studie wil egter soek na 'n beter Afrikaanse vertaling van die woord *presupposition*.

Die laaste resultaat na hierdie soektog: "onderstel´2, (w)(~), suppose, presume, assume; presuppose;~ling, (-e, -s), supposition, hypothesis, assumption; presupposition;uitgaande van die ~ling dat,on the assumption that.". Die volgende woordverduideliking wat hier na vore kom, is *hypothesis.* Die gebruik van *hypothesis* om *presupposition* te beskryf is egter problematies. 'n Hipotese ("*Hypothesis*") word gerig en bepaal deur 'n sekere lewens- en wêreldbeskouing en gevorm deur 'n sekere voorveronderstelling. Soos met *aanname* kan dit moeilik as basis beginpunt gebruik word. Hierby sluit die Nederlandse aanlyn woordeboek van Dale sterk aan. Van Dale vertaal die woord voorveronderstelling met "hypotese". Die geldigheid van so 'n *hypothesis* word ook getoets aan die vertrekpunte wat gebruik word (vgl. 5.4.1.2. e.v.).

Opsommend kan die volgende voorlopige gevolgtrekkings gemaak word:

- Die terme *vooronderstelling* en *onderstelling* kan as wisselterme vir die woord *presupposition* gebruik word.
- As die term *presupposition* dus vertaal wil word, sal ten minste die woord *onderstel* as deel van die woord moet geld.

Met gebruikmaking van die aanlyn Woordeboek van die Afrikaanse Taal (1957), is die term voorveronderstelling ondersoek. Die woord vooronderstelling is nie gevind nie, maar verskeie resultate wat verband hou met die woord is wel gevind.

Daaronder die volgende:

> **"grond'wetenskap**s.nw.(*germanisme*)
> **1** Wetenskap wat die grondslag van ander wetenskappe is…**2**(*filosofie*)
> **a** Die filosofie as geheel, in sover dit in die algemeenste sin bepalinge vir alle aparte wetenskappe bied: *Die filosofie as grondwetenskap*.
> **b** Die logika en kennisleer, in sover hierdie dissiplines deur al die wetenskappe veronderstel word.
> **c** Die ontologie as die algemene wetenskap van die wees as sodanig en dus as voorveronderstelling tot al die ander wetenskappe.
> **d** Die fenomenologie wat die suiwere kennisobjek analiseer en op dié wyse vir elke wetenskap fundamenteel is.
> **e** Die stelsel van J. Rehmke, wat ten doel het om die gegewens in die algemeen, soos dit in die voorwetenskaplike bewussyn optree, te analiseer en te bestudeer."

Die eerste van hierdie resultate is insiggewend vir hierdie studie na aanleiding van die bespreking van die term *grondwetenskap*. In verband met hierdie studie is veral punt c in die bespreking hierbo van toepassing: "…as sodanig en dus as voorveronderstelling tot al die ander wetenskappe.". Hier kom die gedagte na vore dat hierdie *grondwetenskap* en met implikasie *voorveronderstelling* iets is wat ander dinge voorafgaan en selfs as basis kan dien vir die vorige. Hierby sluit die Nederlandse woordeboek Van Dale ten nouste aan. Soos reeds aangetoon beskryf Van Dale die woord vooronderstelling met "hipothese". Daarenteen beskryf Van Dale die woord veronderstelling as "…het geen je als waar aanneemt" – vertaald "…wat jy as waar aanneem". Dit bring 'n nuwe ryke betekenis na vore, die van lewens-en wêreldbeskouing, maar nog meer in noue verband, dit wat die mens as jy eerste waarheid beskou en dus ook as sy grond of vertrekpunt handhaaf.

Die tweede resultaat dui op die gebruik van die woord onderstelling.

- **"onderstelling** s.nw.,onderstellings. (ongewoon) Veronderstelling of voorveronderstelling: Ons gaan van die onderstelling uit dat die aktiewe oppervlakkige wortels beter gebruik van die voedingstof sal maak as dié wat laer af in die koue ondergrond is (Sagtevr., Jan. 1966, 13).Hy (M.F. Valkhoff) (laat) sy bevindinge rus op 'n uiters skraal dokumentasie en verder op taamlik wankelrige onderstellings (L.C.Eksteen in Standp., Febr. 1967, 40).".

Wat belangrik vir die doel van hierdie studie is, is die verdere uitbreidende wisselgebruik van die term *voor***ver***onderstelling* (let op die taalkundige verskil met die term *vooronderstelling*). Dit toon aan dat nie alleenlik die term *onderstelling* en *vooronderstelling* as wisselterme gebruik word nie, maar ook die term *voorveronderstelling* as wisselterme vir die vertaling van die woord *presupposition* kan dien. Die terme *onderstelling, vooronderstelling* asook *voorveronderstelling* is dus ewe geldig in die vertaling van die woord *presupposition*.

Die derde resultaat dui op 'n direkte vertaling (vanuit die Engels):

- **"presupposisie**s.nw.,presupposisies.(<Eng.Presupposition) Voorveronderstelling: Daar (bestaan) die presupposisie dat bepaalde leksikale items met mekaar geïdentifiseer kan word op grond van bepaalde semantiese… ooreenkomste (W.A.M.Carstens in Kongresreferate LVSA, 1981, 39).Die… beskuldigings is… lastig om oortuigend te beantwoord omdat die presupposisie waarop die beskuldigings berus, reeds die antwoord prejudiseer (Beeld, 9 Nov. 1989, E). Presupposisies kom voor in bysinne,… voorsetselgroepe, en alleenstaande woorde (M. de Villiers: Semantiek, 1975, 241)."

Hierdie resultaat voeg min by tot die verstaan van *presupposition*.

Die laaste van hierdie resultate is die moontlike vertaling van *presupposition* met die term *principium*. Die gebruik van die woord kan te maklik met die woord *prinsiep* verwar word en is om daardie rede onbruikbaar as 'n vertalingsmoontlikheid. Die voorbeeld wat gebruik word, is egter van toepassing. In hierdie opsig word die woord *principium* met sterk ooreenkomste met die woord *vertrekpunt* gebruik. Die woordeboek stel dit soos volg:[6]

- **"principium**s.nw.,principia.(formeel)(Lat.)
  **1**…
  **2** Voorveronderstelling:Die ware **Christen (is) geroepe… om met diepe ootmoed… sy**

[6] Eie beklemtoning

**principia… aan die geopenbaarde waarheid te ontleen** (Burg., 5 Sept. 1956, 6).Dit (die idee van herlewing)…(dra) sulke hoogs gevaarlike principia in hom dat dit die liefhebber van die Gereformeerde waarheid… met skrik… vervul (J.D. du Toit: Werke VIII, 1962, 97).".

## Gevolgtrekking

Soos hierbo aangetoon kan die terme onderstelling, of vooronderstelling of voorveronderstelling afwisselend as vertaling van die term *presupposition* gebruik word.

Die rede vir die gebruik van die woord *voorveronderstelling* in hierdie studie is dan soos volg:

- Die gebruik van die term *voorveronderstelling* is alreeds 'n geykte term (vgl. o.a. Jordaan, 1976, pp. 25, 56, 98; Stoker, 1981a).
- Die term is meer bekend in die algemene omgangstaal.

Die apologetiese metode van Van Til genaamd *presuppositional apologetics of presuppositional apologetic method* sal dus onderskeidelik die *voorveronderstellings apologetiek* of *voorveronderstellings-apologetiese metode* heet.[7]

[7] Hierdie studie sal met bogenoemde volstaan. Vir 'n meer omvattende studie, alhoewel in 'n diakonologiese konteks, kan die navorsing vir die gebruik van die terme voorveronderstelling en vooronderstelling in die proefskrif van Johan Bosman nagegaan word (vgl. Bosman, 2007:59–61).

# Inhoudsopgawe

**Bedankings** ........ i

**Opsomming** ........ iii

**Summary** ........ iv

**Woordstudie** ........ v

**Voorveronderstelling ("Presupposition")** ........ v

**Gevolgtrekking** ........ viii

**Hoofstuk 1: Inleiding** ........ 1

**1.1. Agtergrond en Probleemstelling** ........ 1

**1.2. Doel van die studie** ........ 2

**1.3. Doelwitte** ........ 3

**1.4. Sentrale teoretiese argument (Hipotese)** ........ 3

**1.5. Metodologie** ........ 3

**Hoofstuk 2: Agtergrondstudie** ........ 4

**2.1 Inleiding** ........ 4

**2.2 Hendrik Gerhardus Stoker (1899-1993)** ........ 4

2.2.1 Lewenskets ........ 4

2.2.2 Plek van Wysbegeerte ........ 7

**2.3 Cornelius Van Til (1895-1987)** ........ 22

2.3.1 Lewenskets ........ 22

2.3.2 Plek van Apologetiek ........ 24

**2.4 Finale Samevatting ..... 33**

**Hoofstuk 3: Jerusalem en Athene ..... 34**

**3.1 Inleiding ..... 34**

**3.2 Die Skrywe ..... 36**

3.2.1 Konteks ("On Context of Knowledge") ..... 36

3.2.2 Kennis ("On Knowledge") ..... 41

3.2.3 Wetenskap ("On Science") ..... 53

**3.3 Finale Samevatting ..... 63**

**Hoofstuk 4: Voorveronderstellings ..... 64**

**4.1 Inleiding ..... 64**

**4.2 Voorveronderstellings aanwesig by die Denke van Stoker ..... 64**

4.2.1 Christelike Lewens- en wêreldbeskouing (Besonder) ..... 64

**4.3 Voorveronderstellings aanwesig by Van Til se apologetiese metode. ..... 70**

4.3.1 Samevatting ..... 77

**4.4 Apologetiese karakter van Stoker se wysbegeerte ..... 79**

**4.5 Wysgerige karakter van Van Til se Apologetiese metode. ..... 82**

**4.6 Finale Samevatting ..... 85**

**Hoofstuk 5: Slothoofstuk ..... 87**

**5.1 Inleiding ..... 87**

**5.2 Kontakmoment ..... 87**

5.2.1 Inleiding ..... 88

5.2.2 Feite (“facts as ’n point of contact”) ..... 91

5.2.3 Opsomming ..... 95

**5.3 Metodologie ..... 95**

5.3.1 Inleiding ..... 95

5.3.2 Opsomming ..... 103

**5.4 Voorstel van Stoker (“My Special Problem”) ..... 104**

**5.5 Metodologiese Toepassingsmoontlikhede ..... 107**

5.5.1 Inleiding ..... 107

5.5.2 Verdediging van die Christelike geloof (“Om dwaling te bestry”) ..... 107

5.5.3 Versterking van die Christelike geloof (“Om in die waarheid te onderrig”) ..... 120

**Bibliografie ..... 122**

## Lys van Tabelle

Tabel 3-1: Onderskeid tussen voorwetenskaplike en wetenskaplike kennis .................. 59

Tabel 5-1: Moontlike Toepassings van Verabsoluterings ........................................... 114

# Lys van Figure

Figuur 2-1: Illustrasie 1 – Plek van Stoker se Wysgerige Denke...................................... 9

Figuur 2-2: Illustrasie 2 – Plek van Van Til se Apologetiese Denke ................................ 25

Figuur 3-1: Illustrasie 3 – Vorme van Kennis .................................................................. 54

Figuur 3-2: Illustrasie 4 – Stoker se Wetenskapsleer...................................................... 61

Figuur 5-1: Illustrasie 5 – P-A Verhouding .................................................................... 104

Figuur 5-2: Illustrasie 6 – P-A en P-C Verhouding ....................................................... 105

Figuur 5-3: Illustrasie 7 – Verabsoluterings .................................................................. 113

# Hoofstuk 1: Inleiding

### Die Aanvang

## 1.1. Agtergrond en Probleemstelling

As professor in Apologetiek aan die nuutgestigte Westminster Theological Seminary het Cornelius Van Til (1895-1987) 'n nuwe apologetiese metode ontwikkel (Bahnsen, 1998:11; Edgar and Oliphint, 2011:454). Hierdie metode wat vandag as die "Presuppositional Apologetic Method"[8] bekend staan (Edgar and Oliphint, 2011:456) word tans (2013) steeds aan die Westminster Theological Seminarium geleer en selfs verder ontwikkel.

Hendrik Stoker (1899-1993) het weer op sy beurt as professor in Wysbegeerte, 'n wysgerige sisteem ontwikkel, genaamd die *Wysbegeerte van die Skeppingsidee* (vgl. Stoker, 1933a). Sy sisteem vind o.a. aansluiting by die Wysbegeerte van die Wetsidee van Dooyeweerd en andere, maar vertoon ook belangrike verskille (vgl. o.a. Dooyeweerd, 1971:75-126; Stoker, 1933a:36,48–60,68–69,74)[9].

Stoker en Van Til het dus, alhoewel op twee verskillende vastelande en in twee verskillende wetenskaplike rigtings, elk 'n gereformeerde wetenskap uitgebou wat later jare by mekaar aansluiting sou vind. Eers amper aan die einde van hulle jare van arbeid sou Stoker in 'n skrywe gerig aan Van Til hierdie moontlike aansluiting aantoon (vgl. Stoker, 1971:28-71). In hierdie skrywe gee Stoker 'n deeglike uiteensetting van sy epistemologie en toon deurentyd aan hoe sy denke die denke van Van Til verryk en beïnvloed. Met die uiteensetting van sy eie epistemologie verduidelik Stoker die moontlike aansluiting wat tussen die gereformeerde wysbegeerte en die gereformeerde teologiese apologetiek bestaan. Stoker[10] verwoord hierdie aansluiting soos volg:

> *"...The two approaches – A friend, pointing to a building on our university campus, says to me: "Is it not marvellous that the foundation, the roof, every*

---

8 Die gebruik van die term "voorveronderstellings-apologetiek" is 'n direkte gevolg van die woordstudie na die betekenis van "voorveronderstelling" (vgl. 1.7.).

9 Stoker (1933a:97) pleit egter dat die verskille tussen Calvinistiese wysgere (soos tussen hom en o.a. Dooyeweerd/Vollenhoven en Bavinck) verstaan moet word teen die agtergrond waarin hulle in ooreenstemming is. Dit toon dat Stoker nie vyandig gesind is in sy uitgangspunt teenoor ander Christen-gereformeerde denkers nie, maar steeds met vrymoedigheid, eerlik met hulle kan verskil (vgl. Kol 4:6; 1 Tim 5:1; 2 Tim 4:2). Hierdie studie wil hierdie versoek eerbiedig deur nie summier krities te staan teenoor ander Christen-gereformeerde denkers nie, sonder om die ooreenkomste tussen hierdie denkers eers te erken en dit gevolglik teen daardie agtergrond te beoordeel.

10 Stoker 1941b:57

> *room, every passage, every stairs, every window, every door,all their functions and all the relations between them, in other words the plan (P) of this building as a whole and every part thereof has its origin in the mind of its architect (A)?"I agree. I call this the P-A context, view, or approach. But then I ask my friend to turn right and to tell me how many rooms, passages, stairs, windows, doors there are, what their functions and purposes are, where they are situated, and thus to explain to me the contents (C) of the plan (P) according to which this building was built. I call this the P-C context, view, or approach. The difference of directions of P-A and P-C could be illustrated by the two lines P-A and P-C drawn at right angles; in other words, and I wish to stress this point, the two approaches differ, and the directions of these approaches are not reducible to one another; the one yields knowledge the other does not yield. But the P-C approach presupposes the P-A approach."*

Die skrywe tussen Stoker en Van Til, wat hierdie P-A en P-C verhouding insluit, sal verder in meer besonderheid in hoofstuk 3 aan die orde kom.

Hierdie studie wil die moontlike verbinding tussen die epistemologie van Stoker en Van Til nagaan (vgl. hfst. 3), deur in besonder aandag te gee aan die rol wat voorveronderstellings in elkeen afsonderlik se denke speel (vgl. hfst. 4). Aan die hand hiervan kan dan belangrike riglyne vir apologetiese diskussies vanuit 'n gereformeerde vertrekpunt ontwikkel word (vgl. hfst. 5).

Die navorsingsvrae wat hieruit na vore kom, is die volgende:

- Wat behels die agtergrond waarteen hierdie voorstel (die verbinding van die P-A met die P-C verhouding) verstaan moet word? (vgl. hfst. 2)
- Wat behels die verbindingsvoorstel, soos vervat in die skrywe tussen Stoker en Van Til? (vgl. hfst. 3)
- Wat is die rol van voorveronderstellings in die vertrekpunte aanwesig in die denke van Stoker sowel as Van Til? (vgl. hfst. 4).
- Wat is die voorlopige metodologiese toepassingsmoontlikhede wat hierdie verbinding inhou? (vgl. hfst. 5).

### 1.2. Doel van die studie

Die studie wil die vertrekpunte, aanwesig by die denke van Stoker en Van Til ondersoek deur die voorveronderstellings na te gaan, ten einde die voorstel van Stoker aan Van Til te kan opvolg en metodologiese toepassingsmoontlikhede kan trek.

### 1.3. Doelwitte

- Ondersoek word gedoen na die lewe en werk van Hendrik Stoker asook Cornelius van Til. Dit bied die nodige konteks waarteen die denke van Stoker en Van Til geïnterpreteer en verstaan kan word (kyk hfst. 2).
- Die skrywe van Stoker aan Van Til in sy *Festschrift* word in besonderheid ondersoek. Die invloed van albei se denke op mekaar word nagegaan. Dit dien as die opbou tot die ondersoek na voorveronderstellings (kyk hfst. 3).
- Die ondersoek na die vertrekpunte by Stoker en Van Til kom aan die orde deur die voorveronderstellings by elk te ondersoek. Die ondersoek na die voorveronderstellings word gedoen om die geldigheid van die verbindingsvoorstel na te gaan (kyk hfst. 4). Verder dien dit ook as ŉ aanduiding van die ooreenkomste tussen die denke van Stoker en Van Til.
- Met die bespreking van die P-A en P-C verhouding word moontlike metodologiese toepassingsmoontlikhede wat so ŉ verbinding kan inhou, bespreek (vgl. hfst. 5).

### 1.4. Sentrale teoretiese argument (Hipotese)

Inaggenome die probleemstelling en doel word die sentrale teoretiese argumente soos volg geformuleer.

Dat die ondersoek na voorveronderstellings as onderdeel van die vertrekpunte aanwesig by die denke van Stoker en Van Til, die opvolg van die verbinding van die denke van Stoker met die denke van Van Til tot gevolg kan hê, wat weer tot verskeie moontlike metodologiese toepassingsmoontlikhede kan lei.

### 1.5. Metodologie

Die studiebehels ŉ literêr-missionêre studie na die voorveronderstellings aanwesig in die vertrekpunte van Hendrik Stoker en Cornelius van Til, wat benader word vanuit die gereformeerde tradisie in die algemeen, en spesifiek gefokus op die skrywe tussen beide denkers soos vervat in die *Festschrift* van Van Til (vgl. Stoker, 1971).

# Hoofstuk 2: Agtergrondstudie

## 2.1 Inleiding

Soos in hoofstuk 1 inleidend genoem, word hoofstuk 2 gebruik om die persoon en werke van Stoker en Van Til kontekstueel binne die breë akademiese omgewing en denke waarbinne elke gefunksioneer en gewerk het te plaas.

Stoker het die akademiese omgewing gedien deur sy *wysbegeerte van die skeppingsidee*. Van Til op sy beurt het weer die teologiese dissipline verryk deur die ontwikkeling van sy voorveronderstellings-apologetiese metode ("Presuppositional-apologetics")[11]. Hierdie ontwikkelinge het logies teen 'n gegewe universele agtergrond plaasgevind. Dit is hierdie agtergrond wat ondersoek wil word.

Met die agtergrond in hierdie hoofstuk beskryf, kan die skrywe tussen Stoker en Van Til ondersoek word (vgl. hfst. 3), wat weer die agtergrond gee waarteen die voorveronderstellings aanwesig in die denke van Van Til en Stoker ondersoek kan word (vgl. hfst. 4). Met hierdie ondersoek kan die voorstel van Stoker aan Van Til (P-A en P-C verhouding) met verskeie metodologiese toepassingsmoontlikhede aangedui word.

## 2.2 Hendrik Gerhardus Stoker (1899-1993)

### 2.2.1 Lewenskets

Hendrik Gerhardus Stoker is gebore op 4 April 1899 te Johannesburg, Suid-Afrika. Hy was vir die grootste deel van sy lewe professor in wysbegeerte verbonde aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (Raath, 1994a[12]; vgl. ook van der Walt, 2007). By hierdie universiteit (vandag bekend as die Noordwes-Universiteit), het hy saam met ander 'n groot rol gespeel in die vestiging van die universiteit as 'n volwaardige tersiêre akademiese instansie. Hierdie instansie was bekend vir sy strewe om wetenskap te bou op- en vanuit 'n Christelike lewens- en wêreldbeskoulike basis. Met sy *Wysbegeerte van die Skeppingsidee* het Stoker vanuit die gereformeerde wysbegeerte 'n belangrike bydrae gelewer tot die universiteit se Christelike benadering tot wetenskap en opvoeding. Van der Walt (2007:224) beskryf Stoker as "…die grondlegger van 'n Christelike benadering tot die filosofie en die wetenskap in die algemeen…". Hierdie tersiêre instansie het sy Christelike karakter deels te danke aan die

[11] vgl. 1.7.
[12] Bron besit geen bladsynommers nie.

benadering van Stoker wat daarop aangedring het dat wetenskap gebou word in die Lig van God se Woord. Jare na die stigting van die P.U. vir C.H.O. was Stoker steeds getrou aan hierdie visie. Stoker se getrouheid aan hierdie visie kom jare na die vestiging van die universiteit in sy werke na vore. Stoker (1949) sluit byvoorbeeld sy ondersoek na *Christelike Wetenskap* soos volg af:[13] "Hy **[die eenderskennende]** kan nie anders nie as om Christus ook as Koning van die wetenskap te erken, **die wetenskap "in U Lig"** te beoefen en tot eer en verheerliking van God vir Die Waarheid te stry nie.".

Hoewel Stoker oor 'n wye verskeidenheid onderwerpe gepubliseer het, van die grondvrae van menseregte (vgl. Stoker, 1965) tot dié van die natuurwetenskappe (vgl. Stoker, 1958), word vir die doeleindes van hierdie studie hoofsaaklik (maar nie uitsluitend) gefokus op die bydra wat hy gemaak het deur sy *Wysbegeerte van die Skeppingsidee* (vgl. Stoker, 1933a). Die bydra van die *Wysbegeerte van die Skeppingsidee* dien dan ook as die basis waarop die ander werke van Stoker gebou is. Die *Wysbegeerte van die Skeppingsidee* vorm as't ware die grond en raamwerk van die wysgerige denke van Stoker, gegrond op die Woord van God as basis.

Die jaar 1899 waarin Stoker gebore is, het 'n stormagtige tydperk in die geskiedenis van Suid-Afrika ingelei. In Oktober van daardie jaar het die Anglo-Boereoorlog uitgebreek tussen Brittanje en die twee klein boererepublieke – die Zuid-Afrikaanse-Republiek (Transvaal) en die Oranje-Vrystaat (vgl. Bart & Scholtz 2003:19 e.v.).

Stoker het in hierdie oorlogsjare opgegroei. Vir sy skoolopleiding het die Stokers dit goedgedink om die jong Hendrik Stoker na die Deutsche Schule in Johannesburg te stuur. Na die uitbreek van die eerste wêreldoorlog het die politieke landskap egter verander en die Stokers het Hendrik na die Potchefstroomse Gimnasium gestuur, waar hy dan ook matrikuleer in 1916 (Raath 1994a:3-4)

Na sy skoolopleiding studeer Stoker verder in Potchefstroom aan die Potchefstroomse Universiteit-Kollege (PUK) waar hy in 1919 sy B.A. graad en in 1921 sy M.A. graad in wysbegeerte voltooi[14].

Vir sy doktorale studies doen hy aansoek om te studeer onder die befaamde prof. dr. Herman Bavinck[15][16]. Bavinck sterf egter in 1921 toe Stoker reeds op pad na Nederland is. Stoker besluit

---

[13] Eie beklemtoning en invoeging tussen blokhakkies
[14] Raath 1994a:3-4
[15] Dr. H. Bavinck was op daardie stadium verbonde aan die Vrye Universiteit te Nederland.
[16] Raath 1994:7

om sy doktorale studie voort te sit onder leiding van die bekende filosoof Max Scheler van Duitsland. Onder Scheler voltooi hy sy doktorale proefskrif in Duits getiteld: *Das Gewissen: Erscheinungsformen und Theorie* (vgl. Stoker, 1925).

Na sy terugkeer na Suid-Afrika in 1925 is hy met Miriam Francoise Stoker (Née du Plessis) in die eg verbind. Die PUK bied vir Stoker ŉ senior lektorspos aan, wat Stoker dan ook opvolg.

In 1930 word Stoker professor in wysbegeerte asook in sielkunde aan dié einste universiteit (Raath, 1994a). Hy lewer in 1930 sy inougurele rede (Sielkunde) getiteld: *Die krisis in die teenswoordige Sielkunde* (vgl. Stoker, 1930)en in 1933 sy inougurele rede (Wysbegeerte) getiteld: *Die Nuwere Wysbegeerte aan die Vrije Universiteit (Amsterdam)* (vgl. Stoker, 1933b). In hierdie tydperk verskyn ook nog ŉ aantal van sy werke o.a. *Iets oor redelikheid en rasionalisme* (vgl. Stoker, 1933c), *Die slakkehuisteorie van die bewussyn* (Stoker, 1933d) en selfs so vroeg, sy baanbrekerswerk en fokus van hierdie studie: *Die Wysbegeerte van die Skeppingsidee* (Stoker, 1933a).

Stoker was internasionaal ŉ gerespekteerde filosoof in die gereformeerd/reformatoriese wysgerige kringe (asook in die teologiese kringe w.o. Van Til). Hy was o.a. redaksielid van die bekende reformatoriese filosofiese tydskrif *Philosophiae Reformata*. Verder was hy ook in noue kontak met ander Calvinistiese filosowe in veral Nederland, o.a. Herman Dooyeweerd en Dirk Vollenhoven[17]. Tog was die ontwikkeling van sy wysbegeerte op Suid-Afrikaanse bodem nie maar net ŉ "uitvoerproduk" van Nederland nie. Van der Walt (2007:3–4) wys tereg daarop dat Stoker so vroeg soos 1933 al oor Christelike wysbegeerte geskryf het asook kort daarna ŉ uitleg gegee het van sy eie unieke benadering, die *Wysbegeerte van die Skeppingsidee*. Dit was die begin van ŉ eie Suid-Afrikaans gereformeerde wysbegeerte. Stoker kan dan ook beskou word as die "vader" van die gereformeerde wysbegeerte op Suid-Afrikaanse bodem, en as een van dié "vaders" van die ontstaan van gereformeerde wysbegeerte.

Op 16 Mei 1993 sterf Hendrik Gerhardus Stoker. Ter ere van hierdie groot wysgeer het Prof. P.J. Coetzee (vgl. Raath, 1994a:22)die volgende getuienis gelewer:

"Met al die agting en waardering en die reine liefde van ons hart
groet onsin groot dankbaarheid teenoor God wat die Bron is van al die goeie,
ons geliefde prof. Hendrik Gerhardus Stoker.

---

17 Drs. Dooyeweerd en Vollenhoven was as filosowe verbind aan die Vrye Universiteit, Amsterdam, Nederland.

Ons groet hom as sy geestelikekinders wat aan sy voete gesit het.
Ons groet ook heel spesiaal sy eggenote, tant Miriam.
In die ware sin was sy in haar hele optrede,
ja, in haar hele adellike verskyning beeltenis van 'n eenderskennende vrou en moeder,
altyd vriendelik, waardig, innemend, wars van snobisme, belangstellend in ander se welsyn.
'n Ware aristokraat!
So het ons hulle leer ken en so ken ons hulle nog:
oom Hendrik en tant Miriam is
soos twee bome wat met al hul takke in mekaar ingegroei het
tot een boom.".

Soos enige ander denker is Stoker se denke deels gevorm deur denkers en die omgewing waarin hy groot geword het. Die effektiwiteit van Stoker om uit te troon bo ander is geleë in die feit dat hy die invloed van ander denkers op sy eie denke krities kon beoordeel en kon ontgin. As voorbeeld hiervan kan gewys word daarop dat Stoker nie kritiekloos gestaan het teenoor die fenomenologiese metode nie. Stoker het steeds ook vanuit die fenomenologiese metode die bruikbare kon ontgin, in die ontwikkeling van sy eie diafanerotiese metode[18](vgl. Stoker, 1941a[19]).

Om die rede sal daar eers na wysbegeerte in die algemeen gekyk moet word en plek van Stoker daarin verstaan moet word, voordat daar in 'n ondersoek geloods word na die unieke plek van Stoker binne die gereformeerde wysbegeerte.

### 2.2.2 Plek van Wysbegeerte

#### 2.2.2.1 Wysbegeerte in die Algemeen


Soos reeds aangetoon sal eers die plek van die wysgerige denke van Stokerbinne die algemene filosofiese omgewing bespreek word, daarna sal die fokus verskuif na die gereformeerde wysgerige denke. Dis teen hierdie agtergrond waar daar dan verder na die ooreenkomste en die nuanse-verskille tussen die verskeie gereformeerde wysgere gekyk word.

---

18 Stoker se diafanerotiese metode vind sterk aanklank by die fenomenologie (Max Scheler as eksponent), waarvoor hy gekritiseer sal word. Die kritiek is in vele opsigte ongegrond en deur Stoker self na waarde verreken (vgl. Stoker, 1941a). Verder wys Stoker (1933a:26-30) tereg daarop dat alle wetenskappe van een of ander “tegniese metode” gebruik moet maak soos die “transsendentaal-analitiese, die fenomenologiese (wesensskouende of diafanerotiese) en eksistensieel-analitiese metodes.”. Dit sal van nature kritiek uitlok. (vgl. ook Van der Walt, 2010:719-720)

19 Geen bladsynommers

Die volgende grafiese uiteensetting kan dien as verwysing tot die verstaan van Stoker in die breë akademiese omgewing (kyk volgende bladsy).




**Figuur 2-1: Illustrasie 1 – Plek van Stoker se Wysgerige Denke**

Om na die wysgerige denke van Stoker in die algemene filosofiese omgewing te kyk, moet die veld van die filosofie (of te wel wysbegeerte) eers beskryf word na aanleiding van sy veld van ondersoek en hoe dit aangepak word.

Spier (1950:12),'n tydgenoot van Stoker en Van Til, definieer wysbegeerte soos volg: "…ze is, het wetenschappelijk denken over de ganse kosmos uit en tot den Oorsprong.". Hierby sien Strauss (1978:5)[20] wysbegeerte as die "…wetenskap wat gerig is op 'n samehangende totaliteitsvisie van die werklikheidsverskeidenheid…". Spier (1950:11) beskryf die wysbegeerte verder as die wetenskap wat met die totaliteit werk. Troost (2012:1) is dit eens: "First, philosophy has to do with "thought" and, second, it deals with reality, and specifically reality as a whole.". Troost se stelling brei dus uit aan die definisie, deur te wys dat wysbegeerte ook met gedagtes of denke te doen het. Hierdie denke behels denke oor realiteit as 'n geheel.

Dis egter moeilik om met 'n enkele definisie vir filosofie te volstaan. Filosofie opsigself blyk al 'n filosofiese geskilpunt (vgl. Fumerton and Jeske, 2009; Osborne, 1992) te wees. Die boek van Hildebrand (1973):*"What is philosophy?"*, wil juis hierdie vraag probeer beantwoord.

---

[20] Professor in Filosofie aan die Universiteit van die Vrystaat (Bloemfontein, Suid-Afrika)

Vir die doel van hierdie studie word Wysbegeerte beskryf as die denke (nadenke) oor die samehangende totaliteitsvisie van die werklikheidsverskeidenheid in relasie tot en vanaf die Oorsprong (vgl. Spier, 1950:12; Strauss, 1978:5; Troost, 2012:1).

Wysbegeerte wil dus onder andere die vraag na die kosmos, die samehang van kosmiese elemente, asook die verskille tussen verskeie kosmoselemente, in relasie tot die Oorsprong, bespreek.

Hierdie definisie help ook om die skeiding tussen verskeie filosofiese stelsels na vore te bring.

#### 2.2.2.2 Inleiding tot Gereformeerde Wysbegeerte

Om hierdie skeiding tussen Christelike filosofie (in 'n wye sin bedoel) en filosofie in die algemeen te vergelyk, kan volgens Van Riessen (1963:22) twee vrae gevra word naamlik: "*Wat is die filosofie?"* en daaropvolgend "*Hoe is die filosofie moontlik?".*

Die eerste vraag beantwoord Van Riessen[21] soos volg: "...Van de omschrijving als liefde tot de wijsheid' waren wij reeds voortgeschreden naar de filosofie als een wetenschappelijk **nadenken over de waarheid betreffende de werkelijkheid**, waarmee zij een bijdrage kan geven tot het inzicht, dat wijsheid mogelijk maakt...". Van Riessen wil dus (soos ook met die definisie hierbo) die taak van filosofie sien as "die nadenke oor die waarheid van die werklikheid". Die definisie is nou genoegsaam afgebaken, maar steeds maak dit geen volwaardige skeiding tussen die Christelike filosofie en ander filosofiese denke nie. Daarom is die debat rondom filosofie eerder geleë binne die tweede vraag: "Hoe is die filosofie moontlik?".

Van Riessen wil die moontlike beantwoording van hierdie vraag slegs vind in die waarheid van die volgende voorveronderstellings:

- "…dat de mens in zijn wysgerig denken onafhankelijk en zichself genoeg is…" en
- "…dat hij in dit denken zodanige toegang heeft tot de werkelykheid en haar waarheid…" en
- "…dat hy deze waarheid althans in principe kan verwerven…".

Met hierdie voorveronderstelling kan, in aansluiting tot hierdie studie, die volgende vraag gevra word: Is die mens onafhanklik, alleen bevoeg om die werklikheid en haar waarheid, in prinsiep, te kan verstaan en verwerf?

---

21 Van Riessen 1958:22

Volgens Van Riessen(1963:22) kan die immanensie-filosofieë nie voldoende aan hierdie stelling voldoen nie. Hy verduidelik dit soos volg: "…Dit zijn zeer **ernstige kwesties voor de immanentiefilosofie**, die op deze zelfgenoegzaamheid wil bouwen. **Slechts als ze deze vooronderstellingen waar kan maken, heeft zij het recht te zeggen, wat zij altijd weer heeft willen beweren**…". Die immanensie-filosofie sal dus eers hierdie twee vrae na behore moet kan beantwoord.

Die beantwoording van hierdie twee vraagstukke dwing egter die wysbegeerte terug na die gesprek rondom die oorsprong[22]. Alle wysgerige arbeid moet die vraag na die oorsprong verreken. Dit behels die vraag na die vertrekpunt. Vanuit hierdie oorsprong, of te wel vertrekpunt, word die samehang en relasies, asook die verskeidenheid in die werklikheid aanwesig verduidelik. Die invloed wat 'n vertrekpunt op enige studie uitoefen is onlosmaaklik deel van die resultate en rigting waarin die gegewe filosofiese studie ontwikkel.

As voorbeeld kan die gereformeerde wysbegeerte dien wat sy oorsprong vind in die Christelike Teïstiese God; of die rasionalisme wat sy oorsprong vind in die rede van die mens. Dieselfde toepassing kan gemaak word i.v.m. die naturalisme ens. Die onderskeid tussen verskeie filosofiese ideologieë word gevind vanuit die vertrekpunt waaruit elkeen vertrek. Dit vra egter van elke filosofie om gegewe die betrokke vertrekpunt genoegsaam die werklikheid (wat relasies en verbande insluit, te verduidelik. Die vermoë om volledig te kan verklaar (hetsy realiteit, oorsaak van en gevolge van realiteit ens.) het 'n direkte invloed op die geldigheid van die betrokke filosofie[23]. Geen wysgeer kan dus 'n neutrale plek inneem met die verrekening van hierdie vertrekpunt nie. Die gevolge van voorveronderstellings (vgl. hfst. 5) asook die ondersoek na voorveronderstellings self (vgl. hfst. 4) sal later in hierdie studie in meer besonderheid aan die orde kom.

Hierdie studie wil vervolgens fokus op die gereformeerde wysbegeerte wat die Christelike Teïstiese God as basis-voorveronderstelling (as 'n element van die vertrekpunt) handhaaf. Dit beteken dat die realiteit volledig deur hierdie vertrekpunt verklaar moet kan word (vgl. o.a. Hfst. 3, 4).

---

22 Die woord oorsprong in hierdie opsig word in 'n baie wye sin bedoel. Vir die Christen-gelowige is God die basis-Oorsprong van alles. Vir die nie-Christelike filosofieë is dit elders geleë. Vir oorsprong in hierdie konteks kan daar ook gepraat word van die vertrekpunt, soos ook verder aangetoon gaan word.

23 Hier kom na vore die gesprek rondom metafisika (realiteitsbeskouing) en epistemologie (kennis en prosesse daaromtrent). Dit het per implikasie ook invloed in die etiese vraagstukke (morele).

Hierdie Christelik-gereformeerde vertrekpunt grens hierdie studie dus af tot ŉ handjie-vol gereformeerde wysgere, waaronder Dooyeweerd, Bavinck, Vollenhoven en Stoker.

Om die onderskeid tussen gereformeerde wysgere aan te toon moet in besonder gekyk word na die denke van Stoker.

### 2.2.2.3 Gereformeerde Wysgerige Denke

Om die denke van Stoker te ondersoek, word eers gekyk na gereformeerde wysbegeerte in die algemeen, waarna die besondere bydra van Stoker in die omgewing uitgelig word.

As daar na die ontstaan van gereformeerde wysbegeerte gekyk word, is dit opvallend hoe relatief jonk die Gereformeerde Wysgerige denke as volwaardige vakwetenskap is. Van der Walt (2007:5) wil die wortels van die gereformeerde wysbegeerte so ver terugvind soos in die werke van die teoloog Johannes Calvyn (1509-1564), asook Aurelius Augustinus (354-430 n.C.) die kerkvader (vgl. Hengstmengel, 2011:11 vgl. ook die skematiese uiteensetting op bladsy 110).Nie Calvyn of Augustinus het egter gepoog om ŉ volwaardige Gereformeerde Wysbegeerte daar te stel nie. Alhoewel die invloed van hierdie denkers op die gereformeerde wysbegeerte nie onderskat kan word nie, wys Stoker (1933a:3)daarop dat die gereformeerde wysbegeerte in besonder as vakwetenskap, eers in die laat 1800 vroeë 1900 ontwikkel het. Van der Walt (2007:5) is hiermee eens en vind die oorsprong van wysbegeerte as vakwetenskap terug in besonder in die persone, werk en invloed van drs. Abraham Kuyper (1837-1920)[24] en Herman Bavinck (1854-1921).

Dr. Kuyper het met die stigting van die Vrye Universiteit te Amsterdam in 1880 die geleentheid en ruimte daar gestel dat die gereformeerde wysbegeerte naas die teologie ŉ regmatige wetenskaplike plek kon inneem[25]. Drs. Herman Bavinck (1854-1921), Herman Dooyeweerd (1894-1977) en Dirk Vollenhoven (1892-1978)[26] sou later belangrike eksponente word van hierdie einste Universiteit. Herman Bavinck het egter ten nouste met Kuyper saamgewerk in die strewe om die Christelike lewens- en wêreldbeskouing in Nederland uit te bou en te bevorder.

Hierdie denkklimaat wat onstaan het by die Vrye Universiteit is jare lank na verwys as die Amsterdamskool, waarvan Van Til en Stoker oorspronklik deel van gereken is (Frame &Coppes, 1972:3). In hierdie verband merk Frame egter tereg op dat gegewe die kritiek van Van Til

[24] Abraham Kuyper het die Vrye Universiteit, Amsterdam, Nederland gestig.

[25] Van der Walt 2007:5

[26] Vollenhoven asook Dooyeweerd het gedien as professore in Wysbegeerte, verbonde aan die Vrye Universiteit in Amsterdam, Nederland.

teenoor die werk van sekere eksponente van die Amsterdamskool, hy moeilik verder as ŉ eksponent van die Amsterdamskool beskou moet word. Frame[27] verwoord dit soos volg: "…Dr. Van Til is still listed as an editor of *Philosophiae Reformata,* and the 1968 printing of Dooyeweerd's *In The Twilight of Western Thought* (Nutley, Craig Press 1960) lists him as a member of the school (p. 197).As we shall see, however, Dr. Van Til has become increasingly critical of the movement in recent years; so critical, in fact, that it would be inaccurate to regard him now as a member of this school…".

Dit is belangrik om op te merk dat Van Til in besonder krities gestaan het teenoor die gereformeerde wysbegeerte van Dooyeweerd (vgl. Oliphint, 1987), maar nie daardie selfde kritiek gehuldig het teenoor die wysgerige denke van Stoker nie. In antwoord op die skrywe van Stoker aan Van Til verwelkom Van Til eerder sy wysgerige denke (Stoker, 1971). Dit plaas die wysgerige denke van Stoker in ŉ baie bevoorregte posisie. Die bedoeling van die studie om die wysgerige denke van Stoker en die voorveronderstellings-apologetiese denke van Van Til te verbind, is dus in navolging van die aansluiting wat Stoker en Van Til by mekaar gevind het.

Hoewel Van Til, en waarskynlik ook Stoker, hiervolgens nie as eksponente van die Amsterdamskool gereken kan word nie, is dit steeds belangrik om die ontstaan van die gereformeerde wysbegeerte en die daarmee samehangende apologetiese benadering, terug te vind in die visie van Kuyper en die verwesenliking daarvan in die Vrye Universiteit. Die invloed van hierdie skool op die denke van Stoker sowel as Van Til moet nooit ontken word nie. Hoewel Van Til en ook Stoker van eksponente van die Amsterdamskool verskil het, was hulle gereeld in gesprek en het hoë agting vir mekaar gehad (vgl. die gesprekke tussen Dooyeweerd en Van Til (vgl. Oliphint, 1987). Stoker het ook, soos reeds genoem, deel gevorm van die redaksie van *Philosophiae Reformata* – uitgegee deur die Amsterdamskool. Die kritiek van die eksponente teenoor mekaar, was nooit persoonlik nie, maar eerder gefokus op die denke van elk. Die kritiek was verder ook die resultaat van die verskil van benadering binne die gereformeerde wysgerige familie (anders gestel: die nuanse-verskille). Nie net het Dooyeweerd en Vollenhoven groot invloed uitgeoefen op die denke van Stoker en Van Til en hulle weer op Dooyeweerd en Vollenhoven nie, maar ook Kuyper en Bavinck se invloed word deur die ander erken. Van Til se *My Credo* (vgl. Van Til, 1980) en Stoker se *Wysbegeerte van die Skeppingsidee* (vgl. Stoker, 1933a) of sy *Die Nuwere Wysbegeerte aan die Vrije Universiteit* (vgl. Stoker, 1933b) is sprekende voorbeelde van die invloed van Kuyper en Bavinck. Van Til se denke rondom die openbaring, het sterk ooreenkomste met die denke van Bavinck. Verder

[27] Frame & Coppes 1972:3

ook die kosmiese dimensie van modaliteite en die leer daar rondom, het Stoker vanuit die denke van Dooyeweerd en Vollenhoven geleen. Van Til het met sy voorveronderstellings-apologetiese metode as't ware tussen Kuyper en Warfield gaan staan, alhoewel hy meer na Kuyper se kant toe oorleun (vgl. Anderson, 2008:5). Opsommend kan genoem word dat Stoker en Van Til veral by Bavinck sterk aansluiting gevind, terwyl Dooyeweerd en Vollenhoven op hulle beurt weer eerder aansluiting gevind het by die denke van Kuyper (Friesen, 2003)[28].

Dit is hierdie denkers wat as die "vaders" van die gereformeerde wysbegeerte en apologetiek beskou kan word. Verder is dit ook belangrik om te verstaan waar die beweging vandaan kom; dat daar hoofsaaklik onder die leiding van Kuyper werklik drastiese stappe geneem is in die daarstel van 'n gereformeerde wysbegeerte.

As daar dus na 'n ontstaanspunt gesoek word vir die gereformeerde wysgerige denke, moet die persoon, werk en invloed van Abraham Kuyper as vertrekpunt geneem word. Kuyper is in 1898 deur Princeton Universiteit genooi om 'n referaat te lewer. Hierdie lesings het een van sy belangrikste beginsels na vore gebring – 'n Beginsel wat hierdie studie ook as doel wil handhaaf en 'n beginsel wat 'n belangrike grondslag van die gereformeerde wysbegeerte gevorm het. Dit behels die strewe na die sigbaarmaking van die koningskap van Jesus Christus in elke faset van die lewe (Kuyper, 1931)[29]. Alhoewel hierdie beginsel eers jare na die stigting van die Vrye Universiteit deur Kuyper eksplisiet gestel is, was die realisering van die betrokke universiteit reeds die begin van die realisering van hierdie beginsel.

Stoker, sowel as die ander gereformeerd wysgerige denkers sou op hierdie beginsel voortbou om 'n holistiese sisteem uit te bou, in nakoming van die strewe na verwesenliking van hierdie beginsel. Hierdie beginsel sou ook op die denke van Van Til groot invloed hê, in die ontwikkeling van sy voorveronderstellings apologetiese metode. Bahnsen (1998:26) gee 'n aanhaling van Van Til wat dit duidelik maak: "Why am I so much interested in the foundations of Science? It is (a) because with Kuyper I believe that God requires of us that we claim every realm of being for him, and (b) because with Kuyper I believe that unless we press the crown rights of our King in every realm we shall not long retain them in any realm."

---

28 (Friesen, 2003) wil die gedagtestrukture van beide Kuyper en Dooyeweerd terugvind in die persoon en werke van ene Franz von Baader (1765 – 1841). Dit val egter buite die bestek van hierdie studie.

29 Kuyper het in hierdie "Lectures of Calvinism" eers in hoofstuk 1 Calvinisme as 'n lewensisteem bespreek en daarna toepassing gemaak o.a. op die geloof (Lesing 2) op die politiek (Lesing 3) op die wetenskap (Lesing 4) op die kuns (Lesing 5). Kuyper sluit af met Calvinisme en die toekoms (Lesing 6).

Dit is belangrik as daar na die verskille tussen gereformeerde wysgere gekyk word om te onthou dat dit eintlik net klein nuanse verskille is. Die denke van die betrokke gereformeerde wysgere is eerder soos ŉ tapyt wat in mekaar geweef is, waar die kleure met mekaar saamvloei. Hierdie groter beeld kan slegs betekenis hê en sinvol as ŉ geheelbeeld deurgegee word as die ooreenkomste tussen die kleure (anders gestel: die denke van die denkers) in die tapyt ondersoek word.

Stoker het sy wysbegeerte, in navolging van Bavinck: die *Wysbegeerte van die Openbaringsidee* en Dooyeweerd/Vollenhoven: die *Wysbegeerte van die Wetsidee*, die *Wysbegeerte van die Skeppingsidee* genoem. Stoker (1933a:36-37) vind die ooreenkomste terug in ŉ aantal voorveronderstellings wat hierdie gereformeerde stelsels met mekaar deel::

- Die eerste van hierdie algemene ooreenkomste is geleë daarin dat elkeen ŉ gemeenskaplike lewens- en wêreldbeskouing handhaaf. Daardie lewens- en wêreldbeskouing behels dat die Christelike God die kosmos geskep, in stand hou en regeer. Stoker[30] verwoord dit soos volg: "…hul gemeenskaplike (voorwetenskaplike) lewens- en wêreldbeskouing waarin hierdie Wysbegeerte histories en prinsipieel sy oorsprong vind". Van Til handhaaf ook die Christelike lewens- en wêreldbeskouing as die enigste wêreldbeskouing waaruit en waarteen alle realiteit verklaar kan en moet word (vgl. Bahnsen, 1998:6)[31].

- Die tweede van hierdie algemene ooreenkomste vind Stoker in die feit dat hierdie wysgere ook die Woord van God getrou handhaaf. Stoker (1933a:36-37) verwoord dit soos volg: "…die fundamentele waarhede van die Woord van God aangaande Homself en sy verhouding tot alle dinge van prinsipiële en fundamentele betekenis is vir die verstaan van die veld van wysgerige ondersoek…". Ook hierin is die apologetiese metode van Van Til in ooreenstemming. Die Woord van God (die Bybel) staan sentraal in die apologetiek van Van Til, soos Bahnsen (1998:43) aantoon met die volgende aanhaling[32]: "Theology **applies the Word of God.** So does evangelism. So does Christian philosophy. So **does apologetics**…It ought to be clear, then, that these different tasks at least share a **common commitment to the authority of God as revealed in His word**. When believers attempt to find answers to the questions of philosophy, they should attempt to do so in a manner that is

---

30 Stoker 1933a:36-37

31 Dr. Greg L. Bahnsen was student van Van Til. Bahnsen kan saammet dr. Johan M. Frame as van die bekendste navolgers van die voorveronderstellings-apologetiek beskou word.

32 Eie beklemtoning

true to, and aims to draw conclusions in harmony with, their Christian commitment – or else they are acting (and using their reasoning ability) like unbelievers, rather than believers.”. Let op Bahnsen se sterk klem op die feit dat ook filosowe in hulle wysgerige ondersoek soos gelowiges moet optree en nie soos ongelowiges nie. Dit is alleen moontlik as die Woord van God erken en eerbiedig word.

- Die laaste van hierdie ooreenkomste vind Stoker in die veld van ondersoek. Al hierdie wysgere sien die taak van wysbegeerte in die ondersoek na die elemente van die kosmos, die verhouding waarin dit tot mekaar staan, asook die ooreenkomste en verskille daarin vervat. Stoker (1933a:36-37) verwoord dit soos volg: “…die gemeenskaplike veld van wysgerige ondersoek, nl. die kosmos as totaliteit en saamhangende radikale verskeidenheid.”. As apologeet en dus teoloog is dit op hierdie punt waar die veld van ondersoek verskil met die van die wysbegeerte. Hierdie laaste ooreenkoms is dus ŉ punt waar wysbegeerte en teologie uitmekaar gaan. Van Til bevestig dat die ondersoek na die kosmos, met die handhawing van Christelike Teïsme as Oorsprong, onder die arbeid van die wysgeer en nie die teoloog val nie (vgl. Stoker, 1971:73).

Hierdie vergelyking in ooreenkomste is bedoel om die agtergrond van die wysgerige nuanse-verskille te skets en is geensins bedoel om ŉ intensiewe vergelyking te wees nie[33]. Om die verskille tussen gereformeerd wysgerige denke te verstaan moet die vraag na die Archimedespunt reg verstaan en in meer besonderheid uiteengesit word.

Die antieke Griekse wiskundige Archimedes het die teorie in verband met die werking van die hefboom soos volg verduidelik: “δῶς μοι πᾶ στῶ καὶ τὰν γᾶν κινάσω” (Paipetis and Ceccarelli, 2010; Spier, 1950) vrylik vertaald deur Stoker (1933b:20-26) soos volg: “…gee my ŉ staanplek buite die aarde en ek sal die aarde beweeg.”[34]. Hierdie stelling het die soeke na punt waarvandaan die kosmos in sy geheel beskou kan word tot gevolg gehad. Hierdie soeke na daardie staanplek buite die skepping, kan die Archimedespuntvraagstuk genoem word. Stoker (1935:18) verstaan saam met Vollenhoven en Dooyeweerd die Archimedespunt-vraagstuk soos volg[35]:

> *“The basic principle of their philosophy Professore Vollenhoven and Dooyeweerd term the (philosophical)* ***principle of Archémedes****. It has the* ***function of definitely distinguishing between God and cosmic reality****. Whatever is God*

---

[33] Vgl. o.a. (Wolters, 1983) vir ‘n meer omvattende vergelyking.
[34] Vgl. (Schulze, 1994) vir ‘n meer in diepte bespreking.
[35] Eie beklemtoning

> *is not creation, and whatever the created cosmos may be, it is not God. This principle draws a very distinct boundary line between God and created reality. Every confusion of God and of the cosmos (so abundant in modern and almost in all philosophy) is thus excluded…"*

Hieruit is dus duidelik dat die Archimedespuntvraagstuk die funksie het om 'n moontlike staanplek te vind waarvandaan die kosmos in sy geheel oorsien kan word. Die gevolge van hierdie keuse kom na vore die volgende verduideliking van Stoker (n.d.(a):15)[36]:

> *"**Om te weet, wat die kosmos is, om sy eenheid en diepste sin te begryp, moet 'n mens die kosmos as 'n geheel kan oorsien**. Geen staanplek binne-in die kosmos kan dit bied nie…Nes Archimedes op astronomiese gebied gesê het: Gee my 'n plek buite die kosmos om vas te trap, en ek sal die kosmos (hy bedoel: wêreld) beweeg. **So is ons ook 'n staanplek buite die kosmos, van waaruit ons die hele kosmos kan oorsien en as eenheid kan saamvat.** Hierdie staanplek noem ons ons wysgerige archimedespunt.". Ook vanuit hierdie aanhaling kom daar 'n aantal vereistes waaraan die antwoord op die Archimedespuntvraagstuk moet voldoen (dit sal binne 'n oomblik aan die orde kom).*

Dooyeweerd (1935:10) weer op sy beurt beskryf die Archimedespunt as die "…vaste punt, van waaruit wij, wijsgeerig denkend, ons die idee der zin-totaliteit alleen kunnen vormen…". Van Riessenn (1963:24) (student en navolger van Dooyeweerd) verwoord die standpunt van Dooyeweerd in meer besonderheid[37] soos volg:

> *"De mens moet om te filosofeer blinkblaar een Archimedisch punt' kunnen innemen. Het moet een laatste en volkomen **betrouwbaar steunpunt voor hem zijn, waar hij afstand van de werkelijkheid kan nemen en haar kan beschouwen**; waar hij de eindeloze verscheidenheid en de voortdurende verandering der werkelijkheid te boven kan komen en haar omvattende zin in het oog krijgt; waar hij inzicht kan krijgen in haar structuur en orde, **zodat hij deze als de algemeen geldende waarheid betreffende de werkelijkheid kan formuleren**." (verder vgl. ook Spier, 1950:25).*

Hier is hieruit duidelik dat Dooyeweerd en Stoker met mekaar ooreenstem alhoewel elkeen sy eie terme gebruik om dit te beskryf. Dooyeweerd gebruik die term "vaste punt" (vgl. Dooyeweerd, 1935:10), terwyl Stoker 'n verskeidenheid van terme gebruik (vgl. Stoker, 1933b:4-6). Albei is egter eens oor die betekenis en konsekwensies van so 'n archimedespunt.

---

36 Eie beklemtoning. Hierdie vorm deel van ongepubliseerde klasaantekeninge van Prof. dr. H.G. Stoker aan sy studente. Dis beskikbaar op CD-Rom van die VCHO-uitgewers.

37 Eie beklemtoning

Soos reeds genoem in die funksie van die Archimedespuntvraagstuk self, lê daar dus sekere vereistes in opgesluit om as volwaardige Archimedespunt te kan dien. Hier sal kortliks vier sulke vereistes genoem word:

- Die eerste van hierdie vereistes is geleë in die beantwoording van die Archimedespuntvraagstuk sonder dat enige van die skeppingselemente verabsoluteer (anders gestel: verhoog) word. Die antwoord kan nooit gedeeltes van die relasies of verskeidenheid in die kosmos ten koste van ander relasies of verskeidenheid ophef nie (vgl. Stoker, n.d.(a):15-16). Spier (1950:25) verduidelik dit illustratief soos volg: "Wie een overzict wil hebben over een landschap, moet een toren klimmen…". Van al die vereistes waaraan hierdie antwoord moet voldoen is hierdie een van die belangrikste vereistes. Die vertrekpunt wat deur hierdie antwoord ingeneem word, sal ʼn direkte invloed uitoefen op die resultaat, geldigheid en selfs moontlikheid van verdere filosofiese ondersoek.

- Die tweede belangrike vereiste van hierdie antwoord op die Archimedespuntvraagstuk is dat dit gevind moet word. Stoker (1933b:4-5)wys tereg daarop dat indien hierdie Archimedespunt nie gevind, korrek aangedui en gebruik word nie, sal wysbegeerte as wetenskap verdwaal in die relasies, eenheid en verskeidenheid van die kosmos. Dit blyk duidelik uit die onvermoë van sommige ander filosofieë buite die gereformeerde wysbegeerte. Voorbeelde hiervan is legio en sluit o.a. in: die rasionalisme (rede verabsoluteer), materialisme (materie verabsoluteer), die empirisme (sintuiglike waarneming verabsoluteer), die subjektivisme (eie persoonlike ervaring verabsoluteer) ens. (vgl. ook Spier, 1950:25).

- Die derde vereiste waaraan so ʼn antwoord moet voldoen is geleë in die vereiste dat elemente nie verabsoluteer moet word nie, en hierdie sleutel dus buite die skepping gevind moet word. Stoker (1933a:4,6) wys daarop dat "…hierdie sleutel/staanplek/oriënteringspunt ook transkosmies of eksternkosmies (buite die kosmos) moet wees, terwyl dit ook nie God Self of deel van God kan wees nie."

- Die laaste vereiste om as suksesvolle antwoord te kan dien op hierdie vraagstuk beskryf Spier (1950:25-26) dat die "uitgangspunt niet los van onszelf mag zijn, niet los van hem, die wijsgerig bezig is. Want het moet het uitgangspunt zijn van de wijsbegeerte, waarin wijzelf actief bezig zijn…Doch aan de andere kant moet het Archimedisch-punt de verscheidenheden, die er in de kosmos zijn, te boven gaan, die verscheidenheden transcenderen…". Hierdeur mag die sleutel nie los van die self verstaan word nie, maar

moet dit ook transkosmies wees. Dit klink soos 'n onbegonne taak. Tog sal weldra aangedui word hoe dit moontlik is.

Die verskille in gereformeerde wysgerige denke kom na vore in die antwoord op die Archimedespuntvraagstuk. Daar word vervolgens gekyk na die antwoord wat elkeen van hierdie eksponente gevind het op hierdie Archimedespuntvraagstuk.

Bavinck vind die sleutel tot die verstaan van die Archimedespunt-vraagstuk in die idee van die openbaring, met God as Openbaarder en die skepping as geopenbaarde werklikheid (vgl. Bavinck, 1967, 1908:1-22). Hierdeur is Bavinck konsekwent aan die vereistes wat hierbo gestel is. Met openbaring word geen deel van die skepping verabsoluteer nie. Bavinck dui die sleutel aan. Verder vind hy hierdie sleutel transkosmies. Laastens verstaan hy openbaring nie los van die eksistensie van die mens nie. Daar moet iemand wees waaraan geopenbaar word. Bavinck bou dan ook vanuit hierdie vertrekpunt en basisgrondslag sy wysbegeerte van die Openbaringsidee verder uit (vgl. hoofsaaklik Bavinck 1908:1-22).

Dooyeweerd op sy beurt vind die antwoord tot hierdie Archimedespuntvraagstuk in die hart of sentrum van die mens. Volgens Spier (1950:25) is die "…Archimedisch-punt…slechts te vinden in het *hart* of de ziel van de mens. Uit het hart – zegt de Schrift – zijn de uitgangen des levens, bewaak daarom uw hart boven alles wat te bewaren is. Het hart is concentratiepunt, de religieuze wortel van heel ons menselijk bestaan…In het hart wordt ook de verhouding tot God bepaald. De wedergeboorte is de vernieuwing van het hart door de Heilige Geest, de band aan Jezus Christus legt, die het hart omzet uit die afvallige richting in de richting op die Here."[38]. Ook Dooyeweerd voldoen aan die vereistes hierbo gestel. Geen gedeelte van die skepping word verabsoluteer as die antwoord op die archimedespunt gevind word in die hart van die mens nie. Dooyeweerd bedoel nie hier die orgaan van die hart nie, maar eerder die sentrum van die mens. Dit bring egter meer indringende vrae na vore: Wat behels hierdie sentrum? Wat is hierdie sentrum presies? Is hierdie sentrum transkosmies? Hierdie vrae is belangrike vrae maar val buite die bestek van hierdie studie. Vanuit hierdie Archimedespunt bou Dooyeweerd dan sy wysbegeerte van die wetsidee verder uit[39].

---

[38] Vir kritiek van Stoker oor die Archimedespunt van Dooyeweerd (vgl. Raath, 1994b:12-20). Ook Dooyeweerd, Koch en Malan het kritiek teen Stoker uitgespreek (vgl. Van der Walt, 2013:12). Van der Walt verreken egter hierdie kritiek voldoende. Hierdie studie wil nie 'n ontleding doen na die kritiek nie. Hierdie studie wil wel aantoon dat daar nuanse-verskille bestaan tussen gereformeerde wysgerige denke.

[39] Spier 1950:38-39. Verder moet opgemerk word dat sowel Stoker as Dooyeweerd die antwoord tot die archimedespuntvraagstuk voor-wetenskaplik vind. Die vraag kan nie wetenskaplik ondersoek of

Stoker op sy beurt vind die antwoord tot hierdie Archimedespuntvraagstuk in die soeke na ŉ transendentale openbaring, wat slegs kan kom van ŉ transendentale God. Die transendentale openbaring vind Stoker in die "Die Verbum Dei" of Woorde van God. Stoker (n.d.(a):15) verduidelik dit soos volg[40]: "Hierdie staanplek is nie in God self geleë nie, want dan sou wysbegeerte teologie word. Hierdie staanplek moet geleë wees in die verhouding van God, wat aan die kosmos transendent is, tot die kosmos. Vir hierdie staanplek is ons aangewys op ŉ bonatuurlike openbaring van God, want hoe anders sou ons dit kan ontdek? Hierdie openbaring is o.i. in die Heilige Skrif gegee. Die Heilige Skrif gee daardie eerste beginsel, van waaruit ons die kosmos as geheel kan oorsien en in sy diepste sin kan verstaan.". Die woorde van God wat die duidelike antwoord bring op die Archimedespuntvraagstuk is die woorde van Gen. 1:1 "In die begin het God die hemel en die aarde gemaak…"[41]. Bogenoemde word saamgevat deur die volgende aanhaling van Stoker (1935:20)[42]:

> *"Likewise* ***the ultimate meaning, significance and unity of cosmic reality can never be understood from a mere human viewpoint****, i.e. as long as man (as a part of it) views it "from the inside", from a cosmically immanent standpoint. The whole is more than the sum of its parts – (this truth enjoys a widespread acknowledgement today) – and the whole cannot be understood from the viewpoint of one or of more of its parts. When, however, the whole is grasped* ***from a transcendent point of view, the ultimate meaning of every part is revealed at the same time. To understand the cosmic universe as a unique whole as well as in its parts there must be a transcendent source of knowledge supplying the necessary transcendent point of view – the necessary (philosophical) point of Archimedes. Such a transcendent revelation can only be given by a transcendent Personality – by God. The Calvinist maintains that this necessary condition is fulfilled by the Bible****, the genuine Verbum Dei.".*

Vanuit hierdie Archimedespunt bou Stoker dan sy wysbegeerte van die Skeppingsidee verder uit. Stoker neem egter steeds die bydrae van die *Wysbegeerte van die Openbaringsidee* en die *Wysbegeerte van die Wetsidee* met voorbehoud in ag (vgl. Van der Walt, 2013:9,11).

Samevattend verduidelik Stoker[43] die verhouding tussen God en skepping soos volg:

---

beantwoord word nie. Indien die vraag wetenskaplik beantwoord sou word, sou die wetenskaplike rigting, hetsy filosofie of teologie ens. 'n invloed uitgeoefen het op die antwoord. Die ander rede om hierdie vraag voor-wetenskaplik te beantwoord is geleë in die feit dat die archimedespunt die vertrekpunt beskryf en vertrekpunte vakwetenskappe voorafgaan.

40 Eie beklemtoning

41 Vgl. in besonder die aanmerkings van Schulze hieromtrent (Schulze, 1994)

42 Eie beklemtoning

43 Stoker 1935:20

> *"Die skeppingsidee gee aan die skepping sy diepste sin, nl. dat dit 'n onselfgenoegsame totaliteit is, wat deur God geskape is. Dit is die diepste sin van die kosmos, dit is die saamvatting van, die oorsig oor die kosmiese verskynsels, dit is sy eenheid, nl. dat dit 'n skepping Gods is. Dit is die grootmeestersleutel waarmee ons die kosmos verstaan en verklaar, dit is die absolute staanplek, vanwaar ons uitgaan: die kosmos is 'n skepping van God. Hiermee onderskei ons God en kosmos as Skepper en skepping, en beperk ons die taak van die wysbegeerte tot die ondersoek van dit wat geskape is. Met hierdie sleutel voorkom ons die fout om enigiets binne die kosmos (materie, lewe, rede, mens, ens.) as selfgenoegsaam en as absoluut op te vat, en verval ons dus nie in al die "isme"- standpunte van die immanensiefilosofie nie."*

Stoker verryk die betekenis van sy wysbegeerte deur die Archimedespunt te beskryf as 'n "van bo af" benadering, terwyl sy kosmiese dimensies 'n "van onder af" benadering beskryf[44]. Daarmee laat Stoker ruimte vir die benadering van Dooyeweerd, maar toon ook die tekortkominge van Dooyeweerd aan. Laastens beskryf Stoker[45] dit soos volg: "Van onder af", vanuit die middelpunt van ons ervaringe, waarneminge, worstelinge, ens. val dit direk op dat daar baie verskynsels, baie dinge, baie gebeurtenisse is: stof, plante, bome, diere, voëls, visse, mense, getalle, ruimte, sedelikheid, skoonheid, kultuurobjekte, ontwikkeling, dood, ens., ens… Uitgaande van hierdie veelheid en verskeidenheid moet ons 'n metode van rangskikking en klassifikasie vind, wat hierdie veelheid en verskeidenheid oorsigtelik maak." Dit is hierdie soeke na metode van "rangskikking en klassifikasie" wat Stoker verder uitbou in sy *Wysbegeerte van die Skeppingsidee*.

Die immanensie-filosofie se vertrekpunt word gevind in immanente (intern-kosmos) elemente, a.g.v. die ontkenning van openbaring. Die mens is outonoom op homself aangewese. Dit lei tot 'n verabsolutering van 'n skeppingselement, hetsy rede, materie, ervaring, waarneming of wat ook al. Die verabsolutering van skeppingselemente het op sy beurt 'n -isme tot gevolg: materialisme, rasionalisme en dies meer. Om die gevolg te illustreer kan die voorbeeld van materialisme uitgelig word. Met materialisme word materie as die sleutel tot die verstaan van die skepping verhef ten koste van ander skeppingselemente soos rede of ervaring of selfs openbaring. Materialisme is egter gebrekkig om die totale realiteit genoegsaam na behore te verduidelik. Dit skep verder 'n inkonsekwentheid wat op sy beurt lei tot spanning by die materialis. Dit vra van die materialis tot self-kritiese en selfs hervorming van denke.

Die belangrikheid van vertrekpunte en in meer besonderheid voorveronderstellings kom hiermee duidelik na vore.

---

[44] Stoker 1935:20

[45] Stoker 1935:20

Die onderskeid tussen die gebruik van die wysbegeerte van die Openbaringsidee, Wetsidee, of Skeppingsidee is van minder belang as dit apologeties teenoor die immanente-filosofiese denke gebruik word. Wat van belang is, is egter eerder die feit dat die eenderskennende wysgeer, asook die eenderskennende apologeet toegerus word vir die taak van verdediging van die Christelike geloof. Dit is hierdie apologeties-gefokusde doelwit, wat hierdie studie wil bevorder.

Hierdie studie fokus op die voorveronderstellings van die gereformeerde denke van Stoker en Van Til. Die rede vir hierdie keuse is geleë in die feit dat die voorstel wat ondersoek word, die van Stoker self aan Van Til was[46], asook dat Van Til positief gereageer het op die voorstel van Stoker.

Wysbegeerte in die algemeen en ook in die meer spesifieke gereformeerde wysgerige sirkels is bespreek. Die agtergrond waarteen die denke van Stoker verstaan moet word, is ook bespreek. Dit is teen hierdie agtergrondwaarteen die verdere ondersoek na die voorstel van verbinding (vgl. hfst. 3), asook die voorveronderstellings ondersoek (vgl. hfst. 4) verstaan moet word. Voordat die bespreking in hoofstuk 3 en 4 egter verder geneem word, moet daar eers ŉ agtergrondstudie gedoen word na die persoon en denke van Cornelius van Til.

## 2.3 Cornelius Van Til (1895-1987)

### 2.3.1 Lewenskets

Op Vrydag, 3 Mei in 1895 te Grootegast in Nederland is een van die invloedrykste gereformeerde denkers van die twintigste eeu gebore (Bahnsen, 1998:7). Vir die eerste 10 jaar van sy lewe het hy in Grootegast opgegroei. Sy ouers het in 1905 besluit om Nederland te verlaat en na Amerika te emigreer. In Amerika vestig hulle in Highland, Indiana[47].

Van Til, wat deel van 'n groot gesin van agt kinders was, was die enigste lid van die gesin wat verder gaan studeer het (Edgar and Oliphint, 2011:453). Hy begin sy studies in 1914 aan die Calvin Preparatory School[48]. Vanaf 1921 studeer Van Til aan Calvin Theological Seminarium. Met sy aankoms by Calvin Theological Seminarium het Van Til alreeds met die werke van Bavinck en Kuyper kennis gemaak (Bahnsen, 1998:8). Aan Calvin Theological Seminarium studeer hy sistematiese teologie onder die befaamde teoloog Dr. Louis Berkhof en filosofie

46 Ten opsigte van wysgerige - en teologiese apologetiek onder andere.
47 Bahnsen 1998:8
48 Edgar & Oliphint:453

onder Dr. WH Jellema[49]. Die werke van Kuyper en Bavinck, tesame met die teologiese invloed van Berkhof asook filosofiese invloed van Jellema het o.a. ŉ belangrike invloed op die denke van Van Til uitgeoefen. Met sy apologetiek sou Van Til voortbou op die basis wat geleë is deur o.a. hierdie denkers. Van Til besluit om in 1922 sy studies voort te sit aan Princeton Theological Seminarium (Bahnsen, 1998:8; Edgar and Oliphint, 2011:453). Ook by Princeton soos by Calvin het Van Til onder invloed gekom van sterk, gereformeerde teoloë (op daardie stadium nog die "Old Princeton") o.a. Hodge, Robert Dick Wilson, William Park Armstrong en Oswald T.Allis. Van Til se groot mentors en later ook nabye vriende was egter Geerhardus Vos en J. Gresham Machen. Aan Princeton publiseer Van Til sy eerste werk, getiteld: *"On evil and theodicy"* en ook in 1924, getiteld: *"On the will and its theological relations"*. In 1925 ken Princeton aan Van Til 'n meestersgraad in Teologie toe (Bahnsen, 1998:9). Dieselfde jaar is Van Til met Rena Klooster in die eg verbind. Van Til volg sy meestersgraad in teologie op met ŉ doktorale proefskrif: *"God and the Absolute"* wat hy in 1927 voltooi[50].

Van Til word deur Princeton aangestel om apologetiek te doseer[51]. Vanaf 1928 volg daar egter baie onstuimige jare aan die Teologiese-departemente by Princeton. Princeton was op daardie stadium besig om al meer 'n liberale rigting in die teologie in te slaan[52](Edgar and Oliphint, 2011; Geisler, 2012:452). Dit is hierdie liberale skuif o.a. wat gemaak het dat Machen Princeton seminarium verlaat het, om in 1929 Westminster Theological Seminarium te stig. Machen wat reeds aan Princeton met Van Til kennis gemaak het, nader dan ook vir Van Til om apologetiek te doseer aan hierdie nuutgestigte seminarium, wat Van Til ook opvolg. Van Til soos Stoker sou dus betrokke wees by die opbou van nuwe gereformeerde instellings. Van Til het die volgende 40 jaar getroue diens gelewer aan hierdie teologiese seminarium (Bahnsen, 1998:10-11). Dit is dan ook in hierdie jare, verbonde aan Westminster, dat Van Til begin om ŉ nuwe apologetiese metode te ontwikkel. Dit is hierdie apologetiese metode, later bekend as die *"presuppositionalism"* (Voorveronderstellings-apologetiek)[53], wat die fokus vorm van hierdie studie.

Van Til het nie bloot op bestaande apologetiese metodes voortgebou nie, maar ŉ nuwe eie gereformeerde apologetiese metode daar gestel soos onder andere blyk uit sy *Christian*

---

49 Bahnsen 1998:8
50 Bahnsen 1998:8
51 Bahnsen 1998:10
52 Geisler 2012:45 onder die definisie "Princeton School of Apologetics", beskryf hierdie skuif wat plaasgevind het in Princeton as 'n "modernist direction in theology". Dit het tot die latere algemene onderskeid gelei van die "old" Princeton (Histories- Gereformeerde tradisie) en die "new" Princeton (Liberaal-Moderne tradisie).
53 Bahnsen 1998:451

*Apologetics* (Van Til 2003), asook sy *Defense of the faith* (Van Til, 2008). In hierdie opsig is dit 'n raak beskrywing van Edgar[54] (Van Til, 2003:3) om Van Til as "oorspronklik" te beskryf.

Van Til se gedagtes het soos hierbo aangetoon nie in 'n lugleegte onstaan nie en alhoewel deur baie ander beïnvloed, het Van Til steeds uniek en "oorspronklik" gebly deur eerstens getrou te bly aan die historiese gereformeerde tradisie en tweedens apologeties radikaal anders en nuut te dink. Van Til in sy "*Christian theory of knowledge*" verduidelik dit soos volg:

> *"The greater part of what is presented here is due to the fact that the writer stands on the shoulders of the great Reformed thinkers mentioned above. He is merely gathering together the thoughts found over a widely diversified body of their writings in order to present briefly that which basically they have taught. The present book is no more than an effort to stimulate thinking along the lines of consistent Christian approach to modern thought." (Bahnsen, 1998:25)*

Met die ontwikkeling van die voorveronderstellings-apologetiese metode het Van Til homself gevestig as een van die vooraanstaande teologiese denkers van die 20ste eeu.

Op 17 April 1987 sterf Cornelius Van Til (Edgar & Oliphint 2011:453), as 'n man wat naby God geleef het en wat Sy Woord onverskrokke verdedig het. As eerbetoon beskryf K. Scott Oliphint en Richard B. Gaffin jr. (lede van die Van Til Committee) die impak van Van Til soos volg:

> *"Van Til, we believe, was a remarkable gift to the church. His thought continues to have unprecedented value for strengthening the church in its commitment to the whole counsel of God and for advancing its mission in the world."(Bahnsen, 1998:xvi)*


Die lewenskets van Van Til toon die persoonlike agtergrond waarteen die werke van Van Til verstaan moet word. Soos in die geval van Stoker word vervolgens eers na apologetiek in die algemeen gekyk en daarna die apologetiese denke van Van Til onder die soeklig geplaas.

### 2.3.2 Plek van Apologetiek

#### 2.3.2.1 Inleiding tot Apologetiek

Die volgende grafiese uiteensetting kan dien tot die verstaan van die denke van Van Til in die breë akademiese omgewing:

[54] Huidiglik (2013) as professor verbonde aan Westminster Theological Seminary.




**Figuur 2-2: Illustrasie 1 – Plek van Van Til se Apologetiese Denke**

Apologetiek as teologiese wetenskapword gewoonlik ensiklopedies onder die dogmatologiese vakgroep of onder die missiologiese vakgroep ingedeel (vgl. Van Til, 2003:20-23). Die bespreking van die ensiklopediese indeling van apologetiek bring interessante verskille van mening na vore, waaronder die volgende. Die missionêre fokus van apologetiek kom na vore as daar gekyk word na die definisie en taak van apologetiek. As daar egter gevra word na wat verdedig moet word, kom die sistematies-teologiese fokus weer na vore. As die definisie van apologetiek in ŉ wye sin verstaan word as verdediging van die Christelike Waarheid kan dit ook as ŉ eie vakrigting funksioneer. Dit kan ook net as ŉ hulpvak gesien word wat verdediging gee aan enige van die teologiese dissiplines, hetsy hermeneutiek, dogmatiek, dogma-geskiedenis, kerkreg ens.

Die outeur is van mening dat daar in die toekoms beweeg moet word na ŉ meer holistiese teologiese oorsig, i.p.v. ŉ te-direkte skerp-afgesonderde vakkundige onderskeid. Dit sal nie net die veld van teologiese ondersoek verbreed nie, maar ook die invloed van apologetiek uitbrei. ŉ Holistiese benadering sal die vakkundige onderskeid in Teologie saambind tot ŉ belangrike eenheid. Die moontlikheid van ŉ holistiese benadering is egter slegs moontlik as die

apologetiese vertrekpunte van die verskeie vakke ooreenstem. Dit sal logies gesproke ŉ verbinding tussen die liberaal en ook dialektiese teologiese invloed onmoontlik maak. Dit sal wel nuwe aksente tussen vakwetenskappe lê binne die gereformeerd-teologiese besinning. Hierdie holistiese benadering is egter ook binne verskeie gereformeerd gerigte wetenskappe moontlik, soos tussen die gereformeerde wysbegeerte en die gereformeerde teologie, sonder dat die teologie of die wysbegeerte in mekaar opgaan. Die fokus op vertrekpunte (met Christelik-gereformeerde voorveronderstellings) maak hierdie holistiese benadering moontlik. Bogenoemde word in hierdie studie geïllustreer deur die verhouding van teologie tot wysbegeerte en die oorgrensende samewerking daartussen.

### 2.3.2.2 Apologetiek in die Algemeen

Apologetiek as teologiese vak, word deur Geisler (2012:24) soos volg gedefinieer[55]: "Apologetics is die discipline that deals with **a rational defense of Christian faith**. It comes from the Greek word *apologia*, which means to give a reason or defense.". Die bekende apologeet William Lane Craig (2010:13) brei hierdie definisie verder uit[56]: "Rather apologetics comes from the Greek word apologia, which means a defense, as in a court of law. **Christian apologetics involves making a case for the truth of the Christian faith.**". Die bogenoemde definisies is egter vanuit die Woord van God geformuleer. As voorbeeld hiervan gee 1 Petrus 3:15-16 die taak, doel en funksie soos volg weer[57]:"**15** Maar heilig die Here God in julle harte **en wees altyd bereid om verantwoording te doen** aan elkeen wat van julle rekenskap eis **omtrent die hoop wat in julle** is, met sagmoedigheid en vrees;**16** met behoud van ŉ goeie gewete, sodat in die saak waarin hulle van julle kwaad spreek soos van kwaaddoeners, húlle beskaam mag word wat julle goeie lewenswandel in Christus belaster".

- Die doel van apologetiek is dan om "…die Here God in julle harte…" te heilig. Hierdie doel van apologetiek kan nooit los verstaan word van die taak en funksie van apologetiek nie. Indien dit sou gebeur sou apologetiek niks meer as doellose stryery word, waarteen die Bybel uitdruklik waarsku.1 Tim 6:3-5 waarsku ten sterkste hierteen[58]:"**3** As iemand **iets anders leer en nie instem met die gesonde woorde van onse Here Jesus Christus** en met die leer wat volgens die godsaligheid is nie,**4** dié is verwaand en verstaan niks nie, maar het ŉ sieklike sug na **twisvrae en woordestryd** waaruit ontstaan afguns, twis,

[55] Eie beklemtoning
[56] Eie beklemtoning
[57] Eie beklemtoning
[58] Eie beklemtoning

lasteringe, bose agterdog,**5 nuttelose stryery** van mense wat verdorwe in hulle verstand en van die waarheid beroof is en dink dat die godsaligheid winsgewend is. Onttrek jou aan sulke mense."

- Die taak van apologetiek word gevind in die verantwoording doen van die hoop en vrede wat in gelowiges leef. Soos hierbo aangehaal verduidelik 1 Petrus 3:15:"…om verantwoording te doen aan elkeen wat…rekenskap eis omtrent die hoop…in julle…" (vgl. Bahnsen, 1998:1; Lane Craig, 2010:13). Hier is egter ook 'n verdere vereiste en dit is dat "verantwoording" gegee moet word, maar "met sagmoedigheid".

- Om die funksie van apologetiek te beskryf kan die volgende vraag gestel word: Waarom moet die eenderskennende verantwoording doen van die hoop in hulle, in heiliging aan God?

- Saam met die doel en die taak van apologetiek kom ook die funksie van apologetiek na vore. Die funksie van apologetiek word gevind in die laaste opdrag van Jesus Christus aan sy dissipels (vgl. Matt 28:16-20).moet ook die funksie van apologetiek verstaan word. In Mattheus 28:16-20 gee Christus Jesus aan sy dissipels 'n laaste opdrag voor sy hemelvaart: "Gaan dan heen maak dissipels van al die nasies…". Die opdrag om dissipels te maak verduidelik Hendrikson (1973:999-1000)eksegeties soos volg[59]: "The term "make disciples" places somewhat more stress on the fact that **the mind, as well as the heart and the will, must be won for God**. A disciple is *a pupil, a learner*…". Hy verduidelik verder[60]: "True *discipleship* implies much more. Mere mental understanding does not as yet make one a disciple. It is part of the picture, in fact an important part, but only a part. The **truth learned must be practiced**. It mut be **appropriated by heart, mind and will**, so that one *reamins* or *abides* in the truth. Only then is one truly Christ's "disciple" (John 8:31).".

Dit impliseer dat apologetiek nie los van die opdrag om dissipels te maak verstaan kan word nie. Dit beantwoord die vraag, soos hierbo gestel. Die funksie van apologetiek beantwoord waarom eenderskennendes verantwoording moet doen van die hoop in hulle.

Dit impliseer verder dat apologetiek baie moeilik los van die plaaslike kerk gesien kan word. Die gevolglike vraag is: as ongelowiges tot bekering kom en selfs dissipels word van Jesus Christus waar sal hulle dan verdere gemeenskap met ander gelowiges kan ervaar? Waar sal hulle God

59 Eie beklemtoning
60 Eie beklemtoning

aanbid op die dag wat die Here gegee het? Apologetiek (en ook in hierdie verband die wysgerige denke van Stoker) vorm deel van die toerusting vir eenderskennendes om dissipels te maak. Ook hierdie studie as apologeties-gefokusde studie het die doel om aan eenderskennendes toerusting vir die verdediging van die Christelike geloof, maar ook die persoonlike bevestiging van hierdie geloof asook geloofsgroei, te gee. Die verbinding tussen die apologetiese metode van Van Til en die wysbegeerte van Stoker kan dienend hierop inwerk. Die doel van die wysgerige denke van Stoker is om die heerskappy van Christus sigbaar te maak in elke faset van die lewe (kyk 2.2.2.). Hierdie werklik-maak van die heerskappy van Jesus Christus dra by tot die doel van apologetiek, die heiliging van God. Dit is alleen moontlik as daar dissipels gemaak word (funksie) en hierdie heerskappy verdedig kan word (taak). As die vertrekpunte van Stoker en Van Til dus met mekaar ooreenkom, sal die verbinding van Stoker en Van Til 'n rykdom oopsluit wat nie net kan help om die heerskappy van Christus 'n werklikheid te maak nie – maar dit ook sinvol te kan verdedig.

#### 2.3.2.3 Apologetiese Metodologie

Die doel, taak en funksie van apologetiek (soos uiteengesit) word deur meeste apologete aanvaar en ook erken. Om dit effektief aan te toon sal die ooreenkomste tussen die verskillende apologetiese skole aangedui word. Weereens in navolging van die voorstel van Stoker, word daar eers gekyk na die ooreenkomste tussen verskeie apologetiese metodes en daarna sal die verskille teen hierdie agtergrond uiteengesit word.

Hoofsaaklik kan daar vyf subgroepe van apologetiek onderskei word (Cowan, 2000:hfst 1-5). Die vyf groepe kan in twee hoofgroepe verdeel word: die van die evidensialistiese apologetiese skool en die voorveronderstellings apologetiese skool.

In die inleidingshoofstuk van sy boek *"Five views on apologetics"*, onderskei Cowan[61] tussen "Classical Apologetics"[62], "Evidential Apologetics"[63], "Cumulative Case Apologetics"[64], "Presuppositional Apologetics"[65] en laastens die "Reformed Epistemology Apologetics"[66]in die Apologetiek. Die outeur plaas die Klassieke -, Evidensiële -, Opbouende-saak apologetiek as behorende by die evidensialisties-apologetiese skool en die voorveronderstellings-apologetiek asook die gereformeerde epistemologiese apologetiek by die voorveronderstellings-

[61] Cowan 2000:hfst 1-5
[62] Cowan 2000:hfst 1
[63] Cowan 2000:hfst 2
[64] Cowan 2000:hfst 3
[65] Cowan 2000:hfst 4
[66] Cowan 2000:hfst 5

apologetiese skool. Hierdie indeling word gemaak om die klassifikasie van apologetiese metodes te vergemaklik.

Reymond (2008:28–32) op sy beurt onderskei eerder tussen die "Evidentialism", "Presuppositionalism", "Experientialism" en "Autonomous humanism”. Hierdie studie wil in besonder fokus op die “Presuppositional Method” (Cowan, 2000:hfst 4) of die “Presuppositionalism” (vgl. Reymond, 2008).

Vanuit die Bybel kan ŉ hele aantal voorbeelde van apologetiese verantwoording uitgewys word, waarvan Paulus se gesprek in Athene seker van die bekendste en mees eksplisiete voorbeelde is (vgl. Hand. 17:16-34). In Athene het Paulus op apologetiese wyse[67] teenoor die Grieke die Christelike geloof verdedig en so die Evangelie van Jesus Christus verkondig[68].

2.3.2.3.1 Ooreenkomste

Om die belangrikste ooreenkomste tussen die apologetiese metodes uit te lig is nie ŉ maklike taak nie:

- Soos hierbo aangetoon erken alle apologete die taak, doel en funksie van apologetiek. Meeste apologete is dus ook in ooreenstemming met die definisie van apologetiek[69].
- Apologetiek word op twee verskillende maniere aangewend:(1) om geloof op te bou by eenderskennendes en (2) om die missionêre, evangelies-gesentreerde doel van verdediging van die Christelike geloof te verwesenlik[70].
- In meeste van die apologetiese metodes word duidelik onderskeid tussen positiewe (defensiewe) en negatiewe (offensiewe) apologetiek[71].
- Ten laaste kan ook die mees voor-die-hand liggende genoem word dat Christelike apologete die Woord van God handhaaf as die Woord en die bestaan van die Christelik Teïstiese God wil verdedig.

---

[67] Prof Henk Stoker het in Die Kerkblad van September 2013 ‘n waardevolle analise gedoen na die gesprek van Petrus in Handelinge 2, maar ook Paulus op die Areopagus (Hand. 17). Hy verdeel die elemente van die gesprek in temas in en bespreek elkeen daarvolgens.

[68] Hierdie studie wil nie die geskiedkundige agtergrond van apologetiek as vakwetenskap nagaan nie – maar spesifiek ondersoek doen na die apologetiese model wat Van Til voorgestel het (vir verdere geskiedkundige oorsig vgl. (Edgar and Oliphint, 2011, 2009).

[69] Cowan 2000 kyk Inleiding ‘The Question of Taxonomy’

[70] Cowan 2000 kyk Inleiding ‘The Nature of Apologetics’

[71] Cowan 2000

#### 2.3.2.3.2 Verskille

Terwyl daar ooreenkomste tussen die verskeie apologetiese metodes uitgewys kan word op grond van die doel, taak en funksie van apologetiek, word die verskille tussen verskeie skole in die apologetiek veral gevind in die metodologie wat elkeen volg. Die manier of metode wat gevolg word om die Christelike geloof te verdedig (metodologiese verskille) gee dus ŉ manier om te kan onderskei tussen verskeie apologetiese skole.

Om hierdie metodologiese verskille te verduidelik, word die opsomming soos deur Cowan[72] beskryf, hier weergegee:

- Die Klassieke metode ("Classical Method")[73]
- "The classical method is an approach that begins by employing natural theology to establish theism as the correct worldview. After God's existence has thus been shown, the classical method moves to a presentation of the historical evidences for the deity of Christ, the trustworthiness of Scripture…to show that Christitanity is the best version of theism, as opposed to, say, Judaism and Islam".
- Die Evidensialistiese metode ("Evidential Method")[74]
- "Evidentialism as an apologetic method may be characterized as the "one-step" approach. Miracles do not presuppose God's existence…but can serve as an sort of evidence for God. This method is fairly eclectic in its use of various positive evidences and negative critiques, utilizing both philosophical and historical arguments. Yet it tends to focus chiefly on the legitimacy of accumulating various historical and other inductive arguments for the truth of Christianity."
- Die Opbou-van-jou-saak-metode ("Cumulative Case Method")[75]
- "It is an informal argument that pieces together several lines or types of data into a sort of hypothesis or theory that comprehensively explains that data and does so better than any alternative hypothesis."
- Die Gereformeerd Epistemologiese metode ("Reformed epistemology method")[76]
- "We are told that if a belief is unsupported by evidence of some kind, it is irrational to believe it.Reformed epistemology challenges this "evidentialist" epistemological assumption. Those who advocate this view hold that it is perfectly reasonable for a person to believe many things without evidence."
- Die Voorveronderstellings-metode ("Presuppositional method")[77]

---

72 Cowan 2000 kyk Inleiding 'A Tentative Taxonomy of Apologetic Methods'
73 Cowan 2000
74 Cowan 2000
75 Cowan 2000
76 Cowan 2000

> *"Due to the noetic effects of sin, presuppositionalists usually hold that there is not enough common ground between believers and unbelievers that would allow followers of the prior three methods to accomplish their goals. The apologist must simply presuppose the truth of Christianity as the proper starting point in apologetics. Here the Christian revelation in the Scriptures is the framework through which all experience is interpreted and all truth is known…John Frame represents presuppositinalism in this volume, and he puts the matter this way:"[We] should present the biblical God, not merely as the conclusion to an argument, but as the one who makes argument possible"…"*

Die verskil in benadering kan soos volg opgesom word: Die een groep (Evidensialistiese apologetiese skool) gebruik argeologiese en wysgerige argumente om die waarheid, geldigheid en die moontlikheid van Christenskap te bewys. Die ander groep (Voorveronderstellings-apologetiese skool) voorveronderstel die Christelike geloof en toon wysbegerig en teologies die inkonsekwentheid aan van ander lewens- en wêreldbeskouings. Die metodologie van hierdie twee benaderings verskil dus duidelik van mekaar. Daar moet 'n keuse gemaak word tussen watter een van hierdie metodes die apologeet gaan gebruik in sy apologetiese werk. Hierdie studie wil, soos in die geval van die wysbegeerte, nie die verskille tussen verskeie apologetiese metodes ondersoek deur swak en sterk punte uit te wys nie. Dit wil eerder apologetiek, hetsy enige van die vyf metodologiese benaderings (soos hierbo uiteengesit), teenoor die anderskennende plaas[78]. Die rede vir die keuse van die voorveronderstellings-apologetiek in hierdie studie en met verbinding met Stoker se wysgerige denke is geleë in die feit dat Stoker ook vanuit die voorveronderstelling met lewens- en wêreldbeskouing werk. Die ander redes sal na vore kom as daar na die wysgerige karakter van die voorveronderstellings-apologetiek gekyk word.

Die nodigheid van die ontstaan van die voorveronderstellings-apologetiek asook die wysgerige karakter van die voorveronderstellings-apologetiek word later bespreek. (vgl. 4.5.). Nadat die persoon en werk van Van Til geplaas is binne die akademiese omgewing, moet die voorveronderstellings aanwesig by Van Til se apologetiese metode ondersoek word (vgl. 4.3.).

---

[77] Cowan 2000

[78] Hier wil nie 'n kritiese beoordeling gegee word van enige van die verskeie metodologieë nie. Vir verdere beoordeling van o.a. die voorveronderstellings-apologetiese metode van Van Til vgl. (Cowan, 2000; Macleod, 2006; Richardson, 1955; Spencer, 1987). Verder word daar meermale kritiek van Fideisme teenoor die metode van Van Til uitgespreek. Dit is egter ook genoegsaam verreken. Vergelyk in hierdie opsig Edgar, 1996:20; Frame, 1985:285; Oliphint, 1987:72; Pratt, 2006:16.

## 2.4 Finale Samevatting

Die akademiese omgewing van Stoker en Van Til, is verduidelik. In die ondersoek na die oorsprong van gereformeerd wysgerige denkrigtingsis besonderlik gelet op die ooreenkomste en verskille in voorveronderstellings wat Stoker onderskei van ander gereformeerd wysgerige denkers i.v.m. Bavinck en Dooyeweerd. Hierdie verskil het ontstaan vanweë verskillende antwoorde op die Archimedespunt-vraagstuk. Ook is daar ondersoek gedoen na die gereformeerde apologetiese omgewing waarbinne Van Til sy voorveronderstellings apologetiese moetode ontwikkel het, asook dat dit verskil met ander benaderings.

Hiermee as agtergrond word die skrywe tussen Stoker en Van Til vervolgens in meer besonderheid ondersoek (vgl. hfst.3) alvorens die voorveronderstellings by elk ondersoek word (hfst. 4).

# Hoofstuk 3: Jerusalem en Athene

## 3.1 Inleiding

Met die publisering van die Festschrift van Van Til (getiteld *Jerusalem and Athens*), is Stoker gevra om ŉ bydra te lewer (vgl. Stoker, 1971).Stoker het hierdie geleentheid gebruik om na aanleiding van sy denke, voorstelle te maak oor die verryking van die denke van Van Til en daardeur tot die gereformeerde apologetiek. Hierdie hoofstuk wil in meer besonderheid na die korrespondensie tussen Stoker en Van Til kyk.

Stoker[79] beskou sy eie wysgerige denke as ŉ belangrike toevoeging tot die denke van Van Til. Die volgende woorde van Stoker[80] kan as inleiding dien tot die bespreking van hierdie voorstel[81]: "Your approach is primarily apologetical, i.e., theological…My approach presupposing the validity of your approaches primarily philosophical. The main point I wish to make is that a **primarily philosophical pursuit of the problem of knowledge may contribute a necessary supplement to your theory** and I will refer to such a pursuit as my special problem.".

Hierdie aanhaling beklemtoonook die belangrike bydrae wat die reformatoriese filosofie (wysbegeerte) kan en moet maak tot die gereformeerde apologetiek (teologie). Dit is juis hierdie opmerking wat aanleiding gee tot die navorsing, soos in hierdie skripsie vervat. Dit bied die belangrike basis vir die ondersoek na die rol van voorveronderstellings (vgl. hfst. 4) by elk.

Voordat daar in meer besonderheid gekyk word na hierdie skrywe, word die volgende opmerkinge eers aan die orde gestel:

- Die skrywers stel self dat hulle nie met hierdie skrywe ŉ volledige kenleer wil beskryf of uiteensit nie. Daar word slegs op enkele aspekte van die kenleer ingegaan en hierdie moet dus nie as ŉ volledige uiteensetting van elkeen se kenleer gereken word nie (vgl. Stoker, 1971:25)[82].
- Stoker[83] gebruik die term *Christen* "…to distinguish our theories from those of non-Christians…". Hy gebruik dus die term om direk, breedweg tussen gelowiges en

79 Stoker 1971:25
80 Stoker 1971:25
81 Eie beklemtoning
82 Vir 'n meer volledige uiteensetting van Van Til se kenleer kyk (Van Til, 2008, 2003) en van Stoker (kyk Stoker, 1933a).
83 Stoker 1971:25

ongelowiges te onderskei. Die term *Christen* staan dus vir Stoker teenoor *nie-Christen*, en moet daarvolgens verstaan word.

Verder gebruik Stoker die term *anderskennendes* vir persone wat "…anders wetenskap bou…" (Raath, 1994b).Dit word later (vgl. 3.2.1.) in meer besonderhedebespreek. Hier kan egter genoem word dat vir Stoker dit om 'n belangrike saak gaan. Volgens Stoker het die Westerse denke teveel begin fokus op die proses van dink i.p.v. om te fokus op die kenproses. Daar moet eers gekén word, voordat daar gedínk kan word. Henk Stoker (1981b:10)[84]haal Stoker soos volg aan*: "…*begin met 'ken' want 'ken' is die eenheid waarbinne waarneming, denke, introspeksie, ens. funksioneer. Kennis is 'n geheel ("unit") en binne die geheel is denke aanwesig…die kennis wat die denke lei…die kennis wat die denke sy probleme stel…die kennis wat die denke as middel gebruik om verder tot kennis te kom. Nou, daarom praat ek van anderskennendes…".

Die onderskeid wat Stoker hier tref kan onbelangrik voorkom, maar dit is van groot belang. Die kontinentale, immanente filosofie (veral na Kant) het uitgegaan van die rede van die mens as finale, outoritêre standaard. Die réde van die mens vorm deel van die denke van die mens. Die vraag bly egter wat die denke van die mens vooraf gaan? Wat maak die denke van die mens moontlik? Deur met **ken** te begin i.p.v. **dink** wil Stoker hierdie rasionalistiese tendens deurbreek. Stoker vind die eintlike oorsprong van alle kennis in die openbaring van die Drie-Enige God. Dit skuif die fokus totaal. Verder het die onderskeid van *anderskennendes* teenoor *eenderskennendes* 'n soort oopheid tussen verskeie *eenderskennendes* laat onstaan, maar ook 'n belangrike definitiewe plek teenoor *anderskennendes*[85]laat inneem. Die gebruik van die terme *eenders- en anderskennendes* skakel tot 'n mate die onderlinge (soms onnodige) kritiek tussen *eenderskennendes* uit, deur eerder te fokus op die ooreenkomste tussen *eenderskennendes* i.p.v. die gedurige fokus op verskille. Verder verseker dit 'n moontlikheid van samewerking, sonder die ophef van die verskille of ooreenkomste aanwesig.

Stoker maak ookbelangrike opmerkinge i.v.m. die hantering van *anderskennendes*[86].

---

[84] Hierdie verwys na dr. Henk Stoker, kleinseun van H.G. Stoker. Daar sal deurentyd in hierdie studie na Henk Stoker verwys word om verwarring met die filosoof H.G. Stoker te voorkom.

[85] Stoker het met hierdie nuwe onderskeid, 'n nuwe gerigtheid ook in sy eie denke gebring. Die invloed daarvan val buite die bestek van hierdie studie, maar kan nagegaan word in die Oopheidslesings van Stoker, gelewer as 'n ere-professorale inougurale rede aan die P.U. vir C.H.O. in 1981 (vgl. Raath, 1994b; Stoker, 1981c).

[86] Ook hierdie studiestuk wil hierdie riglyne navolg in die hantering van eenders- en anderskennedes.

- Eerstens moet *anderskennendes* eers reg verstaan word voordat daar teenoor hulle gereageer kan of moet word. Om dit te bepaal stel Stoker 'n eis. As die denke van die ander persoon só weergegee kan word, dat die ander persoon daarmee tevrede is, eers dán kan daarmee verskil word (vgl. Stoker, 1981c:10-11).
- Die tweede belangrike opmerking wat Stoker maak is die van selfkritiek. Voordat enige ander persoon krities beoordeel kan word, moet daar eers genoegsame selfkritiek wees (vgl. Raath, 1994b; Stoker, 1981c:10-11).

Hierdie studie wilbogenoemde in ag neem as daar teenoor anderskennendes gereageer word (vgl. verder 5.6.).

- Dis belangrik om hier te meld dat Van Til op hierdie voorstel van Stoker, soos vervat in die skrywe (vgl. Stoker, 1971:37), positief gereageer het. Die belangrikheid daarvan vir hierdie studie is voor die hand liggend.

- Die bespreking van die kontakmomente en die metodologie deur Stoker sluit direk aan by die bespreking van die voorstel (vgl. hoofstuk 5), asook die moontlike metodologiese toepassingsmoontlikhede (vgl.5.3, 5.4, 5.5, 5.6). Dit hoort dus eerder in hoofstuk 5 as in hoofstuk 3 van hierdie studiestuk.

## 3.2 Die Skrywe

Met bespreking van die skrywe word deurentyd verwys na die invloed wat die denke van Stoker en Van Til op mekaar uitoefen. Kommentaar word telkens gelewer en enkele moontlike metodologiese toepassingsmoontlikhede word aangetoon.

### 3.2.1 Konteks ("On Context of Knowledge")

Stoker (1971:27) begin die skrywe met die bespreking van konteks. Konteks is belangrik deurdat dit gevorm word deur vertrekpunte, wat sekere voorveronderstellings insluit. Dit vorm die basis van die gesprek tussen Stoker en Van Til. Verder vorm dit ook die basis van enige wetenskapsbeoefening (vgl. 3.2.1.3.).Daarom is dit so belangrik dat dit spesifiek hier bespreek word. Stoker besef dat 'n binding tussen sy kenleer en die van Van Til slegs moontlik is as hulle voorveronderstellings ooreenstem. Daarom met die aanvang van hierdie skrywe wys Stoker op die ooreenkoms in voorveronderstellings tussen homself en Van Til. Stoker is diep onder die indruk van die invloed van vertrekpunte op enige denke of wetenskapsbeoefening (vgl. Stoker, 1929:57-58).

Sonder dat die konteks (wat gevorm word deur vertrekpunte) van denke en wetenskapsbeoefening verreken word (self- en anderkrities), sal die verskille en ooreenkomste vanuit hierdie vertrekpunte gebore, altyd net maar verskille en ooreenkomste bly. Om werklik apologeties lewensveranderend met anderskennendes om te gaan moet die lewens- en wêreldbeskouing van die betrokke anderskennende uitgedaag kan word. Dit alleen is moontlik deur die vertrekpunte waaruit geredeneer word te verreken. Verder moet daar 'n geskikte metode vir hierdie verrekening gekies word en dit moet doeltreffend aangewend word. Die ooreenkomste, betreffende vertrekpunte, wat Stoker dus tussen homself en Van Til aantoon is soos volg:

- Die ontologiese (ontiese) karakter van God. Vir Stoker (1971:26) begin alles by God as die "…absolute origin of all 'things' – also of man's knowledge". Dit is in direkte ooreenstemming met die kenleer van Van Til. Die hele apologetiese metode van Van Til berus juis op die ontologiese Drie-enige karakter van God (vgl. Van Til, 2003:32-34). Met ontologies, in hierdie sin, word die bestaan van die Drie-enige God bedoel.

By Stoker, soos by Van Til, word die mens se kennis bepaal deur sy siening van God. Stoker (1971:26)beskryf dit soos volg: "…—and that accordingly one's view of God (or an "absolute" in other theories) determines in an ultimate sence one's view of man's knowledge…". Ook Van Til (2003:32–34, 40–41)is dit hiermee eens: "…that man (created as…the of God) belongs to our created universe and, accordingly, his knowledge belongs to the universe…thus one's view of the universe co-determines, in a basic sense, one's view of man's knowledge…". Stoker en Van Til bevestig dus die verband tussen Godbeskouing en moontlikheid van kennis. Dit is 'n uiters relevant, want die Godsbeskouing van 'n gegewe anderskennende het 'n direkte invloed op die moontlikheid van kennis (vgl. 3.2.2.1. asook 3.2.3.1. en 3.2.3.2.).Dit is hierdie Godsbeskouing of die afwesigheid daarvan (wat ook 'n beskouing is) wat deur die apologetiese en filosofiese metodes van Van Til en Stoker onderskeidelik uitgedaag word. Volgens Stoker en Van Til het die Godsbeskouing van 'n persoon 'n direkte invloed op die kenleer van die gegewe persoon. Dit vind elkeen van hulle terug in die openbaring van God aan die mens (vgl. 3.2.2.1, 3.2.3.1, 3.2.3.2.).

'n Gevolg van die bogenoemde twee punte van ooreenstemming is dat kritiek deur Stoker en Van Til dieselfde karakter besit. Van Til lewer vanuit bogenoemde punte kritiek op die Rooms-Katolisisme, maar ook tegelyk kritiek op die Rasionalisme (vgl. Van Til, 2003:37,45). Ook Stoker, vanuit hierdie bogenoemde punte, lewer kritiek teenoor eenders- en anderskennendes.

ŉ Verdere ooreenkoms tussen die voorveronderstelling van Stoker en Van Til vind Stoker in die sentrale plek van die Woord van God in elkeen se denke. As persone wat hulself as gereformeerdes sien, maak die Skrif van God die basis van elkeen se denke uit. Die gevaar bestaan in die wysbegeerte asook in die teologie, dat die Skrif afgewater word en nie meer as die vertrekpunt vir alle denke, aksies en woorde gebruik word nie. Van Til (2003:19-20 e.v.) vat dit pragtig saam met die volgende stelling: "…the necessity of seeing all problems of knowledge in the light of the fundamental truths of Holy Writ.". Om hierdie voorveronderstellings as implikasies te illustreer kan die volgende drie voorbeelde gebruik word:

- Stoker (1929:57-58) beklemtoon die belangrike rol wat voorveronderstellings speel in die evolusionistiese denke van Servet[87]: "Jou aanvaar van die **naturalisties- positivistiese of van die teïsties- supranaturalistiese Bybelverklaring en Bybelopvatting is 'n vooroordeel, 'n voorveronderstelling** waarmee jy begin…en sonder een van hierdie vooroordele kan geen Teologiese of Godsfilosofiese wetenskap gebou word nie. **Jy moet óf die Bybel in sy absoluutheid handhaaf, en wel in die geheel, óf die Bybel, psigologisties, historisties, naturalisties relativeer,– en wel vanuit die staanspoor.".** Dit is hierdie relativering van die Skrif wat Stoker en Van Til wil aanspreek.

  Dit is belangrik om hier daarop te let dat die Skrif sy gesag van die Christelik-Teïstiese God ontleen. Die Skrif sou geen gesag gehad het as dit maar net ŉ boek geskryf deur mense was nie, maar dit het juis gesag daarin dat dit die woorde van God is, geïnspireer deur die Gees van God. Gesien vanuit hierdie hoek, kan hier nie ŉ klag van Biblisisme gehandhaaf word nie. Daar moet eerder hier gesien word, dat die keuse om die Woord te relativeer, ŉ keuse is om ŉ ander Godsbeskouing te handhaaf. Die relativering van die Woord van God, het eintlik ŉ relativering van die Persoon (Wese) van die Christelike Teïstiese God tot gevolg. Daarom beklemtoon Van Til en Stoker die feit dat die Woord in sy absolute volheid gehandhaaf moet word Stoker en Van Til stel hulleself onder die gesag van God en daarvolgens ook onder die gesag van die Woord. Bybelgetroue denkers wil eerder hóór wat die Woord aan hulle verkondig, as om die Woord voor te skryf wat om aan hulle te verkondig. Wat duidelik ook vanuit hierdie stelling van Stoker aan Servet (kyk ook die antwoord van Henk Stoker aan Vorster hier onder) na vore kom, is die feit dat daar ŉ duidelike onderskeid bestaan tussen die beoefening van wetenskap vanuit die Christelike lewens- en wêreldbeskouing teenoor die vanuit nie-Christelike lewens- en wêreldbeskouing (wat o.a. rasionalisme, materialisme ens. kan insluit). Dit stel dus nie die beoefening van

[87] Eie beklemtoning

wetenskap teenoor geloof nie – maar eerder geloof in die Christelike Drie-Enige God as die grond van enige moontlike wetenskapbeoefening (die rede vir geloof by die kenproses kyk 3.2.1.2). Daarom dat Stoker[88] ook teenoor Lever die volgende gevolgtrekking kan maak: "Ook hier bepaal jou uitgangspunt jou resultate. Gee 'n mens prinsipieel aan die naturalisme toe, 'your theism is gone, and the flood of naturalism sweeps away Christianity – the common Christianity of all branches of the historian Christian Church.".

- Die tweede voorbeeld kan gevind word, in die antwoord wat Henk Stoker (2010:213 – 214)[89] met toepassing van die bogenoemde aan Vorster[90] gee. Om die agtergrond van hierdie gesprek te skets, word die opsomming van Henk Stoker[91] hier weergegee.

> *"In 2009 verskyn 'n artikel van Nico Vorster in-In die Skriflig, waarin hy 'n nuwe verstaan van dele van die Skrif in die GKSA wil inlui (Vorster, 2009:115). Reeds uit die opskrif en opsomming van sy artikel (Vorster, 2009:95) is dit duidelik dat hy die keuse maak om "Genesis 1-3 as teologiese stof met 'n polemiese en profetiese gerigtheid" te lees. Aangesien hy hierdie deel van die Bybel nie as historiese stof in die gewone sin van die woord wil hanteer nie, verreken hy daarna as polemiese teologie "die implikasies hiervan vir die Gereformeerde leer oor die erfsonde". Hy pleit dat die Skrifgedeeltes wat as geskiedkundige stof in die kategese van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA) en ander kerke hanteer word, in lyn met sy denke, nie meer soos dit daar staan as historiese weergawes aan die kinders gebied moet word nie (Vorster, 2009:115).In hierdie artikel word die sienings van Vorster (2009) vanuit die gereformeerde dogmatiek en apologetiek ondersoek."*

Tot sover die inleiding en agtergrond tot hierdie gesprek.

In antwoord op Vorster dui Henk Stoker[92]aan dat die voorveronderstellings aanwesig by die denke van Vorster 'n deurslaggewende rol uitoefen in sy resultate[93]:

"Soos by Genesis 1, lê die beslissing of die vertelling werklike gebeure is of nie, op 'n metavlak. Dit word bepaal deur 'n mens se voorveronderstellings oor die aard van die Skrif (vgl.Walton 2001:35-40). As 'n mens die teks in sy **finale vorm as eenheid en as God se openbaring aanvaar** (ooreenkomstig NGB art 2-7), is dit logies om te aanvaar dat hier **werklike gebeure beskryf** word.".

---

88 Stoker 1929:57-58
89 Henk Stoker is tans (2013) Teologiese Professor aan die Noord-Wes Universiteit.
90 Nico Vorster is ook tans (2013) Teologiese Professor aan die Noord-Wes Universiteit.
91 Henk Stoker 2010:213-214
92 Henk Stoker 2010:229-230
93 Eie beklemtoning

Hieruit is duidelik dat die vertrekpunte (met voorveronderstellings) van 'n persoon 'n deurslaggewende rol kan speel in die resultate wat verkry word.

Henk Stoker[94] kom egter by die hart van die kwessie uit met die daaropvolgende:

> *"Die keuse om dit wat God se Woord as werklike gebeure aanbied, te verskraal tot net sekere dinge wat werklik sou gebeur het, omdat dit inpas by die eksegeet se hedendaagse opvattings, berus op menslike oordeel, nie op die Skrif se eie aanspraak nie.".*

John Frame(1987:132) onderskei drie metodes van kennis, die normatiewe, situasionele en eksistensiële aspekte. Elkeen van hierdie aspekte kan ten koste van die ander gebruik word, die Normatiewe aspek (die Bybel) is egter die finale standaard vir die gelowige. Hierbo is 'n duidelike geval waar die situasionele en eksistensiële aspekte voorrang geniet bo die normatiewe.

Hierdie bespreking rondom vertrekpunte (wat voorveronderstellings insluit) het nie net betekenis in die wysbegeerte of die apologetiek nie, maar ook ander vakwetenskaplike velde soos die pastoraat. Hier kan die studie van Bosman (2007) as voorbeeld dien. Hy verduidelik dit soos volg[95]:

> *"Gegewe die verstaan van voorveronderstelling as a belief that takes precedence over another and therefore serves as a criterion for another, word op Skrifperspektiewe gewys as verdere toespitsing van die basisbegrippe "mensbeskouing, "waarneming en lewens- en wêreldbeskouing, wat daarop dui dat* ***voorveronderstelling(s) by beradenes verdiskonteer behoort te word****.".Verder ook: "Voorveronderstellings by die Beradene – 'n Pastorale Studie is 'n doktorale proefskrif wat die stelling ondersoek en bevind dat begrip oor die identifisering en* ***verrekening van voorveronderstellings ("grondoortuigings) by beradenes effektiwiteit van die pastorale beradingsproses verhoog****.".*

Hieruit is dit duidelik dat die voorveronderstellings aanwesig in die denke van persone 'n beslissende rol speel in die resultate wat gevind word. Hiermee is ook die praktiese belangrikheid van die invloed van vertrekpunte opnuut aangedui.

In die skrywe van Stoker aan Van Til hanteer Stoker eers sy eie kenleer en fokus dan ook op die kenleer van Van Til. Hy toon aan hoe sy eie kenleer die kenleer van Van Til kan aanvul en uitbrei.

---

94 Henk Stoker 2010:229-230
95 Eie beklemtoning

### 3.2.2 Kennis ("On Knowledge")

Epistemologie behels die studie van kennis (en alles wat daarmee saamhang). Dit is ŉ volwaardige wetenskaplike veld waarin sommige filosowe as hul vakrigting spesialiseer. Die studie van kennis het in die filosofie as vakwetenskaplike navorsing na vore getree, deels a.g.v. die invloed van die filosowe soos Descartes, Locke, Hume en veral Immanuel Kant (vgl.4.5. waar die invloed van veral die denke van Kant, met die reaksie van Van Til verreken word, kyk ook Clinton, 2007). Geen apologetiese of wysgerige ideologie kan vandag akademies relevant wees sonder ŉ diepte epistemologiese studie nie. Daaruit moet ook die epistemologiese waarde van vorige of ander filosowe verreken word[96].

#### 3.2.2.1 Kennis

Betreffende die studie van kennis, maak Van Til, hoofsaaklik in navolging van Calvyn, onderskeid tussen kennis van God en kennis van die mens (vgl. Calvyn, 1984:113; Van Til, 2003:61, 62, 65)[97]. Hiermee saam bespreek Van Til ook die sondeval en gevolge daarvan op die studie van kennis (vgl. Van Til, 2008:69 kyk ook Gen. 3). Van Til bespreek die kennis van God en kennis van die mens vanuit ŉ teologiese-gerigtheid, terwyl Stoker eerder vanuit die wysbegeerte die lig laat val op hierdie onderwerp. Stoker doen hierdie wysgerige ondersoek egter nie los van die waarde van die teologie nie en ook nie los van die ontiese voorveronderstelling van die Christelike Teïstiese God nie (soos hierbo by elkeen aangetoon kyk 3.2.1.1.). By beide is daar ŉ gerigtheid om anderskennendes, asook eenderskennendes apologeties (in ŉ wye sin bedoel) te antwoord.

Stoker handhaaf die onderskeid wat Calvyn tref, maar vra ook na hoe die mens ken, iets wat Van Til nie op fokus nie aangesien dit buite die veld van sy apologeties-teologies gefokusde ondersoek val en eerder deel van die veld van wysbegeerte is. Hierdie onderskeid tussen die taak van wysbegeerte en teologie moet gehandhaaf bly. Hoe die mens ken, sorteer onder die P-C verhouding.

Die bespreking van kennis (hetsy kennis van God of kennis van die mens) kan ook nie los gesien word van die openbaring van God nie (vgl. Bavinck, 1908; Calvyn, 1984:113 voetnota 2;

---

[96] Dit gesê, bou hierdie studie op die epistemologiese verantwoording wat Stoker en Van Til elkeen in hulle eie reg gedoen het. Daar sal later (vgl. 4.5.) gewys word op die verantwoording van Van Til teenoor die epistemologiese denke van Immanuel Kant. Daarmee saam, kan ook Stoker se verantwoording van Kant nagegaan word (vgl. Stoker, 1933d).

[97] Dit blyk dat hierdie onderskeid in epistemologie nie oorspronklik by Calvyn aanwesig is nie (vgl. Calvyn, 1984:113 voetnota 4).

Stoker, 1941b:57; Van Til, 2003).Die bespreking rondom kennis maak ook ŉ bespreking rondom openbaring noodsaaklik.

Om die kennis van die mens effektief te beskryf moet openbaring, kennis, die kenbare en die kenner uitmekaar gehou word. Waar die kenne (wat geken word) met kennis verwar word, bring dit ŉ inkonsekwentheid by die anderskennendes. Volgens Stoker (1941b:57) bestaan daar ŉ aantal moontlikhede om hierdie elemente van kennis te verwar. Een daarvan[98] is om "…die kenbare data homogeen met die kenfunksies op te vat". Die resultaat hiervan sien ons in die denke van o.a. idealiste, rasionaliste ens[99]. Die ander opsie is dat die "…kenfunksieshomogeen met bepaalde data in die werklikheid of realiteit…" gestel word. Voorbeelde hiervan is o.a. wat materialiste met materie doen asook psigologiste met psigologie[100].

Hierdie benadering open die deur vir verder apologetiese beoordeling. Reeds is verwys na die apologetiese belangrikheid wat vertrekpunte inhou. Nou word gekyk na die apologetiese waarde wat opgesluit lê in die epistemologiese proses. Die elemente van die kenproses kan ook elkeen verabsoluteer (anders gestel: verhef) word. Om dit in eenvoudiger terme te stel sal van een voorbeeld gebruik gemaak word. As daar na rasionalisme gekyk word, word die kognitiewe element (die rede) van die mens (wat die kenner is) verabsoluteer. Die oomblik as dit belangriker geag word as die kennis, of openbaring, of kenbare, sal die ander elemente ondergeskik bly aan hierdie element (die kenner). Die implikasies wat dit inhou is voor die handliggend. Dit wat geken kan word van die kenbare (byvoorbeeld die kleur van blomme) word nou ondergeskik gestel aan die kenner. Dit het tot implikasie dat die kleur van blomme bepaal word deur die kenner. Dit is egter nie houdbaar nie. Anders gestel: Intrinsiek in die karakter van die blom is die kleur van die blom ingesluit. Dis op hierdie moment waar die onderskeie kosmiese dimensies soos deur Stoker gehandhaaf, met veral fokus op die kosmiese dimensie van modaliteit, ŉ rol begin speel. Die gegewe werklikheid kan dus nie slegs deur die kenner rasioneel bepaal word nie. Hoewel net ingegaan op die epistemologie, kan hierdie uiteensetting ook van toepassing gemaak word op die metafisiese (realiteit) vlak van dinge. Ook die realiteit van dinge buite die kenner kan nie deur die kenner rasioneel bepaal word nie. Dit sal die epistemologie en die metafisiese (realiteit) aard van dinge vernietig. Hierdie en ander apologetiese metodologiese toepassingsmoontlikhede word in hoofstuk 5 bespreek.

---

98 Stoker 1941b:57
99 Stoker 1941b:57
100 Stoker 1941b:57

Wanneer Stoker (1971:26)dus na kennis verwys, maak hy die onderskeid tussen: die mens as kenner ("man as knower"), die proses van ken ("his acts of knowing"), die kenbare ("knowable"), en kennis ("knowlegde"). Hierdie kan ook die **kenner**, die **kenproses**, die **kenbare** en die **kennis** genoem word[101].

Voordat daar egter in meer besonderheid gekyk word na elkeen van hierdie elemente van kennis, moet die algemene onderskeid wat Stoker tref, eers aan die orde kom. Stoker (1941b:57)verstaan kennis as "bipolêr" in oorsprong. Aan die eenkant sien hy in die onderskeid van kennis die kenner met sy kernfunksies en aan die anderkant sien hy dit wat die werklikheid of realiteit is. Hierdie kennis is ook volgens Stoker[102] heterogeen. Volgens die Woordeboek van die Afrikaanse Taal (vgl. Woordeboek van die Afrikaanse Taal, 1957)[103] beteken die woord *heterogeen* "…verskillend in soort…". Om die onderskeid tussen die kenner met kenfunksies te onderskei van die werklikheid, is in die gereformeerde Wysbegeerte 'n logiese algemene[104]. Dit is egter nie vir die immanente filosowe so algemeen nie. Om weer die voorbeeld van Rasionalisme te gebruik: Rasionaliste onderskei net die kenner soos hierbo aangetoon. Die rasionalis onderskei dus nie 'n bipolêre kenmerk van kennis nie, maar eerder unipolêr. Dit plaas weer die werklikheid onder die rede van die kenner. Stoker[105] wys daarop met die volgende voorbeeld: "Die kenne (van die klip) is modaal verskillend van die klip (wat geken word).". Die ander interessante apologetiese moontlikheid wat hier na vore tree, is die vraag na waarheid. As die kenner en werklikheid nie onderskei word nie, is die resultaat van die kenner betreffende die klip, die finale outoriteit. Dus as die kenner die klip as 'n boom aandui, sal die klip 'n boom wees en nie 'n klip nie. Die kritiese soek na waarheid kan dan nie meer plaasvind nie. Die waarheid word vervolgens deur die rede van die kenner bepaal. Meer kenners bring egter nie

---

101 Die aansluiting met John M. Frame se meer onlangse multi-perskeptiewe epistemologiese onderskeid op die denke van Stoker, kan 'n interessante studie wees. Net ter inleiding. Frame (1987:hfstk 6-8) onderskei tussen die normatiewe, eksistensiële en situasionele aspekte van kennis. Die normatiewe aspek verduidelik hy soos volg: "Here, the normative perspective will deal with ouruse of Scripture (not forgetting that Scripture must be understood in the context of God's revelation in nature and in the self)." (Frame 1987:hfstk 6). Die situasionele perspektief "...deal with the use of extrabiblical facts and "tools" (such as sciences) for discovering those facts (not forgetting that Scripture itself is the creterion of factual knowledge and that facts are not understood apart from a personal interpretative framwork)" (Frame 1987:hfstk 7). Die eksistensiële perspektief "...will deal with the knower's capacities, skills, faculties, and attitudes relevant to his knowledge (not forgetting that those matters must be understood through Scripture and applied to our circumstances)." (Frame 1987:hfstk 8).

102 Stoker 1941b:57

103 Aanlyn soektog gedoen op 2013/08/21

104 Stoker 1941b:57

105 Stoker 1941b:57

meer waarheid nie. As hierdie onderskeid tussen kenner en kenbare nie getref word nie, sal die betroubaarheid van kognitiewe fakulteite asook die sintuie bo verdenking moet wees[106].

Stoker (1971:26)verduidelik die funksie van elkeen van die elemente soos volg:

- Die kenner:

> *"…created as the image of God, appointed by God as mandator Dei of the created universe, entrusted with a responsible divine calling, subjected to the love, will, and law of God, who has fallen into sin and is essentially in need of God's redemptive grace and the atonement of Jesus Christ.".*

Stoker gaan ook 'n stap verder. Hy sien nie die mens as kenner in 'n lugleegte, asof die mens geen belangriker of hoër roeping besit nie. In navolging van sy gereformeerde oortuiging, sien Stoker die mens as geskape na die beeld van God, wat 'n verantwoordelikheid het om te antwoord op die liefde, wil en wet van God (vgl. ook Gen. 1-3; Rom. 1:18 e.v.). Die skepping, sondeval, verlossing en volmaaktheid as temas van die Woord word in hierdie stelling van Stoker saamgevat. Die mens moet versigtig wees om homself bloot net as kenner te sien, aangesien dit die mens tot 'n doellose bestaan sal uitbring of 'n pessimistiese en irrasionele bestaan kan regverdig. Die belangrikheid hiervan vir 'n apologetiese studie, blyk o.a. uit die volgende temas[107].

Sonde: Die post-sondeval-tydperk waarin die mens hom nou bevind speel 'n wesenlike rol in die apologetiese benadering wat hy volg. Geen apologetiek wat die effek van die sondeval (alhoewel soms verskillend geïnterpreteer) verskraal, sal volwaardig as apologetiese metode kan bly bestaan nie. Ook die wysbegeerte soos enige ander wetenskap, moet dit in ag neem, stel Stoker met reg. Hoe meer die sonde en effekte van sonde verskraal word, hoe minder word apologetiek as nodig gesien. Die mens wat besef dat hy in sonde vasgevang is, en ook die diepte van sonde besef, verstaan die belangrikheid van 'n Verlosser soos Jesus Christus wat finaal met die sonde afreken. Die mens wat hierdie Verlosser verwerp, besef ten diepste nie sy eie onmag teenoor die sonde en sy nodigheid aan 'n Verlosser nie. Jesus Christus kom nie net afreken met die sonde nie, nee die geldigheid van wat Hy doen, kom slegs deur 'n lewe waarin Hy self nie sondig nie. Apologetiek moet dus die spreekwoordelike mure van die mens afbreek om die mens voor God stel. Die mens moet self teenoor God antwoord. Dit is moontlik wanneer die effek en diepte van sonde besef word. Hoe meer die werking van die Heilige Gees en die

---

106 In hierdie opsig kan die werke van die bekende Christelike filosoof, Alvin Platinga met groot vrug gebruik word.

107 Elkeen van hierdie temas kan in meer besonderheid apologeties ondersoek word.

mens geskape na die beeld van God verskraal word, hoe minder word die nodigheid vir ŉ apologetiese metode. Die Heilige Gees breek die weerstand van die mens af. Die Heilige Gees oortuig ook die mens van sonde, van Verlossing en ook van dankbaarheid na verlossing. Die metode van Stoker en Van Til neem albei hierdie aspekte in ag en handhaaf dit in balans met mekaar. Om die ongelowige te lei tot die oortuiging dat hy of sy ŉ verkeerde vertrekpunt handhaaf of sekere kennis-elemente verabsoluteer, kan nie daar eindig nie. Uiteindelik moet die mens in verhouding (in wyer sin bedoel: Stoker verwys hier na teaal-verhouding) tot God gestel word. Alle mense is dus dan antwoorders teenoor God, hetsy in verwerping of in erkenning van Hom.

Ten diepste word die onderskeid tussen apologetiese metodes gevind in die verstaan of interpretasie van hierdie vier temas (nl. skepping, sondeval, verlossing en volmaaktheid). Stoker neem in ag dat die mens geskape is na die beeld van God (daarin is die mens verantwoordelik teenoor God), maar ook gevalle mens is en verlossing deur Jesus Christus nodig het.

Stoker[108]verduidelik die kenproses:

> *"The act of knowing is unique. It is irreducible to anything else in our created universe or cosmos. Accordingly, it cannot be defined…Every description of knowing presupposes knowing and is given either in terms of knowing or in analogical terms that presuppose knowing. We primarily know what knowing is by knowing.".*

Om meer duidelikheid hier rondom te verkry verdeel Stoker (1971:27)hierdie proses in waarneming ("perceiving") en redenering/denke ("thinking"). Waarneming ("perceiving") sien Stoker[109] as "…to be aware of the knowable; it includes…perceiving by means of senses, psycho-introspection, psycho-extrospection, dynamic awareness of resistance, evaluation [*waardekeuring*], intuition [in its diverse meanings], and religious faith.". Daarenteen sien Stoker[110] redenering/denke ("thinking") soos volg: "…man forms a theoretical realm of, for instance, concepts, judgments, conclusions, models, theories, and systems". Saam vorm waarneming en redenering, aldus Stoker, konsepte, gevolgtrekkings, modelle, teorieë ens. Hierdie vermoë van die mens is belangrik om die mens voor die besef van sy onlosmaaklike verantwoordelikheid tot God te stel. Bahnsen (2011:hfstk 1 "The necessity of a Presuppositional Approach")beklemtoon dit as hy sê: "However,

---

108 Stoker 1971:26-27
109 Stoker 1971:26-27
110 Stoker 1971:27

this knowlegde which the sinner has and is able to gain, only holds him all the more responsible for his intellectual rebellion against the Lord.". Die verdere waarde is dat die wysbegeerte van Stoker ook hier die denke van Van Til verryk.

Stoker (1971:27)verduidelikdie kenbare ("knowable") soos volg:

> *"To the knowable belongs the revelation of God to man concerning himself and his relation to all things in his Word and in his creation (usually called "natural revelation")…also heaven (with its angels) as revealed in the Scriptures…the cosmos (our created universe comprised, for instance, of material "things," the vegetable and animal kingdoms as well as man; nature, culture, and religion…facts, principles, values, and so on).".*

Op grond van hierdie gedagte van die kenbare, moontlik gemaak deur die openbaring van God in die algemene sin in die voorwerpe van die skepping self of in die besondere sin in die doel en funksie daarvan, het Stoker later sy diafanerotiese metode uitgebou. Hierdie metode behels nie slegs hierdie onderskeid nie, maar ook belangrike klemskuiwe rondom openbaring. Dit inaggenome, toon Stoker[111]verder aan dat die kenbaarheid van die skepping nie in die mens te vinde is nie (anders as Kant), maar in die ontiese karakter van die realiteit ("an ontic ("ontological") characteristic of created reality itself"). Realiteit vind slegs sy ontiese karakter in die Christelike Teïstiese God. Soos hierbo reeds aangetoon, impliseer dit dat die sintuiglike waarneming van die mens nie invloed uitoefen op die werklikheid nie. Dit alleen is volgens Stoker[112] geleë in die feit dat God volgens sy plan die skepping kenbaar, as een van sy karaktertrekke van die skepping, gemaak het.

Van Til het hierdie waarheid gestel sonder om dit in meer besonderheid te verduidelik. Hierin gee Stoker aan die denke van Van Til meer geldigheid. Stoker[113] verduidelik dit soos volg: "God has (as you rightly insist) created the universe according to his plan; he gives the cosmos (as a whole and in all its "parts" and relations) its meaning; he created the cosmos knowable…The cosmos itself is meaningful." (Stoker, 1970:8,9,11; vgl. ook Van der Walt, 2010:709-749). Dis in hierdie opsig dat die skepping 'n ontiese karakter besit. Van Til verkies hier die woord metafisies eerder as onties (vgl. Van Til, 2008:236 e.v.). Op dié manier plaas Stoker waarde terug in sy regte plek, en sien dit nie outonoom by die kenner self nie. Dit open verdere apologetiese toepassingsmoontlikhede. As waarde gevind word by die handelinge of denke van die mens, is dit subjektief, veranderlik en kan selfs die bestaan daarvan bevraagteken word. As waarde

---

111 Stoker 1971:27
112 Stoker 1971:26
113 Stoker 1971:26

egter in die ontiese werklikheid self gevind word en terug te speur is na God Self, dan is dit ŉ absolute kenmerk van die gegewe werklikheid.

Die etiese metodologiese toepassingsmoontlikhede wat dit inhou, is talryk en voor die hand liggend bv. die vraag rondom die regte van ongebore babas (die saak van aborsie). Die vraag na aborsie is meer as net ŉ moreel-etiese vraagstuk. Dit is ook ŉ waarde-vraagstuk. Word die metafisies-biologiese bestaan van mens waardevol genoeg geag? Het die ongebore baba dieselfde waarde as reeds gebore kinders? Dit geld ook die beskerming van diere (vgl. die kritiese afmetings wat stropery van renosters in Suid-Afrika aanneem- vgl. o.a. Pelser, 2010; Van Wyk, 2012).Is die waarde van renoster bloot bepalend of selfs gelykstellend deur die ekonomiese waarde wat vanuit die renosterhoring geput kan word? Albei hierdie sake kan en moet ook vanuit die Woord van God benader word. Daar is egter ook in die natuur self ŉ waarde-toekenning en apologetiese toepassing, omdat die Christelik-Teïstiese God van die Bybel dieselfde Christelik-Teïstiese God is, wat waarde aan die kosmos gee. Die mens met sy sondige natuur onderdruk egter hierdie waarhede as hy as kenner sy eie rede as finale outoritêre gesag handhaaf en daarvolgens daar na waarde gekyk word (vgl. Rom. 1).Hiermee het die immanente filosofie nog nie die epistemologiese probleem aangespreek nie. Let egter ook op na die verrekening van die denke van Kant as moontlike antwoord op hierdie probleem (vgl. 4.5.).

- Die laaste onderskeid in die kenproses, is kennis ("knowledge"):

> *"…the result of a knowing exploration and exploitation of the knowable by man, the knower; and belonging to knowing man, it is not separable from knowing and is accordingly not merely a result.". Stoker (1971:28)*

Die belangrike om hier op te let, is die feit dat kennis eksistensieel deur Stoker (1971:28)as deel van die mens gestel word, dit impliseer die onlosmaaklike karakter tussen die kenner en die kennis. Dit is belangrik, want die kenproses moet in sy totaliteit beskou word. Dit kan onmoontlik as nie-verwante onderdele hanteer word. Deur die kenproses holisties te beskou, is kennis vir Stoker nie maar bloot ŉ resultaat los van gegewe konteks of eksistensie nie. Hierin kan Frame (1987:hfstk 6-8) se multi-perspektiewe onderskeid weer aandag geniet. Die kontekstuele aspek (afhangende van die tyd-ruimtelike) van Frame[114] is dan verreken, asook die eksistensiële aspek (in hierdie geval die kenner self). Die verdere normatiewe aspek word dan gevind in die ontiese waarheid van die openbaring in die skepping, asook in die Woordopenbaring van God. Albei

[114] Frame 1986:hfstk 6-8

hierdie normatiewe aspekte verkry egter hulle eie gesag alleenlik in die bestaan van die Christelik-Teïstiese God.

Dit is dus duidelik dat die mens afhanklik van die kenbare is om iets te openbaar. Sonder hierdie openbaring van die kenbare sou geen kennis moontlik wees nie. Daarom om te ken is volgens Stoker (1971:28-30)ook'n geloofsaak (in 'n wye sin geïnterpreteer). Dit is opsigself 'n belangrike apologetiese kenmerk van die kenbare. Geloof word meermale as 'n soort vertroue op die onverklaarbare, irrasionele gebrandmerk. Hier is dit egter duidelik dat geloof wel 'n vertroue is maar dan in die kenbare – in dit wat openbaar. Hierdie openbaring is op sy beurt slegs moontlik deur 'n Openbaarder. Hierdie openbaring vind dus sy grond in God wat self die Openbaarder is. Hy openbaar aan die mens van Homself deur die Skriftuur asook die natuur. Die proses hou egter nie op by openbaring of die kenbare nie. Die mens in homself dink ook en antwoord só op die doel van die openbaring deur die kenbare. Hierdie denke is egter afhanklik van die kenproses en vind sy betekenis daarin[115]. Verder toon Stoker aan dat nie net die kenproses geloof veronderstel nie, maar ook dat die geldigheid van hierdie proses geloofvereis[116].

Dit opsigself bring die mens weereens voor die beperktheid van sy eie kennis en die onbeperkte oorvloed van die kennis van God. Stoker[117]beklemtoon dit teenoor Van Til:

> *"As you [Van Til] put it, man's knowledge is in consequence limited; man does notknow comprehensively as God knows, yet he may know truly." (vgl. Edgar, 1995:62; Van Til, 2008:62-63)[118].*

Wat Van Til hier bevestig het, is dat die kennis van die mens, alhoewel beperk, egter nie noodwendig 'n valse kennis is nie. Die volgende voorbeeld werp meer lig hierop. God kan 'n roos beter en in meer konsekwensies en relasies verstaan (a.g.v. sy Alwetendheid). Dit wat die mens egter van die roos verstaan is beperk, maar nie vals nie.

Die verdere logies apologetiese feit wat hier na vore tree, is dat wanneer die mens in vertroue die kenbare moet nader, dit onmiddellik alle moontlike outonomie van die mens wegneem. Die rede van die mens word meermale teenoor openbaring geplaas. Die rede van die mens is egter afhanklik van die openbaring en daarom ook afhanklik van die bestaan van die Christelik-

115 Stoker 1971:28-30
116 Stoker 1971:28-30
117 Stoker 1971:28
118 Hierdie stelling moet natuurlik teen die agtergrond van die debat tussen Van Til en Clark verstaan word. Dit val egter buite die veld van hierdie studie. (vgl. ook Bahnsen, 1998:667–672; Swanepoel, 2010:238–239)

Teïstiese God. Stoker (1971:29-30)wys tereg op die belangrikheid dat die geloof in die rasionele verstaan van die skepping heenwys na die openbaring van God.

Om die rede van die mens as die enigste betroubare te sien en steeds suiwer daarmee om te gaan, blyk onmoontlik te wees (vgl. Van Til se kritiek op Kant in hoofstuk 4).Stokes (2012:hfstk 2 'Can we do that?') verduidelik dit soos volg:

> *"Foundational believes have no supporting evidence – they're the foundation…we need foundational beliefs…therefore…Your entire belief structure must be supported by a foundation that itself has no further evidential support…And here's where we confront the real problem: foundational beliefs are supposed to support our entire belief structure. Yet the whole thing is unsupported and so, according to evidentialism, irrational.".*

Dit stel die mens voor 'n keuse. Hy kan aanhou soek na 'n ander antwoord of hy kan homself onder die gesag van God stel. Die belangrike hier is egter dat die mens konsekwent selfkrities moet wees. Na alles gesê is, kom die belangrike vraag van Van Til weer na die voorgrond. Die vraag wat Van Til stel is: Kan die mens konsekwent met sy eie voorveronderstellings saamleef? Slegs die Christelike Teïstiese God as voorveronderstelling, kan vir enige denke, of realiteit of moraliteit die basis vorm en dit enigsins moontlik maak. Die alternatief kan slegs gehandhaaf bly, as daar 'n beter verklaring gegee kan word. Stoker (1971:29–30)maak die konsekwensies hiervan duidelik:

> *"To be able to observe and know creaturely "things" in their finitude and limitedness presupposes, in a principial sense, the ability to know God, the absolute, by the act of religious faith. The finite and the relative are what they are because of the absolute. This means that, had man no possibility of religious faith, knowledge of finite "things" as finite and of relative "things" as relative, would not have been possible…This assertion is akin to your contention that without a revelatory consciousness of God, self-consciousness (and I may add: consciousness of "things"…) would, in a principial sense, not be possible."*

### 3.2.2.2 Openbaring

Die ondersoek na die kenproses sal egter nie voltooid wees sonder dat daar in meer besonderheid na openbaring gekyk word nie.

Stokervind met Bavinck, sowel as Van Til, die sleutel tot die kenproses in die openbaring (vgl. o.a. Bavinck, 1967:26; Stoker, 1971:30; Til, 1945:52). Bavinck (1967:26) verwoord dit soos volg: "Indien God niet in zijne schepselen openbaar wordt, dan is er ook vanzelf geen kennis van Hem mogelijk.". Hier is reeds hierbo aangetoon dat daar 'n direkte verband is tussen kennis van God en kennis van die kosmos. Dit is dus genoegsaam aangetoon.

Stoker (1971:30)gee aan openbaring egter die volgende definisie:

> *"This is apparent when we consider that God reveals himself in his Word and works (our created universe); that he has created our universe or cosmos knowable; that he has endowed man with the acts and functions to know; and that he sets man his calling to know and to act upon it.".*

Die definisie van Stoker is meer uitgebreid in die sin dat dit die hele kenproses van die mens insluit. Bavinck noem die onderliggende beginsel, terwyl Stoker in meer besonderheid ingaan.

As ons die definisie van Stoker en daarmee ook die van Bavinck uitmekaar haal, sien ons openbaring kan hoofsaaklik in drie dele verdeel word. Dit behels die **Een wat openbaar** ("one who reveals"), **iets wat geopenbaar word** ("something that is revealed"), **iemand aan wie geopenbaar word** ("someone to whom it is revealed")[119]. Hierdie onderskeid is egter nie oorspronklik aan Stoker nie. Hy volg in die voetspore van denkers soos Vollenhoven wat op sy beurt weer voortgebou het op denkers soos Bavinck en Hepp.

Bavinck en Hepp het dan ook die volgende onderskeid betreffende die openbaring gehandhaaf:

- openbaring van God van Homself in sy Triniteit,
- openbaring van God van Homself deur sy werke,
- openbaring van God, van Homself en van sy relasies aan alle dinge aan die mens deur sy Woord en deur sy skepping.

Hierdie onderskeid kan die openbaringsmooontlikhede genoem word. Dis op hierdie drie openbaringsmoontlikhede waarop Stoker dan voortbou, deur 'n vierde openbaringsmoontlikheid te beskryf. Stoker[120] verwoord dit in die skrywe aan Van Til soos volg: "…the revelation of the created universe (including man) to man in an ultimate sense by God…". 'n Moontlike toegepaste vertalingsmoontlikheid sal soos volg daaruit sien: **Die openbaring van die kosmos (insluitend die mens) aan die mens met die basis-voorveronderstelling van God.**

Stoker[121] wys daarop dat die openbaringmoontlikheid wat Van Til gebruik in sy denke, gemaklik kan sorteer onder die derde openbaringsmoontlikheid. Stoker wil egter eerder sy eie bogenoemde vierde openbaringsmoontlikheid daar stel. Die belangrikheid daarvan vir hierdie studie is geleë in die feit dat hierdie vierde openbaringsonderskeid die verbinding tussen die

---

119 Stoker 1971:30
120 Stoker 1971:30
121 Stoker 1971:30-31

werke van Stoker en Van Til moontlik maak. Die wysgerige denke van Stoker pas gerieflik in die vierde openbaringsmoontlikheid, wat die openbaring van die kosmos aan die mens (met die basis-voorveronderstelling van God behels) in. Meer nog dit verryk ook die denke van Van Til wat teologies-apologeties gefokus is. Nog meer: Dit verryk nie net die denke van Van Til nie, maar ook die denke van Stoker. Die wysgerige denke van Stoker kry nou ŉ teologies-gerigte apologetiese waarde. Alhoewel daar nie verder op die saak van die verbindingsvoorstel van Stoker aan Van Til (vgl. 5.5. vir verdere bespreking) hier ingegaan hoef te word nie, sal die vierde openbaringsvoorstel van Stoker wel aandag geniet.

Stoker[122] beskryf sy vierde openbaringsvoorstel soos volg[123]:

> *"Stated in a more general way: on the one hand God reveals himself in our created universe; in your words: God has created the universe according to his plan and every fact and every relation between facts therein is revelational of God. But on the other hand—and this is* ***the point I wish to stress****—this plan, however revelational of God, belongs to and is present in our universe itself; every man, the sinner too, is virtually confronted with this plan; all his knowings and all his doings presuppose and show this; man simply cannot escape this plan; it forces itself upon man everywhere ever and again. Man can know this plan truly, though not comprehensively; but by knowing it man, as sinner, falsifies it in one or other significant respect. Of course, when this falsification is seen* ***in the light of the third type of revelation, it is seen as a radical or ultimate falsification****—the point you rightly stress very strongly. In other words, the approach to man's knowledge, according to the* ***fourth type of revelation*** *(that I suggest as a supplement to your theory of knowledge) is not an ultimate approach as your approach is, but a* ***derivative approach*** *in the sense of an approach to knowledge of the universe (including man) in its creatureliness, its derivativeness. But as such this approach is not reducible to your approach and yet it is a truly significant approach too."*

Eenvoudig gestel behels die derde openbaringsmoontlikheid God as Outeur met die Plan van die kosmos wat in die werklikheid duidelik gesien kan word. Die vierde openbaringsmoontlikheid behels egter die relasie van die inhoud van die plan tot die plan, maar altyd weer in verhouding tot God. Die verskil is daarin geleë dat Van Til hierdie afhanklikheid van die openbaring van die kosmos in God gevind het en beskryf het dat dit sekere epistemologiese implikasies besit. Van Til het egter nooit hierdie implikasies in meer besonderheid probeer beskryf nie. Dit sou egter ook nie akademies gesproke korrek gewees het om dit te beskryf nie, siende dat hierdie implikasies in die kamp van wysbegeerte val. Daarom dat Stoker hierdie implikasies in meer besonderheid uitgebou het.

---

[122] Stoker 1971:31
[123] Eie beklemtoning

Die verskil is geleë in die feit dat vanuit die vierde openbaringsmoontlikheid die mens, met die moontlik maak deur die ontologiese waarheid, wel sekere gevolgtrekkings kan maak rakende die kosmos. Gesien vanuit die derde openbaringsmoontlikheid is die mens is blind en totaal by onmag om tot geloof in God te kan kom. Die vierde onderskeid kan dus nie losgemaak word van die derde onderskeid nie. As daar egter vanuit die inhoud van die plan dus die vierde openbaringsmoontlikheid gepraat word, is die mens in verhouding tot die skepping nie blind nie, maar is die beeld waserig[124]. Dit kan egter nie los van die verhouding tot God verstaan of geïnterpreteer word nie. Die belangrikheid van hierdie onderskeid sal later in hierdie studie tot meer duidelikheid groei (vgl. 5.5.).Die toepassing van hierdie onderskeid word deurentyd aangetoon.

Die feit dat die mens, geskape na beeld van God, gekonfronteer word deur die inhoud van hierdie plan, druk op die hart van die mens die verantwoordelikheid om hierdie inhoud te ken en te ontleed, maar ook om te reageer op hierdie kenbare openbaring. God het dit dus, soos reeds aangetoon, die werklikheid kenbaar gemaak vir die mens, sodat die mens deur sy antwoord op die kenbare sy roeping kan vervul (vgl. Calvyn, 1984:283; Partee, 2005:105; Stoker, 1971:32). Omdat God die Skepper is van hierdie plan en inhoud, is die mens se relasie tot hom ŉ verbondskarakter (in ŉ wye sin bedoel). Deur te reageer op hierdie werklikheid, hetsy negatief of positief, hetsy deur God te aanbid en Hom te dien of deur Hom te ontken, plaas die mens homself in twee duidelike kategorieë: Die van verbondsonderhouer of verbondsverbreker. Die mens is of ongehoorsaam of gehoorsaam aan God. Die mens dien God óf hy doen nie.

ŉ Verdere nuanse-verskil, wat volg uit bogenoemde onderskeid, tussen Stoker en Van Til is geleë in die onderskeid tussen die beginpunt van Stoker en Van Til. Stoker neem die *orde van skepping* voor die sondeval as vertrekpunt, waar Van Til die *orde van skepping* na die sondeval as vertrekpunt neem en dit dan eintlik die *orde van die sondeval en verlossing* heet. Dit moet ook tereg so wees, siende dat Stoker die inhoud van die plan verder wil verduidelik, terwyl Van Til die plan tot verhouding met God apologeties wil weergee. Stoker (1971:32-33)verduidelik dit soos volg:

> *"You take as the "order of creation" (in casu with reference to the adamic consciousness) creation (or consciousness) before the fall of man…By the "order of creation" I mean creation as it exists even today, but disregarding the facts, workings, and effects of sin and evil. To do this is possible, on the one hand, because God's created universe essentially remained the same universe notwithstanding the fall into sin and evil; for instance, man is yet man and*

124 Stoker 1971:33

*knowledge yet knowledge. On the other hand, it can rightly be done only if created reality, man and his knowledge, be seen in the light of God's Word-revelation.".*

Albei hierdie uitgangspunte is geldig, omdat Stoker die inhoud terugvind in die verhouding van God tot die plan van die skepping. As Stoker hierdie inhoud in 'n lugleegte wou interpreteer of verstaan, sou hy saam met die immanente filosowe in 'n verabsolutering beland het – die verabsolutering van die waarde van die mens. Dit kan verder lei tot die reg van die mens wat voorop gestel word.

Stoker sien egter altyd sy eie onderskeid en veld van ondersoek as ondergeskik aan hierdie verhouding van God tot die plan en direk voorvloeiend daaruit. Stoker[125]gebruik dan hierdie onderskeid tussen die derde en vierde openbaringsmoontlikheid deur in besonder sy kosmiese dimensie van gebeurtenisse verder uit te bou[126]. Hierin het Stoker 'n fyner, versigtiger onderskeid getref in woordgebruik as Van Til wil hier aantoon dat om sy wysbegeerte (ondersoek na die relasies met verskeidenheid en eenheid) suksesvol te kan doen – moet hy eers begin by die "orde van die skepping" en dan beweeg na die gevolge na die sondeval, die sogenaamde "orde van die sondeval en verlossing"; terwyl Van Til tereg vanuit 'n apologetiese benadering begin met die "orde van die sondeval en verlossing".

### 3.2.3 Wetenskap ("On Science")

Stoker behandel in hierdie onderafdeling van sy skrywe met Van Til twee belangrike temas, wat 'n invloed het op hierdie studie van voorveronderstellings:

- Voor-wetenskaplike kennis en wetenskaplike kennis[127]
- Transendentale kritiek en transendente kritiek[128]

In hierdie punt word gekyk na die voor-wetenskaplike kennis en wetenskaplike kennis onderskeidelik. Die onderskeid wat Stoker tref rakende die transendentale – en transendente kritiek kom in hoofstuk 5 aan die orde.


Die onderskeid tussen voor-wetenskaplike kennis en wetenskaplike kennis is nie so maklik om te maak nie. Voor-wetenskaplike kennis kan ook naïewe of natuurlike kennis genoem word: Die

---

[125] Stoker 1971:33
[126] Die beskrywing van die kosmiese dimensie van gebeurtenisse vorm deel van Stoker se wysbegeerte van die skeppingsidee.
[127] Stoker 1971:34-35, 37-38
[128] Stoker 1971:35-37

feit dat mense, sonder om wetenskaplik daarmee om te gaan, wel kennis het van kosmos. Talle voorbeelde hiervan kan genoem word in die alledaagse lewe – van ’n man wat sy vrou ken tot dat hy sy motor ken, ens. Dit is voor-wetenskaplik, hierdie kennis is nie geleer in ’n wetenskap soos teologie of filosofie of die mediese wetenskappe nie[129]. Hierdie kennis word gewoonlik bepaal deur op ’n sekere manier na die werklikheid te kyk asof deur ’n sekere bril. Hierdie bril word die lewens- en wêreldbeskouing van ’n persoon genoem. Iemand wat God nie ken nie, sal anders na die oorsprong van werklikheid kyk as iemand wat God ken en bely dat Hy dit gemaak het.[130]

Henk Stoker (1981b:"Wat is wetenskap?")[131]sit hierdie onderskeid van Stoker soos volg grafies uiteen:




**Figuur 3-1: Illustrasie 3 – Vorme van Kennis**

Henk Stoker[132]verduidelik die figuur verder soos volg:

---

129 Stoker 1971:34-38

130 Hierdie studie gebruik die term voor-wetenskaplike kennis ook vir “pre-theoretical knowledge” asook “pre-scientific knowledge”. Vir ‘n verdere ondersoek vgl. Van der Walt 2006; Black 2001.

131 Geen bladsynommers

> *"Binne kennis kan die twee groot tipes, gewone kenne en wetenskaplike kenne, onderskei word. Stoker sien die verhouding van gewone en wetenskaplike kennis soos 'n bipolêre kleurbaan, waar die een kant blou en die ander rooi is, en die kleure geleidelik oorgaan in mekaar. In beginsel kan jy tussen gewone en wetenskaplike kennis onderskei, maar in die praktyk is die nie toepasbaar nie. Jy kan dus nie gewone en wetenskaplike kennis skei nie, maar dit net in beginsel onderskei. Die deel van gewone kennis waar in die wetenskap gefundeer is, noem Stoker voorwetenskaplike kennis."*

Ook verder:

> *"Voorwetenskaplike kennis is 'n deel van gewone kennis waarsonder wetenskap nie kan klaarkom nie, waarin wetenskap gefundeer word, waarvolgens wetenskap uitgebou word, wat wetenskap in beginsel lei en rig. Wetenskaplike kennis is dus in gewone kennis gefundeerd, maar aan die ander kant bevrug en rig laasgenoemde eersgenoemde. Gewone kennis is die gewone vorming en uitbouing van kennis as 'n gewone taak, maar wanneer jy ken as ken wil vorm as spesifieketaak, dan kry jy wetenskap."*

Met albei bogenoemde stellings inaggenome is daar 'n aantal opmerkings wat gemaak kan word. Stoker sien voor-wetenskaplike kennis ("pre-scientific knowledge") as "naïewe" kennis. Dit is kennis wat die wetenskaplike proses voorafgaan. Die nie-wetenskaplike ken van mense of dinge. Die tweede belangrike opmerking wat hierna vore kom – wat sterk aansluiting sal vind by die apologetiek van Van Til, is die feit dat hierdie voor-wetenskaplike kennis behoort tot die mens se lewens- en wêreldbeskouing (insluitend sy religieuse geloof aldus Stoker). As daar dus vervolgens na voor-wetenskaplike kennis teenoor wetenskaplike kennis gekyk wil word, moet daar in besonder gekyk word wat met lewens- en wêreldbeskouing bedoel word en wat dit behels in relasie tot hierdie studie, na die voorveronderstellings.

#### 3.2.3.1 Lewens- en Wêreldbeskouing (algemeen)[133]

'n Wêreldbeskouing vorm die basis van elke mens se denkstrukture wat uitkristaliseer in die aksies van mense. 'n Persoon se wêreldbeskouing ontbloot sy basis, vertrekpunt.

Bahnsen (2007:42)as student van Van Til, beskryf 'n wêreldbeskouing soos volg:

> *"A worldview is a network of presuppositions which are not tested by natural science and in terms of which all experience is related and interpreted.".*

Bahnsen noem hier dus twee belangrike kenmerke van 'n wêreldbeskouing. Eerstens is dit 'n "network of presuppositions" – die boustene van 'n wêreldbeskouing word ten diepste gevind in

---

132 Henk Stoker 1981b:"Wat is wetenskap?"

133 Hier is lewens- en wêreldbeskouing in die algemeen bespreek. Vgl. 4.2. vir 'n besondere bespreking na die verstaan van Christelike lewens- en wêrelbeskouing aanwesig by Stoker.

die voorveronderstellings van ŉ persoon. Die verdere kenmerk dat hierdie voorveronderstellings is "not tested by natural science" – wat beteken dat dit voor-wetenskaplike kennis is naïwe-kennis.

Strauss (2010:55) in reaksie op Immanuel Kant se gebruik van lewensbeskouing ("Weltanschaung"), wys daarop dat Kant eerder met sy getalle-ruimtelike onderskeid verwys na die wêreldbeeld as lewens- en wêreldbeskouing. "Hierdie term pas egter uiteindelik beter by verskillende wêreldbeelde – iets wat duidelik onderskei moet word van wat ons vandag eerder met die uitdrukking lewens- en wêreld- beskouing wil aandui. Mense met verskillende lewens- en wêreldbeskouings kan immers dieselfde wêreldbeeld deel.". Verskeie mense kan dieselfde wêreldbeeld handhaaf, as soos Strauss beweer dit gekoppel word aan "getals- en ruimtebesef". Dit gaan egter nie waarborg dat die lewens- en wêreldbeskouing wat gehandhaaf word by elkeen ooreenstem nie. ŉ Christen wat in Suid-Afrika vandag leef en ŉ helio-sentriese kosmiese model[134] onderskryf, het een en dieselfde wêreldbeeld, as ŉ nie-Christen wat in Suid-Afrika vandag leef en ook dieselfde heliosentrisme handhaaf. Hierdie ooreenkoms in wêreldbeeld by elk word gevorm deur dieselfde getal-ruimtelike ooreenkoms. Wêreldbeeld word dus deur die getal-ruimtelike aspek beperk, teenoor lewens- en wêreldbeskouing wat baie meer as dit omvat. Die oomblik as daar egter na die ontstaan van die son of aarde gevra word, sal daar eerder vanuit ŉ sekere lewens- en wêreldbeskouing geredeneer word as vanuit die wêreldbeeld self. Daar kan vanuit die waarneembare werklikheid ook geredeneer word. Dit is egter nie nodig as albei die partye dit bevestig nie, en is onmoontlik as antwoord op die oorsprongsvraag.

Daar moet wel ook versigtig omgegaan word om wêreldbeeld net te beperk tot die getal-en ruimtelike aspekte. Die getal-en ruimtelike aspekte vorm deel van ŉ gedeelte van die werklikheid. Daar bestaan egter meer as net getal en ruimte in die werklikheid, dus moet daar in enige wêreldbeeld ook meer as dit aanwesig wees. Hierbo maak Strauss teenoor Kant eerder ŉ kegelsnee van wêreldbeeld en bespreek die onderskeid wat Kant tref (getal en ruimtelik).

Dit is verder belangrik om daarop te wys dat hier nie net gepraat word van ŉ lewensbeskouing of ŉ wêreldbeskouing nie, maar eerder van ŉ lewens-en wêreldbeskouing. Die antwoord tot ŉ volwaardige gebruik van die term lewens- en wêreldbeskouing is geleë in die definisie van

---

134 Heliosentrisme (die teorie dat die son die middelpunt van die sonnestelsel is en die aarde en ander planete om die son draai) teenoor geosentrisme (die teorie dat die aarde die middelpunt van die sonnestelsel vorm en al die planete, met die son ingesluit, om die aarde draai). Hierdie onderskeid het met die Kopernikaanse-revolusie navore gekom.

Stoker (n.d.:(b) 'Omskrywing van 'n lewens- en wêreldbeskouing')[135]: "'n Lewens- en wêreldbeskouing is in die geheel van antwoorde of oortuigings van die mens, m.b.t. dergelike fundamentele vrae aangaande die oorsprong, sin (of betekenis) en doel van die mens en van die wêreld en dus ook aangaande hul verhouding tot God en van God tot mens en wêreld."

Stoker[136] gaan ook verder en verduidelik sy keuse van gebruik van die term lewens- en wêreldbeskouing.

> *"Uit hierdie omskrywing blyk dat die term 'lewens- en wêreldbeskouing' enigsins misleidend is, omdat hier net van lewe en wêreld gespreek word, terwyl 'n lewens- en wêreldbeskouing ook geloofsoortuigings aangaande God insluit. Verder is die omskrywing enigsins onvolledig, omdat baie lewens- en wêreldbeskouings nie aan God glo nie, maar iets anders in die plek van God stel en dit tot afgod maak. By die omskrywing behoort bygevoeg te word "of aangaande die wedersyds verhouding van mens en wêreld EN iets wat in die plek van God gestel word."*

Stoker het met bogenoemde definisie en verduideliking suksesvol aangetoon waarom daar na 'n lewens- en-wêreldbeskouing verwys moet word. Die bogenoemde verduideliking bring ook duidelik verskillende aspekte van 'n lewens- en wêreldbeskouing na vore naamlik: epistemologie, metafisika en die etiese. In verhouding tot God en verhouding tot die medemens en verhouding tot die natuur, handhaaf die mens 'n sekere epistemologiese beskouing (vgl. Bahnsen 2007:61 – "the study of the nature and limits of human knowledge"), asook 'n sekere metafisiese beskouing (vgl. Bahnsen 2007:56 – "The study of the ultimate nature of reality") en 'n sekere etiese beskouing (vgl. Bahnsen (2007:55) – "…studies right and wrong attitudes, judgments, and actions, as well as moral responsibility and obligation."). So vind die gedagtes van Stoker en Bahnsen bymekaar aansluiting en kan dit aanvullendgebruik word.

Die definisie van 'n lewens-en wêreldbeskouingkan dus soos volg daaruit sien:

'n Lewens- en wêreldbeskouing is 'n netwerk van antwoorde op fundamentele vrae (m.b.t. die verhouding van mens tot God, sy medemens en die natuur), bepaald deur voor-wetenskaplike voorveronderstellings (bestaande uit metafisiese, epistemologiese en etiese oortuigings) wat nie wetenskaplik geverifieer kan word nie, maar waarteen alle ervaring gemeet en geïnterpreteer word (vgl. hierbo definisies van Stoker en Bahnsen).

[135] Geen bladsynommers
[136] Stoker (n.d.:(b) 'Omskrywing van 'n lewens- en wêreldbeskouing')

Die belangrikheid hiervan, soos reeds aangetoon, kom na vore o.a. in wetenskapsbeoefening. 'n Gegewe lewens-en wêreldbeskouing het 'n direkte invloed op wetenskapsbeoefening en selfs die resultate daarvan. Daarom die nadruk daarop om wetenskap te beoefen vanuit 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing, om by regte resultate uit te kom, gelei deur God en sy Woord. Dis ook die taak van die wetenskaplike om deur sy navorsing die onhoudbaarheid van die nie-Christelike wetenskap (gevorm deur 'n ander lewens- en wêreldbeskouing) aan te toon en selfs uit te daag. Hierdie kan egter slegs geskied op 'n lewens- en wêreldbeskoulike vlak. Daarom die belangrikheid dat by alle Christen wetenskaplikes, 'n Christelike lewens-en wêreldbeskouing gevorm moet word. Universiteite speel hierin 'n kardinale rol. As die Christen nie 'n Christelike lewens-en wêreldbeskouing op universiteitsvlak (en selfs op skoolvlak) geleer word nie, sal daar 'n ander lewens-en wêreldbeskouing die plek daarvan inneem. Geen mens kan ooit 'n neutrale staanplek inneem t.o.v. lewens-en wêreldbeskouing nie. Dit sal beteken dat die mens geen voorveronderstelling het waaraan enige ervaring gemeet word nie. Neutraliteit kom in hierdie opsig, eerder neer op afwesigheid. Sonder 'n sekere epistemologiese gerigtheid is geen kennis moontlik nie; ook nie die metafisiese en die etiese nie. As die "neutrale" persoon in die tuin loop en die boom sien (metafisiese), dan het daardie persoon 'n sekere manier hoe hy/sy oor bome dink (epistemologiese), asook 'n morele oordeel rakende die verhouding van die mens tot bome (etiese). Neutraliteit beteken dat bome nie geken, geïnterpreteer of sy/haar verhouding tot die boom moreel beoordeel kan word nie. Volgens Stoker (n.d.:(b) 'Om 'n lewens- en wêreldbeskouing te hê is algemeen-menslik') is 'n lewens-en wêreldbeskouing deel van menswees.

> *"Elke primitiewe volk het sy lewens- en wêreldbeskouing en nie alleen kultureel ontwikkelde volke nie. Nie alleen volwasse mense nie, maar ook die kind (soos Piaget aangetoon het) het sy lewens- en wêreldbeskouing. By alle mense tref ons oortuigings aan wat sy opvattings van God, mens en wêreld uitdruk, oortuigings wat sy lewe en ervaring sinvol maak, wat die doel en waarde van wat hom omring en van al sy doen en late weergee en wat sy lewe rig en lei."*

Stoker[137]brei hierdie verhoudingsaspekte verder uit na verskillende aspekte aanwesig by lewens- en wêreldbeskouing waaronder die van die sosiale, dinamiese en historiese[138].

Wetenskap kan nie sonder voorwetenskaplike kennis (waarvan 'n lewens- en wêreldbeskouing die basis vorm) beoefen word nie. Die vertrekpunt van enige persoon met enige ideologie berus op die lewens- en wêreldbeskouing van daardie persoon.

---

137 Stoker (n.d.:(b) 'Om 'n lewens- en wêreldbeskouing te hê is algemeen-menslik')

138 (vgl. ook verder Wolters, 1983)

Om die apologetiese praktisiteit hiervan aan te toon wys Stoker (1971:34–35)op die invloed wat lewens-en wêreldbeskouing het op die idee van evolusie.

> *"For instance, evolutionism confronts us with a host of facts concerning accidental genetic and mutational as well as ontogenetic and phylogenetic variations, phenotypes and genotypes, analogies, sequences of strata, fossils, and so on, but yet it presupposes, for instance, autonomy of thought, a positivistic (even if neopositivistic) conception of facts, a universal dynamic continuity of causes, a right to universal generalization and extrapolation and that nature must be wholly explicable by nature alone. These presuppositions cannot be proved scientifically, but without them evolutionism falls to pieces; and evolutionism must appear to him who does not accept these presuppositions to be a grand speculation virtually comparable to the speculative system of Hegel.".*

Let op: Stoker toon nie net aan dat evolusie gebou is op sekere voorveronderstellings nie, maar toon ook aan dat vir ŉ persoon wat nie hierdie voorveronderstellings handhaaf nie, die teorie van evolusie niks meer as spekulasie sal wees nie. As daar dus in apologetiese gesprek getree wil word met ŉ persoon wat die evolusie-teorie handhaaf, moet daar ook op lewens-en wêreldbeskoulike vlak geredeneer word en nie bloot op die vlak van wat die teorie behels nie. Apologeties kan die teorie van evolusie nie gehandhaaf word as die voorwetenskaplike voorveronderstellings wat die lewens- en wêreldbeskouing opmaak ongeldig is nie.

Vir volledigheid kan daar op gewys word dat Stoker (1971:37) vier kenmerke aantoon hoe onderskei kan word tussen voorwetenskaplike en wetenskaplike kennis. Dit kan soos volg in tabelvorm uiteengesit word:

**Tabel 3-1: Onderskeid tussen voorwetenskaplike en wetenskaplike kennis**

| Voorwetenskaplike kennis | Wetenskaplike kennis |
|---|---|
| Dit vorm deel van die mens se totale ervaring. | Dit is gefokus op ŉ spesifieke navorsingveld van ondersoek. |
| Voorwetenskaplike kennis is nie noodwendig sistematiese kennis nie, dis eerder kennis wat mens as vanselfsprekend aanvaar en byna nooit sistematies uiteen sit nie. | Wetenskaplike kennis is sistematies van aard. Dit wil die *Waarom? Hoe? Waar?* en soortgelyke vrae sistematies uiteensit en beantwoord. |
| Voorwetenskaplike kennis word oor die algemeen nie geverifieer nie. Die verifikasie van voorwetenskaplike kennis is byna onmoontlik. Die verifikasie van sintuiglike waarneming, behels die ondersoek na kognitiewe fakulteite soos geheue en rede. | Dis is juis deel van die beskrywing van wetenskaplike kennis dat dit geverifieerde kennis is. |

Die feit dat wetenskaplike kennis op voorwetenskaplike kennis gebou word, bemoeilik die sistematisasieverifikasie van wetenskap. Stoker[139] beskryf dit soos volg: "Accordingly science (including theology, philosophy, the particular, inter-and intermediate sciences) is knowledge, which is, by means of technical methods, intentionally, as **far as possible systematic** (laying bare relations and coherence) and as **far as possible verified** (founded and proven) knowledge as such of the knowable. I have intentionally inserted the phrase "as far as possible."

Opsommend is daar in hierdie gedeelte ondersoek gedoen na die verskil in voorwetenskaplike en wetenskaplike kennis. Met die bespreking rakende voorwetenskaplike kennis is gesien dat uit 'n lewens-en wêreldbeskouing voortvloei wat voorveronderstellings insluit. Hierdie lewens-en wêreldbeskouing het dus 'n sekere vertrekpunt wat apologeties verantwoordbaar moet wees. Die definisie van Stoker en Bahnsen is tot een definisie van lewens- en wêreldbeskouing gekombineer. Op dié wyse is die denke van Van Til ook geïntegreer. (Die ooreenkoms tussen Stoker en Van Til rakende die besonder Calvinistiese lewens-en wêreldbeskouing geniet in hoofstuk 4.2. aandag).

Lewens-en wêreldbeskouings moet apologeties verantwoord kan word. Wanneer daar gekyk word na voorwetenskaplike kennis, kom die verdeling wat Stoker maak t.o.v. die vakwetenskappe ook aan die orde.

### 3.2.3.2 Vakwetenskaplike-indeling ("On the Division and Unity of Science")

Stoker[140]tref hoofsaaklik 'n drie-ledige onderskeid met sy indeling van vakwetenskappe:


(i) Individuele wetenskappe ("Science Proper")

(ii) Inter-wetenskappe ("Intersciences")

(iii) Intermediêre wetenskappe ("Intermediary")

Om die invloed van voorwetenskaplike kennis op die wetenskaplike siening van Stoker aan te toon, word bondige grafiese uiteensetting van die indeling gegee.

139 Stoker 1971:37
140 Stoker 1971:38-41




**Figuur 3-2: Illustrasie 4 – Stoker se Wetenskapsleer**

Uit die grafiese uiteensetting blyk dat Stoker Teologie en Filosofie sien as die basis waaruit al die vakwetenskappe vloei. Dit bring meteens die aktualiteit van lewens-en wêreldbeskouing as voorveronderstelling tot wetenskapsbeoefening na vore.

Die individuele wetenskappe deel Stoker[141] op in Teologie, Ouranologie en Filosofie. Hierdie drie sien Stoker as die basis van die ander uiteenlopende wetenskappe. Ouranologie (die leer oor die hemel) sluit volgens Stoker ook Angiologie (leer oor engele) in. Die Enigste bron wat die mens egter besit om inligting te verkry oor die hemel of engele is die Woord van God.Die Woord is egter nie geskryf om die mens van engele of die hemele te leer nie; dus is die Bron beperk in sy informasie rakende die hemel en engele. Waar die hemel of engele wel bespreek word in die Bybel, het dit gewoonlik ʼn soteriologiese of ʼn openbarings-historiese fokus (vgl. o.a. Luk. 1:19, Gen. 22, 31 ens.).

As Teologie en Filosofie as die basis van ander wetenskappe beskou word, moet die doel van elkeen duidelik gedefinieer en onderskei word.  As dit nie sou gebeur nie, sou die Teologie op die grond van die Filosofie probeer uitsprake maak en so ook die Filosofie op die grond van die Teologie.

Stoker (1971:39) maak die opmerking dat hierdie saak nie maar opgelos kan word, deur die doel van elkeen onderskeidelik te vind in die openbaring (natuur- en Skrifopenbaring onderskeidelik) nie. Die openbaring van God vanuit die natuur, openbaar sekere waarhede oor God, maar net so openbaar die Skrif sekere waarhede oor die kosmos. Die doel van die Skrif is egter nie om die mens volledige kennis te gee oor die kosmos nie, maar oor die Openbaring van Christus as die Finale Antwoord. Die Drie-Enige God wat die mens leer ken deur die studie van die Skrif (in besondere sin dan die studie van God – genoem die Teologie), moet as voorveronderstelling dien vir al die mens se denke, so ook as basis-voorveronderstelling tot die denke oor die kosmos en die relasies aanwesig in die kosmos (genoem die Filosofie). In hierdie opsig word duidelik tussen Teologie en Filosofie onderskei. Die Teologie is dan die studie na God en die Filosofie die studie na die kosmos en sy eenheid en verskeidenheid. Die Teologie gee ook aan Filosofie sy kennis oor God, waar die Filosofie op sy beurt weer sy kennis oor die kosmos (wat die mens insluit) gee. Daarmee word nie beweer dat Filosofie nie kan filosofeer oor God of die kosmos nie. Dit kan dit egter nooit los van Teologie doen nie.Net so kan Teologie nie los van Filosofie oor die kosmos of oor God filosofeer nie.

141 Stoker 1971:38-39

Die kenleer van Stoker moet hier in geheel oorskou word. Soos reeds aangetoon, vind Stoker die antwoord tot die Archimedespuntvraagstuk in God as Skepper met die kosmos as Sy skepping[142]. Stoker[143]verwoord dit soos volg: "…Because to the field of theology belong the ultimate problems, it may be called the "*scientia prima inter pares*."". Die Filosofie en Teologie is soos 'n Koning en 'n Koningin, wat albei vanuit die voorveronderstelling van die Christelike Teïstiese God, oor God en die Kosmos filosofeer. Om hierdie doel te verwesenlik word ook periodiek van ander vakwetenskappe gebruik gemaak. Hierin is 'n verdere apologetiese saak wat na vore kom. As hierdie vertrekpunt gehandhaaf word, sal alle wetenskap vanuit 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing hanteer word, en sal sekere hipoteses van die eerste oomblik af ongeldig wees. Dink byvoorbeeld aan die teorie van evolusionisme, wat deur o.a. die biologiese, argeologiese, geologiese wetenskappe gebruik word. Die hipotese wat bogenoemde vertrekpunt, wat die Christelike Teïstiese God nie in ag neem nie, is dus ongeldig. Hierdie kan egter nie los verstaan of gestel word van die kenleer van Stoker asook van Van Til in totaliteit nie. Stoker[144]verwoord dit soos volg: "…The unity of the theory of man's knowledge can be attained only by a full co-operation of the special sciences of theology, philosophy, and the particular sciences."

### 3.3 Finale Samevatting

Die kenleer van Van Til is deurentyd in hierdie hoofstuk geïntegreer met die kenleer van Stoker.

In die nagaan van die skrywe tussen Stoker en Van Til is in besonder gekyk na die verstaan van kennis, wetenskapsbeoefening en die ensiklopediese indeling van wetenskappe.

In die volgende hoofstuk wil daar ondersoek gedoen word na die voorgestelde verbindingspunt tussen die apologetiese metode van Van Til en die wysbegeerte van Stoker, om uiteindelik vanuit hierdie verbinding voorlopige praktiese toepassings te gee relevant tot die alledaagse lewe.

---

142 Stoker 1971:38
143 Stoker 1971:37-38
144 Stoker 1971:41

# Hoofstuk 4: Voorveronderstellings

## 4.1 Inleiding

In hoofstuk 2 is die agtergrond geskep waarteen die voorstel van Stoker aan Van Til verstaan kan word. Hoofstuk 3 op sy beurt fokus op die skrywe tussen Stoker en Van Til. Hierdie hoofstuk wil fokus op die voorveronderstellings aanwesig by Stoker en Van Til. Die belangrikheid is alreeds, in hoofstuk 3 uitgewys met die bespreking, rakende die lewens- en wêreldbeskouing.

Daar is reeds in hoofstuk 2 en 3 na die voorveronderstellings, rakende die skrywe tussen Stoker en Van Til, gekyk. Hierdie hoofstuk wil egter met groter besonderheid fokus op die voorveronderstellings van bogenoemde skrywers. Dit dien ook as ŉ oorgang tot die verbindingsvoorstel waarophoofstuk 5 op berus.

## 4.2 Voorveronderstellings aanwesig by die Denke van Stoker

Soos reeds gesien in 3.2.3.1.

Stoker vind die kern-voorveronderstelling in God, as die Arché – die Algenoegsame. Vanuit hierdie voorveronderstellingsdenke van die Christelike Teïstiese God, as die Algenoegsame Syn, bou Stoker sy Christelike lewens-en wêreldbeskouing uit. Die ondersoek na die voorveronderstellings, aanwesig by die wysgerige denke van Stoker, asook die apologetiese denke van Van Til, vind sy uiteensetting in die nagaan van die betekenis van lewens-en wêreldbeskouing by elk.

In die apologetiese metode van Van Til word die Christelike lewens- en wêreldbeskouing, met die Christelike Teïstiese God as Basis-voorveronderstelling en as Begin van alles gehandhaaf word. Dit sluit aan by die wysgerige denke van Stoker, wat God as die Algenoegsame Arché as Antwoord op die Archimedespunt, wat sin gee aan die skepping (vgl. hoofstuk 2), sien.

### 4.2.1 Christelike Lewens- en wêreldbeskouing (Besonder)

As lewens- en wêreldbeskouing gedefinieer is, (vgl. 3.2.3.1.), moet gevra word na die verstaan van ŉ Christelike lewens- en wêreldbeskouingsleer. Stoker en Van Til vereenselwig hulle met die Calvinisme. Die voorveronderstellings aanwesig in die vertrekpunte van Stoker en Van Til kan dus nie los van die Calvinistiese vertrekpunt aanwesig by elk ondersoek word nie. Stoker

doen dit as filosoof fokus dus meer op ŉ wysgerig-gerigte Calvinistiese lewens-en wêreldbeskouing, waar Van Til as teoloog op sy beurt meer fokus op ŉ teologies-gerigte Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing.

As daar ŉ verskil in wetenskaplike fokus (Stoker wysbegeerte en Van Til teologie) bestaan, sal dit buiten die verskil in lewens- en wêreldbeskoulike inhoud, óók ŉ invloed hê op die voorveronderstellings, waaruit elkeen hulle Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing bou.

Volgens Stoker (n.d.:(b) 'Wat is 'n lewens- en wêreldbeskouing?') word ŉ persoon se lewens-en wêreldbeskouing gevorm deur fundamentele vrae oor die:

- "…oorsprong…van die mens en van die wêreld…ook aangaande hul verhouding tot God"

Hierdie vraag in besonder, kan nie deur die wysbegeerte beantwoord word nie. Dit kan slegs beantwoord word deur na die basis-voorveronderstelling van elke mens se lewens- en wêreldbeskouing deur te dring. Sou die oorsprong van die mens en die wêreld in iets anders as God gevind word, sal daar ŉ gedeelte van die skepping verabsoluteer word. Hiérop kan die wysbegeerte verder uitbrei. Die gevolge van die vraag kan deur die wysbegeerte beredeneer en selfs apologeties verantwoord word. Dit kan egter nie as primêre of die volledige antwoord op die oorsprongsvraag geld nie. Vanuit die Teologie word die kosmos en ook die hemel gesien vanuit die skeppende hand van God, deúr God en tót God (vgl. Stoker[145], ook 1 Kor. 8:6[146]).

Soos hierbo aangetoon, besit elke mens ŉ sekere lewens- en wêreldbeskouing. Vir die Christelike Apologetiek is daar dus geen ander begin as die Christelike vertrekpunt, soos hier uiteengesit, nie. Dit is belangrik dat Christelike apologetiek nie probeer óf voorgee, om neutraal (asof voorveronderstellingsloos) op te tree nie.

- "…sin…van die mens en van die wêreld…ook aangaande hul verhouding tot God"

As daar na die sin van die kosmos (wat die mens insluit) gevra word, moet dit ook in verhouding tot God gevind word. Met die uitgangspunt dat alles vanúit, déur en tót Hom is, sal dit nie moontlik wees om sin te vind in die dinge rondom die mens los van God nie. Met die antwoord van Stoker op die Archimedespunt-vraagstuk (vgl. hoofstuk 2) kom ŉ verdere aspek na vore. Met sy ontwikkeling van die *wysbegeerte van die skeppingsidee* het Stoker (vgl. hoofstuk 2) hierdie vraagstuk beantwoord deur God as die Skepper, en die kosmos, as sy skepping te sien.

[145] Stoker (n.d.:(b) 'Wat is 'n lewens- en wêreldbeskouing?')
[146] (Bybel, 1953)

"Daarmee ken Stoker nie…aan die wet ŉ eie syn toe nie. Stoker aanvaar ŉ tweërlei syn: die absolute, algenoegsame syn van God en die onselfgenoegsame, kreatuurlike, geheel en al van God afhanklike syn van die kosmos." (Heyns, 1994a)[147]. Die kosmos vind dus sy betekenis en waarde terug in die Gewer van alles, dit is in die Christelike Teïstiese God Self (vgl. Stoker 1933a:41, 60-63). Hierdie verhouding wat Stoker beskryf, is egter God as Instandhouer, Betekenis-gewer. Met hierdie, onderskei Stoker[148] duidelik tussen God as die Arché aan die een kant, waarin die hele skepping as samehang (eenheid) sy betekenis vind. Aan die anderkant, die afhanklike kosmos, as die geskape werklikheid, in verskeidenheid. Dis op hierdie belangrike moment waarmee Van Til (2003:24) ook saamstem. Van Til[149] verklaar oor God: "…God is in no sense correlative to or dependent upon anything besides his own being…God is absolute (John 5:26; Acts 17:25).He is sufficient unto himself.". Daarenteen is die kosmos nie selfstandig nie. Dit is van kernbelang vir die apologetiese studie. Op hiérdie punt moet die wêreldgebaseerde apologetiek wat noodwendig hul vertrekpunte binne die wêreld en in ŉ geslote sisteem[150] moet vind, bevraagteken word. Evolusie vind byvoorbeeld sy betekenis in die biologiese en genetika, binne ŉ geslote sisteem. Daar kan dus geen betekenis buite die sisteem van evolusie of die gevolge daarvan gevind word nie. Met evolusie is die mens o.a. uitgelewer aan die natuurkragte. Wat hierdie onpersoonlike krag vólgende "besluit" om te doen, dit sal gebeur. Evolusie is o.a. ŉ ten volle deterministiese sisteem. Buiten hierdie feit, word soos hierbo genoem, sin juis gevind in die persoonlike God, wat nie net die kosmos skep nie, maar ook in stand hou. In die onpersoonlikheid van die evolusieproses is die mens niks meer, as maar net ŉ rat in die blykbaar eindelosegevolge van biologiese prosesse nie. Dit bring nog meer wanhoop tot gevolg en nog minder sin en betekenis, by die mens.

- "…doel van die mens…ook aangaande hul verhouding tot God"

Die doel van die mens sluit ten nouste aan by die sin van die mens, wat op sy beurt aansluit by die waarde (vgl. hoofstuk 3) en die oorsprong van die mens. Waarde is reeds in hoofstuk 3 in groot besonderheid bespreek. Hier sal bloot na die aanhaling van Stoker (1970:8,9,11) daarop gewys word[151]:

> *"Want waarde is ŉ kwaliteit of kwalifikasie waaraan ŉ handeling (as geskenk, as 'loon') deel kry, as die handeling beantwoord aan die waarheid van Gods*

[147] (vgl. ook Schulze, 1994)
[148] Stoker 1933a:41, 60–63
[149] Van Til 2003:24
[150] ŉ Geslote sisteem verwys na 'n sisteem soos die kosmos, wat geen Bo-natuurlike of buite-invloede erken nie. Christene erken egter eerder 'n oop-sisteem in kontras.
[151] Eie beklemtoning

> *Woordopenbaring; beantwoord aan die* ***roeping*** *deur God aan die mens gestel; beantwoord aan sy, deur God bepaalde kreatuurlike,* ***aard****; beantwoord aan die vaste (waaronder eerstens die Skriftuurlike)* ***beginsels****; beantwoord aan die deur God bepaalde* ***sin*** *van mens en wêreld; beantwoord aan die* ***wette en norms*** *(waaronder gebooie) deur God aan die mens gestel; beantwoord aan die* ***doel en bestemming*** *van mens en wêreld soos deur God bepaal. Waarde is dus 'n konsekwensie, 'n gevolg, 'n resultaat waaraan iets (hier dus: die mens en sy handelings) deel kry as dit aan die genoemde instansies beantwoord".*

Die mens vind sy doel ten diepste teologies, in die feit dat hy geskape is na die beeld van God (vgl. Van Til, 2003:40). Om die doel van die mens reg te verstaan, moet die mens verstaan word, soos die mens in die tuin van Eden was vóór die sondeval (vgl. Gen. 1-2[152]). Siende dat die mens geskape is na die beeld van God, maak dat die mens "…a personality" is (Van Til 2003:40), maar nog meer dat die mens geskape is "…to emphasize the fact that man resembles God especially in the splendor of his moral attributes, we add that when man was created, he had true knowledge, true righteousness, and true holiness…(Col. 3:10; Eph. 4:24)" (Van Til 2003:40).Dit stel die mens, of hy dit wil erken of nie (in 'n wye sin gesien) in 'n verhouding tot God – 'n verhouding waarin 'n persoonlike God, met persoonlike interaksie en Openbaring aan die mens sy doel gee. Die mens is 'n persoonlikheid, anders as die diere en plante wat onpersoonlik is. Vanuit hierdie persoonlikheid kan die mens dan God en sy medemens dien. Dit gee aan die mens besondere doel en betekenis.

- "…verhouding…van God tot mens en wêreld…"

Hierin is die wysbegeerte weereens beperk. Om die verhouding van God tot mens en kosmos te verduidelik, sal daar na die Teologie toe beweeg moet word. Deur die antwoord tot die Archimedespunt-vraagstuk trans-kosmies te vind in 'n transendentale openbaring (soos die Bybel self) bring weer die verhouding van teologie tot wysbegeerte na vore. Hierop antwoord Stoker (1935:20-21) soos volg:

> *"There is nothing humiliating to philosophy in accepting its first principle from theology, just as there is no humiliation to any of the particular sciences in accepting its first and fundamental concepts from philosophy. Philosophy even generally finds its unifying principle in the concept of the divine, of deity – and the philosopher's faith in this principle is not only acquired by philosophical speculation but also and even more fundamentally by his pre-philosophical religious experience. Philosophy demands it's religious or theological a priori in the same way as the particular sciences demand their philosophical a prior.".*

---

152 (Bybel, 1953)

Stoker onderskei God, ook vanuit die teologiese wetenskap, as die Algenoegsame Syn. Soos Van Til (2003:41), wat op sy beurt as apologeet, op die teologiese vak van sistematiese teologie staatmaak. Hy beskryf die verhouding en doel van hierdie verhouding van God tot die kosmos soos volg: "…man was organically related to the universe about him.Man was to be prophet, priest, and king under God in this created world…As a prophet, man was to interpret this world after God, as a priest he was to dedicate this world to God, and as a king he was to rule over it for God.".Hierdie doel wat God gestel het in die skepping van die kosmos word egter by die mens meermale verontagsaam. Die mens wil voorgee of hy self oorspronklik kreatief kan wees. Hy misken só God as Finale Standaard.

Verder as **priester** verontagsaam die mens meermale hierdie roeping om God in erkentenis te hou t.o.v. die kosmos. Die mens wil vanuit homself, los van God, die bogenoemde vrae beantwoord. As **koning** wil die mens nie net oor die kosmos regeer nie, maar ook oor God regeer. Die interessante is as daar gekyk word na die plek van die mens, sal daar opgelet word dat die mens ŉ slaaf is van sy eie verabsoluterings. Ook ánder nie-Christelike lewens- en wêreldbeskouings, het ŉ god wat aanbid word. Die god is die spesifieke gedeelte van die kosmos wat verabsoluteer word: hetsy rede, biologiese prosesse, genetiese kenmerke, ens. Ook die nie-Christelike anderskennendes staan in verhouding tot hierdie god. As daar na oorsprong, sin, doel of betekenis gevra word, sal hierdie verabsolutering gebruik word. Die rasionalis as voorbeeld, is dus nie méér **profeet** wat gedagtes van God moet herinterpreteer nie, hy leef in ŉ skyn-denk wêreld van onmoontlikhede (soos aangetoon is in hoofstuk 3 deur die epistemologiese probleem). Laastens is die rasionalis ŉ slaaf wat dink dat hy vry is, deur die rede wat hom regeer.[153]. Dit bring mee dat die Christen-apologeet nooit ŉ aanknopingspunt hoef te soek met die anderskennendes nie. Die aanknopingspunt word van nature deur hulle eie geaardheid geskep.

Soos aangetoon, bring die beantwoording van die vrae (waar moontlik) vanuit die wysbegeerte ŉ verryking aan die teologiese besinning. Dit benader aspekte – veral die kreatuurlike skepping – vanuit die vertrekpunt van God as Heerser, Normgewer, ens. Daarom is dit belangrik dat die wysgerige denke van Stoker, ter wille van apologetiese beoordeling, as aanvulling dien tot die teologiese denke van Van Til. Dit sal die versoeking vir die wysbegeerte, om te filosofeer oor God, uitskakel en vir die teologie sowel as die wysbegeerte ŉ eie veld van ondersoek en juis ook verantwoordbaar laat (vgl. Stoker, 1948:10-11).

---

[153] Hierdie toepassing kan met enige ander verabsolutering (-isme) ook gedoen word.

Dit verhoed juis dat van ŉ valse vertrekpunt en benadering na aspekte van die skepping gekyk word. Die wysgerige oogpunt kan nooit los van die teologiese oogpunt gesien word nie. Hiermee is Van Til (2003:61)dit eens: "It implies only that philosophy and science must, as well as theology, turn to Scripture for whatever light it has to offer on general principles and particular facts. In order to do so they may ask the assistance of theology.". Dit maak egter nie wysbegeerte ŉ slaaf van teologie nie, maar skep eerder ŉ wisselwerking, met soewereiniteit in eie kring (soos deur A. Kuyper uiteengesit), steeds in plek. "Soewerein, op eie gebied, verrig dit selfstandig en in vrye wisselwerking met die teologie en met alle vakwetenskappe sy eie taak. Calvinistiese wysbegeerte is Teosentries; dit word ook transendensie-wysbegeerte genoem, omdat dit weier om die absolute Grond van die kosmos binne die kosmos te soek." (Stoker, 1948:11). Daar is al genoegsaam aangetoon hoe dit apologeties gebruik kan word. Hier kan egter genoem word, dat hierdie nie net apologeties teenoor anderskennende filosowe gebruik kan word nie, maar ook teenoor ander gelowe. Die vertrekpunte van gelowe word ook gevind in die kosmos i.p.v. in die Christelike Teïstiese God. Buiten die voor-die-handliggende feit dat gelowe ŉ ander god aanbid, bestaan die feit ook dat hierdie gode ook (maar vanuit kosmos-verabsoluterings) ontwikkel en verstaan word. Die Islam se fokus op moralisme en in sekere gevalle selfsekstremisme, asook die Buddisme se mistisisme en die Hindoeïsme se veelgodedom, kan as voorbeelde dien.

Die openheid om die plek en gebruik van die Teologie en Filosofie te erken, bring meer ooreenkomste tussen die denke van Stoker en Van Til. Dit bring mee dat die vertrekpunte waaruit elk redeneer, nie slegs ŉ Christelike karakter dra nie – maar ook gegronde Bybels-Teologiese karakter. Dit verryk die gereformeerde apologetiek. Die rykdom is duidelik sigbaar in o.a. die eenheid-en-verskeidenheidsbeginsel. Stoker (n.d.:(b) 'Die saamhangende verskeidenheid') verwoord dit soos volg: "Die Calvinistiese beginsel van 'soewereiniteit in eie kring' (geformuleer deur A. Kuyper) is gegrond in hierdie verskeidenheidsbeginsel en eis dat hierdie van God gewilde verskeidenheid ten volle eerbiedig sal word. Die beginsel van 'soewereiniteit in eie kring' (in omvattende betekenis verstaan) speel in die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing ŉ besonder belangrike en omvattende rol. Hierdie beginsel kan in alle konsekwensie slegs deur die Calvinisme gehandhaaf word en wel weens sy eenheidsvisie wat God alleen as die absolute Middelpunt van álles sien en die onherleibare verskeidenheid in Gods soewereine skeppings- en bestieringswil fundeer.". Stoker en Van Til handhaaf egter nie sommer enige Christelike lewens- en wêreldbeskouing nie, maar in besonder die Calvinisties-gereformeerde lewens- en wêreldbeskouing. Stoker sê dat in die Calvinisme is reeds die

eenheidsvisie van die Drie-Eenheid aanwesig is, so-ook vind die verskeidenheid sy betekenis daarin.

## 4.3 Voorveronderstellings aanwesig by Van Til se apologetiese metode.

Geisler (2012:452) stel dat voorveronderstellings-apologetiek (wat 'n uitvloeisel is van Van Til se denke) se vertrekpunt sekere basiese voorveronderstellings behels (let op die ooreenkoms met Cowan, 2000).Volgens die apologetiese benadering moet die Christen-apologeet eers sy voorveronderstellings, veral dat God bestaan en Christelike geloof waar is, erken en dan van daardie posisie af verder met die anderskennende in gesprek tree. Die voorveronderstellings-apologetiek gaan van die standpunt van wêreldbeskouing uit – elke mens besit 'n sekere wêreldbeskouing en geen mens kan aanspraak maak op 'n neutrale benadering nie (Geisler, 2012:452).

Bahnsen (1998:2) definieer 'n voorveronderstelling dan soos volg[154]:

> *"A 'presupposition' is an elementary assumption in one's reasoning or in the process by which opinions are formed…a personal commitment that is held as the most basic level of one's network of beliefs…(starting point) in terms of which everything else is interpreted and evaluated…presuppositions have the greatest authority in one's thinking, being treated as one's least negotiable beliefs and being granted the highest immunity to revision.".*

Op grond hiervan kan "presupposition" oftewel voorveronderstelling beskryf word as die bron of vertrekpunt in 'n persoon se denke waaruit alles geïnterpreteer word en wat die kleinste kans het om te verander. Hierdie vertrekpunte het 'n sekere lewens- en wêreldbeskouing (vgl. "…network of beliefs…") tot gevolg.

Bahnsen[155] wys daarop dat die Waarheid van die Woord van God, vir die Christen-apologeet deel van sy voorveronderstelling behoort te wees. Hierdie Waarheid (die Woord van God) handhaaf op sy beurt die Christelike Teïstiese God as Basis-voorveronderstelling. Voorveronderstellings-apologetiek gaan uit van die standpunt dat ook 'n nie-Christen in die geskape werklikheid van die Drie-Enige God leef, selfs sonder erkenning daarvan. Deur die algemene genade is die metafisiese bestaan en die epistemologiese kennis en die etiese keuses van alle mense moontlik (vgl. ook Stoker by punt 2.2.3.).Nie alle mense erken hierdie ontiese Waarheid nie – en onderdruk dit in onregtigheid deur skeppingselemente te verabsoluteer (verafgod). Hierin stem Stoker en Van Til ooreen (vgl. Stoker 2.2.3.).

---

[154] Vergelyk 1.7. vir die keuse van woordgebruik

[155] Bahnsen 1998:2

Romeine 1:18(b)-19(Bybel, 1953) beskryf dit soos volg:

> *"…oor al die goddeloosheid en ongeregtigheid van die mense wat in ongeregtigheid die waarheid onderdruk,* **19***omdat wat van God geken kan word, in hulle openbaar is, want God het dit aan hulle geopenbaar.".*

Die mens geskape na die beeld van God (vgl.Gen.1-2[156]), staan dus in verantwoordbaarheid tot God.Die voorveronderstellings-apologetiek stel die mens voor hierdie verantwoordelikheid en roep die mens op tot verantwoording voor God en geloof in Christus Jesus as die Seun van God. Hierdie verantwoordelikheid figureer in die denke van Stoker sowel as Van Til.

Die taak van die Christen-apologeet, wat die voorveronderstellings-metodiek onderskryf, is dus om aan te toon dat sonder die Basis-voorveronderstelling van die bestaan van die Christelike Teïstiese God, daar altyd inkonsekwentheid aanwesig sal wees in die lewens- en wêreldbeskouing van die anderskennende. Daarmee saam word die Christelike Teïstiese God as die enigste vertrekpunt gehandhaaf.

Stoker en Van Til het met die voorveronderstellings-apologetiek en die *wysbegeerte van die skeppingsidee* apologetiese metodiek daargestel, teen die verabsolutering van ŉ gedeelte van die skepping (vgl. Bahnsen, 1998:1-2, 90-100; Stoker, 1933a; Van Til, 2003).

ŉ Verdere ooreenkoms tussen Stoker en Van Til word gevind in die feit dat hulle albei transendentale metodes en nie net immanente metodesgebruik om te redeneer nie.Net soos Stoker het Van Til besef dat die moontlikheid om die verskeidenheid en eenheid wat in die skepping aanwesig is, in die regte verhouding te handhaaf, slegs moontlik is as daar op ŉ transendentale metode geredeneer word, dit is om te begin met die Christelike Teïstiese God as die Basis-voorveronderstelling.

Bahnsen (1998)verduidelik dit soos volg:

> *"Transcendental reasoning is concerned to discover what general conditions must be fulfilled for any particular instance of knowledge to be possible…Van Til asks what view of man, mind, truth, language, and the world is necessarily presupposed by our conception of knowledge and our methods of pursuing it."*

Verder verduidelik Van Til (2008:298)dit soos volg:

> *"[T]he argument for Christianity must therefore be that of presupposition. With Augustine it must be maintained that God's revelation is the sun from which all*

[156] (Bybel, 1953)

> *other light derives. The best, the only, the absolutely certain proof of the truth of Christianity is that unless its truth we presupposed there is no proof of anything. Christianity is proved as being the very foundation of the idea of proof itself.".*

Die transendentale metode as voorveronderstelling van redenasie, soos ook by Stoker (alhoewel hy eerder klem plaas sy diafanerotiese metode), is van kernbelang vir die apologetiek van Van Til en die wysgerige denke van Stoker.

Hier sal hoofsaaklik gefokus word op die voorveronderstellings in Van Til se denke rakende die transendentale argument.

Om die belangrikheid hiervan aan te toon word Anderson (2005)se verduideliking bespreek. Anderson[157] in vergelyking van die epistemologie van Van Til met die van Alvin Platinga (bekende Christen filosoof), verdeel die transendentale metode van Van Til op in vier basiese hoofgedagtes:

- Die **eenheid-tot-diversiteit argument** ("One-many argument")

Anderson[158]verduidelik dat realiteit bestaan uit diversiteit sowel as eenheid bv.

> *"…Angus and Shona manifest unity by virtue of the fact that they are both human persons, and plurality by virtue of the fact that they are not one and the same but two distinct human persons…".*

Hierdie aanmerking vorm deel van die gegewe werklikheid en is duidelik waarneembaar. Die proses word egter moeilik as dit by die kenproses geassosieer met die werklikheid kom. Om kennis van Angus te kan hê moet die kenner dit wat Angus en Shona van mekaar onderskei, maar ook wat hulle onderskei van die wêreld, kan identifiseer[159]. As dit nie sou gebeur nie, sou Angus en Shona nie as mense geklassifiseer kan word nie. Die beginsel wat dit na vore bring verduidelik Anderson[160]dan soos volg:

> *"…It follows as a general principle that in order to have knowledge of objects in the world, the world must be such that its unity and plurality are related yet distinct. As such, the expressions of unity and plurality in the world must themselves manifest unity (through relations of commonality) and plurality (through distinction). The question naturally arises (as it did in ancient Greece) as to which aspect of reality is ultimate: unity or plurality…".*

[157] Anderson 2005
[158] Anderson 2005:16-17
[159] Anderson 2005:16-17
[160] Anderson 2005:16-17

Hierdie vraag bring die gesprek, rakende die verband tussen eenheid-en-verskeidenheid na vore. Die antwoord op hierdie vraag vind Van Til dan in die Christelike Teïstiese God self. Slegs in Hom vind die eenheid en die verskeidenheid van realiteit betekenis (vgl.2.2.3. Stoker se antwoord op die Archimedespuntvraagstuk – waar die skepping as ongenoegsame syn slegs sin vind in die Algenoegsame syn van God). Sonder dat die eenheid-en-verskeidenheid van die gegewe werklikheid teruggevind word in God self, sal eenheid of verskeidenheid ten koste van mekaar verabsoluteer word. As voorbeeld kan ons dink aan evolusie wat die eenheid ten koste van die verskeidenheid wil handhaaf of post-moderne lewens- en wêreldbeskouings wat verskeidenheid van waarhede, of denke ten koste van die eenheid van waarheid of denkpatrone handhaaf. Die verskeidenheidsbeginsel ten koste van eenheidsbeginsel, bring as voorbeeld ŉ eindelose hoeveelheid waarhede na vore, asof alle hipotese dieselfde geldigheid besit, alhoewel hierdie moontlikheid nie moontlik is in die realiteit nie. Dit gaan egter nog verder. In hierdie vele waarheid-hipoteses mag een waarheid nooit bo ŉ ander waarheid as waarheid verkondig word nie. Dit is summier op sigwaarde ongeldig. Verskeidenheid en eenheid is konsepte wat gelyk gehandhaaf moet kan word, om geldig te bly. Die oomblik as die een bo die ander gekies word, maak dit die bestaan van die ander onmoontlik. Dis twee kante van dieselfde muntstuk.

Anderson[161] haal Van Til aan in antwoord op hierdie vraag:

> *"As Christians, we hold that in this universe we deal with a derivative one and many, which can be brought into fruitful relation with one another because, back of both, we have in God the* ***original*** *One and Many. If we are to have coherence in our experience, there must be a correspondence of our experience to the eternally coherent experience of God. Human knowledge ultimately rests upon the internal coherence within the Godhead; our knowledge rests upon the ontological Trinity as its presupposition.".*

Die wysgerige antwoord van Stoker hierop is reeds hierbo bespreek. Hierin kan die teologies-apologetiese model op sy beurt die wysgerige model van Stoker verryk en so onder andere bydra tot ŉ Christelike wysgerige en vakwetenskaplike apologetiek. Soos deur Stoker aangetoon (vgl.2.2.3.) is die wysgerige ondersoek na die karakter van God beperk tot die teologie. Die verbinding tussen die model van Stoker en Van Til sal dus ook hierin ŉ verrykingsrol speel. Om die Wese te beskryf wat die eenheid-en-verskeidenheid saambind tot ŉ geheel, kan Stoker dus die hulp van die teologie inroep.

- Die **eenheid van Kennis** ("Unity of Knowledge")

---

161 Anderson 2005:16

Die probleem wat Anderson hier skets, bou voort op die bogenoemde. Met die feit dat alles deel vorm in verskeidenheid en eenheid in relasie tot mekaar, maak dit dat kennis slegs betroubaar is, as die kenner onbeperkte kennis besit. Indien die kenner se kennis beperk sou wees, sou die kenner afhanklik wees van 'n Wese wat onbeperkte kennis wel besit. Anderson[162] in aanhaling van Van Til beskryf dit soos volg:

> *"This modern view is based on the assumption that man is the ultimate reference point in his own predication. When, therefore, man cannot know everything, it follows that nothing can be known. All things being related, all things must be exhaustively known or nothing can be known…".*

Die epistemologiese probleem wat hier na vore kom, is nie slegs geleë in die feit dat die mens nie die kenproses in sy volledigheid, sonder openbaring, kan verduidelik nie. Dit is ook geleë in die feit dat as die mens die kenproses losmaak van openbaring, die rede van die mens voorop staan (vgl. 3.2.2.).Die rede van die mens kan egter nie die finale outoritêre standaard vir kennis wees nie. Die rede is wel 'n element in die proses. Van Til verduidelik dit soos volg:

> *"Here too every non-Christian epistemology may be distinguished from Christian epistemology in that it is only Christian epistemology that does not set before itself the ideal of comprehensive knowledge for man. The reason for this is that it holds that comprehensive knowledge is found only in God. It is true that there must be comprehensive knowledge somewhere if there is to be any true knowledge anywhere but this comprehensive knowledge need not and cannot be in us; it must be in God."[163].*

Dit is belangrik om op te let dat Van Til hier fokus op die beperktheid van die menslike kennis. Om hierdie ingewikkelde probleem op die spits te dryf, vereenvoudig Anderson[164]dit soos volg[165]:

> *"…the idea seems to be that **unless one knows everything about the universe, the interrelatedness of the universe means that whatever reasons or grounds one has for one's beliefs the possibility remains of some fact coming to light that radically undermines those reasons or grounds**…Indeed, for all we know (or think we know) that possibility could be a significant probability — but whatever the case, **without comprehensive knowledge we will always end up peering into darkness at the boundaries of our purported knowledge**. The probability that what we don't know will support rather than undermine what we think we do know is…**The very fact that we are ignorant about those areas of which we are ignorant means that we do not know how they bear on everything else — and thus how everything else may depend on them.**".*

---

[162] Anderson 2005:16-17
[163] Anderson 2005:19
[164] Anderson 2005:20
[165] Eie beklemtoning

Hierdie aanmerking vorm deel van die voorveronderstellings-apologetiese metode van Van Til. Om die apologetiese waarde aan te dui, kan die volgende voorbeeld geld: Vanuit die nie-Christelike lewens- en wêreldbeskouing kan geen kennis in die P-A verhouding as betroubaar gesien of gereken word nie. In die P-C Verhouding het anderskennendes van tyd tot tyd waarheidsmomente, maar dit veroorsaak dat hulle soos die gelowige in die wêreld van God leef en dus sy skepping in hulle diens gebruik om te kan ken en enige waarheid te kan besit. Dit gebeur natuurlik sonder dat hulle Hom erken as die groot Gewer van hierdie moontlikheid[166].

- **Uniformiteit van die Natuur** (“Uniformity of Nature”)

  Die volgende belangrike element wat Van Til na vore bring, is die sogenaamde Uniformiteit van die Natuur. Dit is gebou op die probleem wat ontstaan, as afleidings gemaak wil word vir die toekoms vanuit die verlede, as absolute wette nie erken word nie. Anderson[167]verduidelik dit soos volg:

> *“The infamous “problem of induction,” brought forcefully to our attention by Hume, refers to the deceptively difficult task of accounting for the rationality (construed in terms of truth-directedness) of inductive inferences. Why should it be thought eminently reasonable to make generalizations about future events on the basis of past events or to posit “causal laws” on the basis of finite observations of coincidental occurrences? Such inferences are grounded on the assumption of uniformity and order in nature, but the task of justifying that assumption without reasoning in a vicious circle has proven all but intractable. This is hardly an abstruse, irrelevant concern detached from the realities of everyday life; on the contrary, it brings into question the rationality of all scientific investigation but and such mundane practices as looking both ways before crossing the road.”.*

Die **uniformiteit** van natuur kan alleenlik dus meegebring word deur die konstantes wat daargestel is, o.a. natuurwette, logikawette ens. Vir die meeste filosowe is hierdie ŉ onoplosbare probleem[168]. Dis egter belangrik dat die Christen-apologeet hierdie probleem verreken, daarom haal Anderson[169] die antwoord van Van Til aan:

> *“The fundamental thought of modern science, at any rate until yesterday, was that there is a ‘universal reign of law’ throughout nature. Nature is rational in the sense that it has everywhere a coherent pattern which we can progressively detect by the steady application of our own intelligence to the scrutiny of natural processes. Science has been built up all along on the basis of this principle of the ‘uniformity of nature,’ and the principle is one which science itself has no means*

---

166 Hiermee sal volstaan word, maar vir verdere leeswerk kan gekyk word na die verstaan van Van Til rakende epistemologie (vgl. Van Til, 2003:31–34).

167 Anderson 2005:20-21

168 Vgl. Anderson 2005:21

169 Anderson 2005:21-22

> *of demonstrating. No one could possibly prove its truth to an opponent who seriously disputed it. For all attempts to produce 'evidence' for the 'uniformity of nature' themselves presuppose the very principle they are intended to prove.".*

Van Til vind dan oorsaak en instandhouding van die uniformiteit van die natuur terug in God wat alles in stand hou.

> *"Our argument as over against this would be that the existence of the God of Christian theism and the conception of his counsel as controlling all things in the universe is the only presupposition which can account for the uniformity of nature which the scientist needs." (vgl. Van Til, 2008).*

Ook Stoker (1933c:20) bevestig en brei die verstaan van hierdie feit uit[170]:

> *"Myns insiens **funksioneer die rede eers, waar vertroue in die kenobjek gegee is**, en as hierdie basis gewen is, kan kritiek, onderskeiding, ens. verder behulpsaam wees. Sonder **vertroue in die feite, sonder vertroue in die uniformiteit van die natuur, sonder begrip van die konstantebeginsel in die natuurwet, sou die natuurwetenskappe nie ver vorder nie**. Sonder **vertroue in die rede**, is die rede self magteloos. Sonder **vertroue in die aksiomas**, postulate, **eerste beginsels** van die wetenskappe, is die rede-aktiwiteit ydel spel. Sonder **vertroue in wat geopenbaar** is, is die rede tot onvrugbaarheid gedoem. En vertroue is 'n emosionele, 'n emosioneelwaarderende prinsipe…**Hoofsaak is om in te sien, die rol, die wesenlike rol, wat vertroue, 'n emosionele proses, speel in die totstandkoming van ons kennis. Die vraag vir elke rasionalis is, wat moet ek vertrou?"**.*

Stoker sit hierdie beginsel in nog meer besonderheid as Van Til uiteen. Sy kenleer bring 'n rykdom aan hierdie beginsel wat nie moontlik is deur die apologetiese model van Van Til nie. Hierdie beginsel in vergelyking met die ander is voor-die-hand-liggend en daarmee sal volstaan word.

- Konsepsuele Skemas ("Conceptual Schemes")

Konsepsuele skemas behels die mens in sy totaliteit met sy vertrekpunte en voorveronderstellings. Dit neem alles wat reeds hierbo genoem is in ag in beskrywing van die ongeldigheid van enige ander lewens- en wêreldbeskouing buiten die Christelike. Soos reeds aangetoon begin Stoker en Van Til met God as basis-voorveronderstelling (Bahnsen, 1998). Bahnsen som dit soos volg op:

> *"…the authority of Christ and His Word, rather than intellectual autonomy, must govern the starting point and method of his apologetics, as well as its*

170 Eie beklemtoning

> *conclusion…the unbeliever's worldview…does not provide the preconditions for the intelligibility of knowledge and morality."*

Met hierdie stelling het Van Til duidelik stelling ingeneemteenoor die outonomiteit van Kant se epistemologie[171]. Die verdere geldige apologetiese opmerking wat Van Til aan Kant maak, is om sy basis-voorveronderstelling eerlik te ondersoek. Wat is die basis-voorveronderstelling in die denke van Kant? Kant het dus nie selfkrities genoeg omgegaan met sy vertrekpunte nie.

### 4.3.1 Samevatting

Van Til toon nie net sy voorveronderstelling aan nie, maar pas dit ook toe. As die skepping en rede van die mens nie verstaan word met hierdie Basis-voorveronderstelling van God en sy Openbaring aan die mens nie – sal menslike ervaring sneuwel (soos hierbo in besonder uitgewys). Van Til verduidelik die ontwikkeling van hierdie apologetiese denke soos volg:

> *"At one point or another all the Reformed theologians of modern times argue that unless the "reason of man" and the facts of the universe be taken as they are taken in terms of the infallible revelation of God given to man in the Bible, human experience runs into the ground.It is this basic approach of Kuyper and Bavinck, of Charles Hodge and B.B. Warfield and Geerhardus Vos (ignoring or setting aside the remnants of the traditional method that is found in their works) that appeal is made in this work. It is of critical importance in the current scene that a consistently Reformed apologetic be set forth…" (Bahnsen, 1998:25).*

Hierdie gereformeerde apologetiek is uiteengesit in die voorveronderstellings-apologetiese metode.

Van Til het egter kritiek (alhoewel meer gereserveerd) uitgespreek teenoor eenderskennendes, veral teenoor die metodes van apologete Francis Schaeffer en Edward J. Carnell[172]. Die praktiese-gefokusde invloed, wat Francis Schaeffer gehad het as apologeet, kan en moet egter nie onderskat word nie[173].

Bahnsen (1998:16 voetnota 54) beskryf die verskil in die benadering van Schaeffer en Van Til soos volg:

---

[171] *Vgl. 4.5.*

[172] Vgl. (Bahnsen, 1998:16 voetnota 54; Edgar, 1995)

[173] Francis Schaeffer is een van die apologete wat die grootste invloed gehad het op hoe apologetiek as wetenskap toegepas kan word. Sy nalatenskap kan onder andere gevind word inklank- en videoopnames, boeke, klaslesings en publieke toesprake (vgl. o.a. He is there and He is not silent (Schaeffer, 2001), The God who is there (Schaeffer, 1998). Die klankopnames van Schaeffer se gesprekke en lesings is op die internet beskikbaar by: www.labri-ideas-library.org

> *"Francis Schaeffer treated a "presupposition" as merely a hypothesis to be tested over against competing presuppositions by the standard of observational experience (apparently taking this experience as presuppositionally neutral and rationally intelligible apart from the Christian worldview)…".*

Met groot versigtigheid word hier kritiek gelewer teenoor Schaeffer. Schaeffer het twee dinge as vanselfsprekend, wat nie getrou is aan die voorveronderstellings-apologetiese metode nie, aanvaar. Die eerste is dat hy die rede van die ongelowige in 'n sekere sin as neutraal hanteer. Wat dit impliseer is dat die gelowige sy lewens- en wêreldbeskouing het en die ongelowige syne en Christenskap as 'n beter alternatief aandui. By Van Til sal Christenskap steeds as 'n lewens- en wêreldbeskouing gehandhaaf word. Hy beskou dit egter as die enigste moontlikheid waarin die rede van die mens regverdiglik korrek kan funksioneer. Van Til begin met hierdie feit. Hy reken dat die rede van die mens nie kan funksioneer, as die ongelowige nie in God se wêreld geleef en uit God se wêreld geleen het nie. Hierdie inkonsekwentheid moet dus vir die ongelowige uitgewys word. Dit geld ook vir realiteit, ander epistemologiese kenmerke asook etiek. By Van Til is daar geen neutraliteit nie – ook nie by Schaeffer nie[174]. Schaeffer laat egter tot 'n mate ruimte daarvoor. Die kern van Van Til se denke is geleë in die metafisiese (die sogenaamde ontiese by Stoker) karakter van God. Sonder dat God as basis-voorveronderstelling gehandhaaf word, sou geen kennis, realiteit of etiek moontlik gewees het nie. Dit is juis in die "leen" vanuit die werklikheid wat die ongelowige wel kan redeneer wat apologeties inkonsekwent sal wees en daarop gewys moet word.[175] Van Til redeneer dus nooit met die ongelowige oor die bestaan van God nie, hy vra net dat die ongelowige moet aandui, hoe hy sonder om God as basis-voorveronderstelling te handhaaf, tot enige verklaring van kennis, realiteit of die moreel-etiese, kan kom. Die vrae wat Schaeffer aan die ongelowige sou vra en die vrae wat Van Til sou vra, sal verskil. Akademies gesproke verskil die benaderings egter op 'n pertinente punt met mekaar. Met die uitskakeling van die mite van neutraliteit, deur die apologetiese metode van Van Til, word die basis-voorveronderstelling wat prakties toegepas word in 'n lewens- en-wêreldbeskouing (bestaande uit denke oor metafisika, epistemologie en etiek) van die Christen teenoor die nie-Christen gestel.

---

[174] Bahnsen 2007:5-23 – "Myth of Neutrality"

[175] Hier wil egter gewys word dat die verskil tussen Schaeffer en Van Til amper as 'n konsekwente toepassingsverskil aangedui kan word. Van Til verskil egter van die ander apologetiese metodes in groter besonderheid. Van Til begin met sy basis-voorveronderstelling dat God bestaan en dat die ongelowige dit moet erken en Hom vir die skepping en verlossing moet loof, waar ander apologetiese metodes die waarskynlikheid van 'n God wat moontlik ooreenstem met die Woord van God wil verduidelik. Die probleme hiermee is voor-die-handliggend. Dit gesê, is ander apologetiese metodes steeds van groot waarde en sal die plek daarvan in 5.5 genoem word.

(Stoker, n.d.(b): 'Geen lewens- en wêreldbeskouing is religieus neutraal nie') toon ook duidelik aan dat geen neutraliteit bestaan nie. Hy gaan selfs verder en wys op die gevaar van afgode[176]:

> *"Dit geld vir elke lewens- en wêreldbeskouing, nl. dat dit religieus bepaald is, omdat religie die fundamentele, universele en integrale verhouding van die mens tot God is, daargelate of hy in die God van die Skrifte glo of die* ***wêreld*** *of die* ***mens self*** *of die* ***rede*** *of* ***wetenskap*** *of* ***kuns*** *of* ***mag*** *of* ***rykdom*** *of* ***sport*** *of* ***singenot*** *of* ***wat ook al tot afgod maak****. Want aan daardie afgod word goddelike eienskappe toegeken; daardie afgod bepaal die hoogste sin en doel van sy lewe, daardie afgod rig sy oortuigings en doen en late, daardie afgod dien en eer hy en vir daardie afgod offer hy alles op. Elke mens het 'n God of 'n afgod waaraan hy hom geheel en al onderwerp. Geen lewens- en wêreldbeskouing is religieus neutraal nie.".*

Om verder die bruikbaarheid van die apologetiese metode ook wysgerig-gerig aan te toon, sal die wysgerige karakter van Van Til se apologetiese metode bespreek word.

### 4.4 Apologetiese karakter van Stoker se wysbegeerte

Vir Stoker as filosoof was dit van uiterste belang dat die Christelike geloof ook vanuit sy wysbegeertese denke apologeties verdedig kan word. Inaggenome die feit dat alle wysgerige denke 'n beginpunt (Archimedespunt) moet hê, is dit die ideale manier om op apologetiese wyse met die anderskennendes om te gaan. Dit is dan ook wat Stoker gedoen het. In die kyk na die apologetiese karakter van sy wysbegeerte sal daar sal hoofsaaklik na twee hoofbronne verwys word.

Ten eerste sal vlugtig gekyk word na die bron van Stoker wat die sterkste apologetiese karakter vertoon, naamlik die boek: *Stryd om die ordes*(vgl. Stoker, 1941c). Hierdie boek is deur Stoker geskryf in 1941.Dietydperk waarin hierdie werk die lig gesien het, het die skryf van hierdie boek baie kontroversieel gemaak. Die Britse regering het Suid-Afrika op daardie stadium as kolonie regeer en was in die Tweede-Wêreldoorlog betrokke met die Nasionaal-Sosialistiese Nazi-regering in Duitsland.

In hierdie tydperk skryf Stoker die boek en doen 'n uiteensetting en lewer kritiek op die leer van die Liberalisme (Britse regeringsmetode), Kommunisme, Nasionaal-Sosialisme (Duitse regeringsmetode), Fascisme, en stel dit apologeties teenoor die Calvinisme. Hierdie kritiek, teen

176 Eie beklemtoning

Nasionaal-Sosialisme en Fascisme het vir Stoker groot gevolge ingehou. Stoker is o.a. ondanks hiervan geïnterneer (vgl. Raath, 1994a[177]).

In hierdie publikasie het Stoker die praktiese implikasies van sy wysbegeerte juis ook vir die apologetiek aangetoon. Hieruit blyk dat sy wysbegeerte met groot vrug gebruik kan word teen enige vorm van verabsolutering – soos wat sigbaar is o.a. in die Liberalisme en Nasionaal-Sosialistiese stelsels. Na die kritiek teenoor die verskeie regeringsmetodes, toon Stoker dan ook vanuit sy gereformeerde lewens en wêreldbeskouing die korrekte metode aan. Stoker wys dus nie slegs daarop dat sy wysbegeerte apologeties aangewend kan word nie – maar ook dat sy wysbegeerte 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing, waarvolgens die eenderskennende kan leef en sy geloof versterk kan word, gee.

Die tweede voorbeeld waarna verwys moet word, is die antwoord wat Stoker aan Prof J. Lever in 'n brief gegee het (Stoker, 1958:83-135). Stoker het gereageer op Lever wat evolusionisme (die verabsolutering van eenheid ten koste van verskeidenheid asook verabsolutering van die krag van die natuur asook die moontlike verabsolutering van die genetika) voorgestaan het. Hierdie gedeelte moet nie buite die konteks van die skrywe tussen Stoker en Lever verstaan word nie. Daarom sal in hierdie gedeelte gefokus word op die voorveronderstelling van elk wat aanwesig is en wat Stoker aantoon. Hierin kan soos by bogenoemde die belangrikheid van voorveronderstellings by Stoker opgemerk word.

Die diskussie is eerder wysgerig deur Stoker benader as natuurwetenskaplik. Die verskille wat Stoker noem en die apologetiese Bybels-gefundeerde argumente wat hy voer is belangrik. Die gesprek vind sy swaartepunt waar Stoker die verskil in *wetenskapsidee* tussen hom en Lever bespreek. Stoker[178]verstaan wetenskapsidee soos volg:

> *"Onder wetenskapsidee verstaan ek wat die wetenskaplike onder 'wetenskap' (in onderskeid van godsdiens, kuns, politiek, ekonomie, ens.) en sy grense verstaan, asook die beginsels en wetsorde, wat hy aan wetenskap as sodanig ten grondslag lê, sy bepaling van die doel van wetenskap, sy (met dit alles gegewe) voorkeur vir bepaalde wetenskaplike metodes, ens…(Vgl.my Beginsels en Metodes in die Wetenskap, o.a. bll. 202 tot 207, 251 tot 259, 273, 278, 296 tot 304)."*.

Stoker[179]neem dan die gesprek verder deur die volgende vraag[180]:

---

177 Geen bladsynommers
178 Stoker 1958:83-135
179 Stoker 1958:83-135
180 Eie beklemtoniong

> *“Ek het myself afgevra waarom m.b.t. die kernpunte (die oorsprong van die plant en die onderskeie plantphyla, van die dier en die onderskeie dierphyla en van die mens) u aan ʻʻ universele evolusie die* ***voorkeur gee en ek nie****, terwyl u self erken dat ŉ universele evolusie nie bewys nie (resp. onbewysbaar) is en dat die groot lakunes en spronge wat mens nie net m.b.t. die genoemde kernpunte nie, maar selfs by klasse en ordes aantref, evolusioniste somber stem.* ***My gevolgtrekking is dat u ŉ ander wetenskapsidee huldig as ek, en dat dit die fundamentele rede vir ons meningsverskille is.”.***

Hiermee kom Stoker by die hart van die saak uit – hy toon tereg aan dat vertrekpunte en in meer besonderheid voorveronderstelling (wat verskil by homself en Lever) die verskil in wetenskapsidee tot gevolg het. Hierdie gevolgtrekking verduidelik Stoker[181] soos volg[182]:

> *“****Opvallend is dat ŉ wetenskapsidee nie los staan van die tydsgees (lewens- en wêreldbeskouing) van ŉ bepaalde epog nie, dat ŉ wetenskapsidee in ŉ bepaalde epog geesverwant is aan die godsdiens, kuns, sosiale struktuur, politiek, ekonomie, ens. van die betrokke epog****. Wat ons tyd betref, let op die geestesverwantskap van die huidige (natuur-) wetenskaplike wetenskapsidee met die dialektiese Teologie, eksistensiewysbegeerte, holistiese-kreatief-evolusionistiese Wysbegeerte, huidige kuns V.V.O-gees, ens****. Hieruit blyk dat ŉ wetenskapsidee innig met lewens- en wêreldbeskouing verbind is****.”.*

Dit is vanuit hierdie vertrekpunt wat Stoker begin om Lever te antwoord en die inkonsekwentheid van sy lewens- en wêreldbeskouing aantoon. Stoker trek die kring egter selfs wyer deur die breë immanensie denkers in te sluit. Hierdeur toon Stoker (1961c) die veelsydigheid van hulle wysbegeerte aan[183]:

> *“In my stryd met wysgerige en (veral sielkundige) vakwetenskaplike skole het dit my opgeval dat immanensie-(kosmosentriese, uitsluitlik internkosmiese) denkers die* ***eenheid van ons werklikheid in ŉ binnekosmiese kontinuïteitsideaal soek*** *(soos u…hierbo dit ook doen).Terwyl hulle hierdie* ***eenheidsbeginsel verabsoluteer****, wys u die betrokke verabsolutering van die hand. Gee u deur u aanvaarding van ŉ binnekosmiese kontinuïteitsideaal aan die gangbare wetenskapsidee van die immanensiedenkers (en per implikasie aan die evolusie) nie te veel toe nie?”*

Die trefkrag van die *wysbegeerte van die skeppingsidee* is veelsydig, want dit is nie vanuit die prakties-metodologiese gebou nie – maar vanuit die beginsel wat dit getrou handhaaf. Die *wysbegeerte van die skeppingsidee* kan vele ander verabsoluterings uitwys, juis omdat dit kan fokus op die voorveronderstellings en vertrekpunte van ander idees.

---

181 Stoker 1958:83-135
182 Eie beklemtoning
183 Eie beklemtoning

Stoker dui die invloed van ŉ sekere lewens- en wêreldbeskouing (hetsy dit rasioneel of evolusioneel is) duidelik aan. Daarmee dui Stoker ook suksesvol die verband, wat bestaan tussen onderskeidelik die voorveronderstellings tot vertrekpunte tot lewens- en wêreldbeskouing, aan.

### 4.5 Wysgerige karakter van Van Til se Apologetiese metode.

Van Til het sy apologetiese metode prakties toegepas en verdedig teenoor die heersende denke en denkers van sy tyd. Hy het teenoor die nie-gelowe bv. ateïsme, deïsme ens. standpunt ingeneem.Net so het hy ook teenoor die liberaal-teologiese denke en die dialektiese teologie, saam met J. Gresham Machen[184] gestaan. Van Til en Stoker was beide manne wat nie die akademie los van die praktyk sien het nie. Vir hulle was dit belangrik dat hulle denke en metodes in die praktyk toepaslik is.

Buiten bogenoemde kon Van Til sy metode ook wysgerig verantwoord teenoor die filosowe en wysbegerige denke. Die prominentste voorbeelde hiervan is teenoor die epistemologie van Immanuel Kant (Van Til, 2003:3). Die rede vir die bestaan van die voorveronderstellings-apologeties metode is deels te danke aan hierdie gesprek oor die epistemologie van Kant.

Vanuit die destydse hoofstad van Oos-Pruise, Königsberg, het ŉ Duitse filosoof na vore gekom wat ŉ Kopernikaanse revolusie in die wysbegeerte sou teweegbring. Kant was so ŉ gedugte figuur dat Heyns (1967:93)opmerk:"…die geskiedenis van die wysbegeerte na Kant – ten minste vir die duur van die 19de eeu – was tot op groot hoogte die geskiedenis van die verwerking en verbreiding, bestryding en hervorming van die magistrale denke van Kant.".

Kant se filosofie, alhoewel baie breedvoerig, is volgens Heyns[185]hoofsaaklik gefokus op die bespreking van die rede van die mens. Heyns[186]beweer dat die rede volgens Kant hoofsaaklik op drie maniere kan regeer: "…die rede kan kén…", "…die rede kan hándel…" en die "…rede kan oordéél…". Hierdie verskillende uitgangspunte sien ons dan in sy standaardwerke: *Kritiek van die Suiwere Rede* (1781), *Kritiek van die Praktiese Rede* (1788), *Kritiek van die Oordeelskrag* (1790).

Kant het hoofsaaklik met die volgende legitieme vraag geworstel:

---

184 Vir verdere studie kan die boek van Machen: Christianity and Liberalism (Machen, 1923) en die verrekening van die dialektiese teologie van Barth deur Van Til (Van Til, 1962) o.a. genoem word.

185 Heyns 1967:95

186 Heyns 1967:95

> *"Ken ons die dinge soos hulle werklik is, of ken ons net die gewaarwordinge wat ons waargeneem het?"*[187].

Kant beantwoord hierdie vraag deur 'n onderskeid te maak in realiteit. Hy onderskei tussen "die verskyningswêreld of die fenomenale wêreld…en die wesenlike wêreld of die noumenale wêreld."[188]. Die wêreld van die fenomenale is dan kenbaar en die wêreld van die noumenale (Sogenaamde: *Ding an Sich*) is onkenbaar.

Met hierdie antwoord het Kant sy Kopernikaanse Revolusie veroorsaak, 'n ommekeer van die denke van die tyd. Heyns[189]som die verandering wat Kant gebring het soos volg op: "Volgens die klassieke voorstelling is dit die denke van die mens wat hom rig volgens objek wat hy wil ken. Die objek bepaal die denke. By Kant is dit presies die teenoorgestelde: Die objek rig hom na die denke. Die mens bepaal die objek deur dit te ken; die mens is die wetgewer van die natuur.". Dis hierdie denke wat heersend vandag, buite die Christelike lewens- en wêreldbeskouing, die meeste ander lewens- en wêreldbeskouings oorheers. Daarom bestaan die apologetiese antitese tussen die nie-Christelike en Christelike lewens- en wêreldbeskouings so duidelik.

Die verandering wat Kant gebring het, vra van elke apologeet om sy denke te verreken. Veral in die post-moderne (laat-moderne) eeu waarin die Christen vandag leef, is Kant se revolusie meer as ooit relevant – natuurlik nie in ooreenstemming daarmee nie, maar in teenstelling daarmee.

Kant se epistemologie het die rede van die mens as die finale outoritêre standaard gereken, nie net m.b.t. die kennis van die mens nie, maar ook sy realiteit en sy moraliteit.Vanuit die oogpunt van Kant gesien, het die mens 'n kennend-redenerende, handelende, veroordelende wese geword. Die mens kon met die epistemologiese denke van Kant homself verbeel dat hy sy eie outeur gaan wees van sy denke, realiteit en wat reg en verkeerd is.

Ter afsluiting rakende die denke van Kant, som Anderson (2005:23)die gedagtes en gevolge van Kant tereg op.

> *"Kant made much philosophical hay from the conviction that our minds play more than a merely passive role in gaining knowledge of the world. This seems intuitively right: our judgments about the objects in our experience are not simply "given" to us by way of the stimulation of our senses, but are shaped by a considerable raft of a priori concepts concerning the fundamental structure of*

---

187 Heyns 1967:99
188 Heyns 1967:99-100
189 Heyns 1967:100

> *reality — logical principles, causal relations, metaphysical necessities, notions of self, and so forth. Perhaps we can pick and choose among these concepts as to which to apply and when; perhaps not.”.*

Die denke van Stoker en Van Til staan soos ligbakens uit. Van Til vra na die voorveronderstellings rakende die menslike rede. Dit sal later in hier onder bespreek word. Stoker het as filosoof, nie maar net ’n stelling teenoor Kant gemaak nie, maar sy hele korpus van denke berus hoofsaaklik op sy denke rondom die mens as kenner en God as Openbaarder.

Stoker het hier nie die rede van die mens ontken nie, maar dit in sy plek teruggeplaas. Soos reeds in besonder bespreek, het sy onderskeid tussen die kenbare, kennis, kenproses en kenner ’n hele reeks nuwe uitdagings vir die epistemologie van Kant teweeggebring.

Kant het met sy onderskeid tussen die *noumenale* en *phenoumenale* skerp kritiek vanuit die voorveronderstellings-apologetiese skool van Van Til ontvang. Ook Van Til het homself wysgerig goed teenoor Kant se denke verantwoord. Die antwoord van Van Til op Kant kan duidelik nie slegs by hom nie, maar ook by die meeste van sy studente gevind word.

Anderson[190] vra drie besliste vrae:

> *“First of all, given that the applicability of these concepts is an essential ingredient in our view of the world, does the world in itself (Kant’s realm of noumena) actually possess a coherent, relational structure independent of our noetic activity?”.*

Hier vra Anderson seker een van die mees voor-die-hand-liggende vrae rakende die onderskeid met Van Til. As die mens die noumenale wêreld nie ken nie, watter rede is daar om te glo dat dit bestaan of enige struktuur besit, los van die mens se kognitiewe denke daaroor?

Die volgende vraag wat Anderson[191] vra bou voort op die vorige:

> *“…Secondly, if the world does exhibit such a structure, why think that there is any necessary connection between that structure and our conceptual schemes?”.*

Hierdie vraag het verdere implikasies vir Kant se denke. In die noumenale wêreld: Wat is die verhouding tussen die mens se denke en strukture en konsepsuele skemas?

Die derde vraag vloei logies voort uit die tweede:

---

[190] Anderson 2005:23
[191] Anderson 2005:23

> *"…And thirdly, what grounds do we have for assuming that we (if indeed there is a "we") are so fortunate as to share one and the same conceptual scheme?".*

Hier daag Anderson direk die mens se outoritêre gesag uit. Wat maak die mens so spesiaal om te dink dat hierdie skemas met hom ooreenstem? Van Til het die moontlikheid van die denke van Kant vernietig deur die vertrekpunt van Kant te bevraagteken.

As daar vlugtig na die verantwoording van Anderson en Stoker gekyk is, kan die antwoord van Van Til bespreek word. Van Til in antwoord op Kant, trek die sirkel nog wyer as net van toepassing op die epistemologie van Kant. Hy trek die sirkel wyer deur die gesprek rondom ken weer relevant te maak.

Van Til antwoord Kant soos volg:

> *"If God is left out of the picture it is up to the human mind to furnish the unity that must bind together the diversity of factual existence.It will not do to think of laws existing somehow apart from the mind. And even if this were possible it would not help matters any, because even these laws would be thought of as independent of God and as just there somehow. In other words, the only alternative to thinking of God as the ultimate source of the unity of human experience as it is furnished by laws or universals is to think that the unity rests in a void…It is clear that upon pragmatic basis, and for that matter upon antitheistic basis in general, there can be no object-object relation, i.e., there can be no philosophy of nature, so that the sciences become impossible, and no philosophy of history, so that the past cannot be brought into relation with the present nor the future with the present. Then there can be no subject-object relation, so that even if it were conceivable that there were such a thing as nature and history, I would be doomed to ignorance of it. In the third place, there can be no subject-subject relation, so that even if there were such a thing as nature and history, and even if I knew about it, I could never speak to anyone else about it. There would be Babylonian confusion…Our conclusion then must be that the various devotees of the open universe, who take for granted that the human mind can furnish all the universals that the facts require, must be regarded as having reduced human experience to an absurdity."(Anderson, 2005:23-24)*

## 4.6 Finale Samevatting

Voorlopig kan hier rakende voorveronderstellings genoem word dat:

- Stoker sowel as Van Til erken die Christelike Teïstiese God, as die Algenoegsame, alhoewel elkeen dit verskillend verwoord. Daardeur word direk geïmpliseer dat sonder God as die Basis-voorveronderstelling die skepping (wat afhanklik van Hom is) nie moontlik is nie – metafisies, epistemologies of eties nie.

- Hieruit vloei die feit dat Stoker, sowel as Van Til, 'n oproep doen dat geen skeppingselemente verabsoluteer (anders gestel: op die vlak van God gestel) word nie.
- Verder dat die eenderskennende 'n opdrag het, om die anderskennende te wys op die inkonsekwentheid en onmoontlike handhawing van sy/haar lewens- en wêreldbeskouing.

# Hoofstuk 5: Slothoofstuk

### Die Verbinding

### 5.1 Inleiding

Waar daar hoofsaaklik gefokus is op die ondersoek na die voorveronderstellings in ander hoofstukke, wil hierdie slothoofstuk die lig laat val op hoe die denke van Stoker en Van Til mekaar verryk.

Om hierdie doel te bereik sal die:

- kontakmoment in diepte bespreek word (vgl. Stoker, 1971:49–64) deur die analitiese – en respektiewelike betekenismomente[192] te beskryf.
- metodologie van Stoker en Van Til verder bespreek word[193] deur na die transendentale en transendente onderskeid[194] te kyk.
- P-A tot P-C Verhouding bespreek word, deur na die uiteensetting daarvan te kyk n.a.v. Stoker se *"Special Problem"*[195].
- moontlike metodologiese toepassingsmoontlikhede beskryf word.

### 5.2 Kontakmoment

Vanuit die ondersoek na voorveronderstellings het geblyk dat die beoefening van wetenskap by anderskennendes eneenderskennendes fundamenteel verskil (vgl. o.a. 3.2.1.3.). "A Christian and a non-Christian pursuit of science (taken in a wide sense) differ in fundamental respects."[196]. Daar is egter meer aan die saak aldus Stoker[197]:

> *"…Yet there is much agreement in the results of their respective pursuits." vergelyk ook "…co-operation between a Christian and a non-Christian pursuit of science (without disregarding fundamental differences admitting conflict because of the fundamental differences yet not neglecting opportunities for co-operating), is, according to my view, unavoidable and a necessity.".*

---

192 Stoker 1971:44-46
193 Stoker 1971:65-68
194 Stoker 1971:35-37
195 Stoker 1971:68-70
196 Stoker 1971:49
197 Stoker 1971:49

Is hier ŉ inkonsekwentheid of ŉ verryking aanwesig in die denke van Stoker? Hoe kan hierdie twee sienings met mekaar in verband staan?

Hierdie vraag sal beantwoord word in die ondersoek na die kontakmoment (tussen eenderskennendes en anderskennendes) en die metodologie aanwesig by Stoker en Van Til.

### 5.2.1 Inleiding

Die bespreking van die kontakmoment is vir Stoker en Van Til albei van groot belang (Stoker, 1971:49; Van Til, 2003:84) Dit kan as een van die pilare beskou word van die voorveronderstellings-apologetiek, asook by die apologetiese karakter aanwesig in die wysbegeerte van Stoker. Om egter die verryking wat die wysgerige denke van Stoker t.o.v. die voorveronderstellings-apologetiek kan bring aan te toon, ondersoek Stoker eers die kontakmoment soos verstaan deur Van Til. Van Til maak die onderskeid tussen algemene opvattings en die ontiese Waarheid. Eers word na die definisie van elkeen gekyk en daarna die implikasies daarvan bespreek.

#### 5.2.1.1 Algemene opvattings ("Common notions" (Stoker, 1971:50–52)

Dit behels elemente wat deur die algemene genade van God aan alle mense geskenk is. Daaruit ontwikkel algemene opvattings in dié opsig dat alle mense dit deel. Stoker[198] identifiseer twee sulke elemente:

- **Ontologiese element** ("ontically" – ook die gebruik van "Metaphysical"). Dit behels die algemene openbaring van God aan alle mense wat hulle bewus maak van die bestaan, krag van God (vgl. Van Til, 2003:115 vgl. ook Rom 1:18-32).

- **Sensus Divinitatis** ("sense of deity"/"godsgevoel"). God het die mens na sy beeld geskape en daarmee saam ook ŉ bewussyn van God by die mens gelaat (vgl. Van Til, 2003:115 vgl. ook Gen. 1:26-27; 9:6).

Hierdie twee elemente werk saam om by die mens nie net ŉ bewustheid van God te skep nie, maar ook die mens van alle verontskuldiging te ontneem (vgl. Rom. 1:18-32).Van Til (2003:90) merk tereg op dat die vraag na ŉ apologetiese beginpunt ("starting point") geleë is in die gereformeerde verstaan van die mens: "(1) with respect to the nature of man as he was created and (2) with respect to the effect of the nature of sin upon the nature of man" (vgl. die kritiek van

198 Stoker 1971:50

Van Til op die Rooms-Katolieke[199], nie-Calvinistiese Protestantisme[200] asook minder-konsekwente Calvinisme, asook Van Til[201]se siening van die gevallendheid van die mens).

As daar dus bewyse vir die bestaan van God aan die anderskennende voorgelê word, sal die verskil in vertrekpunt (wat voorveronderstellings insluit) tussen die anderskennende en die eenderskennende die beoordeling van hierdie bewyse eintlik onmoontlik maak. Watter kriteria sal gebruik kan word, waaraan bewyse beoordeel kan word? Sal réde of openbáring gebruik kan word? Rede is bloot net die kognitiewe beredenering waarmee dit wat geopenbaar is waargeneem en beoordeel word. Tog is “rede” dit wat Paulus bv. op die Areopagus gebruik het (vgl. Hand. 17)[202]. Ook in vorige hoofstukke (vgl. hoofstuk 3) is die plek van openbaring bespreek. Die openbaring vra dat die mens met geloof begin in die geopenbaarde kenbare werklikheid. Die anderskennende wil dit nie aanvaar nie, omdat die hy/sy dan sy/haar outonomie prys gee en die Een wat geopenbaar het moet vertrou. Dit bemoeilik die keuse van openbaring by die anderskennende. Paulus gebruik dus ook openbáring bv. op die Areopagus (Hand. 17). Die beoordeling van die waarheid van die openbaring is nie geleë op menslike vlak nie; dit kan slegs in die getroue karakter van God gevind word. Die mens wat tot kennis kom vertrou dus dat God wat geopenbaar het betroubaar is en vertrou kan word (uitsluitend nog die vertroue op sintuie; en kognitiewe beredenering.

Volgens Van Til kan hierdie algemene opvattings nie gereken word as die kontakmoment nie (vgl. Van Til, 2003:93). Ook (Stoker, 1971:52) is hiermee eens:

> *“You rightly reject this as a point of contact between Christians and non-Christians, because, as you contend, they are sinful and although they may refer to a god, they do not concern our living triune God and do not contain the elemental truths of creation and providence. These man-made notions, for sure, are false and are somehow apostatically directed by man’s faith (or his sense of deity) to something appertaining to created reality, thereby somehow identifying it with God’s revelation of himself in created reality.” (vgl. Van Til, 2003:93–94, 98).*

Sonder God verabsoluteer die mens die skepping van God, want ook die anderskennende leef in die wêreld van God, waarvan nie ontsnap kan word nie. Hierdie besef dryf die anderskennende om afgode te skep (vgl. Rom. 1:18-32).

---

199 Van Til 2003:86
200 Van Til 2003:99
201 Van Til 2003:101
202 (Bybel, 1953)

#### 5.2.1.2 Ontiese Waarheid

Van Til verwys na die "metaphysical", terwyl Stoker (1971:52) voorstel dat daar na die "ontiese" verwys moet word:

> *"…back of these common notions there is, as you rightly contend, the ontic (or, ontological, you call it the "metaphysical") real knowledge situation: God does exist; he does reveal himself; there is an "objective," perspicuous and inescapable revelation of God in creation; man is created as the image of God; he has a sense of deity; man does know God; even the sinner knows God deep in his heart but suppresses this knowledge; he knows that he is a creature of God, that creation is revelational of God; that his assumed idea of autonomy is false; but he rejects all this, serving the creature rather than God. You contend that all this is implied in Romans 1:19-20." (vgl. ook Van Til, 2003:119–121).*

Hiermee is die spanning opgelos. Die mens, alhoewel hy God nie erken nie, leef tog in die wêreld wat deur God geskep is. Verder vertrou die mens, alhoewel hy God nie daarvoor dank nie, sy sintuiglike waarneming, kognitiewe beredenering en stel homself onder die openbaring, wat alles saam getuig van die getrouheid van God. Die algemene genade van God laat reën op almal, die eenderskennende sowel as die anderskennende (vgl. Matt. 5:45).

Hierin is Stoker weereens in ooreenstemming met Van Til deur die kontakmoment terug te vind in die ontiese Waarheid:

> *"The Christian should not seek contact with the sinful common notions of natural man, but with the ontic ("metaphysical") or ultimate fact that he cannot escape God, and the Christian should do it by antithetically opposing all the unbeliever's common notions or so-called central truths as well as all other apostatic convictions.".*

In die metodologie van Van Til word die algemene opvattings dus met die ontiese Waarheid gebruik. Slegs die ontiese Waarheid kan egter geld as die enigste geldige kontakmoment. Dit is voor die hand liggend dat hierdie ontiese Waarheid as kontakmoment antiteties aangewend moet word. Die inkonsekwentheid aanwesig by die anderskennende moet uitgewys word. Dit impliseer dat daar gefokus word op die onmoontlikheid van die teenspraak ("impossibility of the contrary" – vgl. Bahnsen 2011:694-708). Opsommend verduidelik Van Til (2008:116) dit soos volg:

> *"The point of contact for the gospel, then, must be sought within the natural man. Deep down in his mind every man knows that he is the creature of God and responsible to God. Every man, at bottom, knows that he is a covenant breaker. But every man acts and talks as though this were not so. It is the one point that cannot bear mentioning in his presence.".*

Ten opsigte van die kontakmoment verryk die wysgerige denke van Stoker die apologetiese metode van Van Til verder. Dit kom o.a. na vore in die onderskeid tussen basis-betekenismomente en kreatuurspesifieke betekenismomente.

### 5.2.2 Feite ("facts as 'n point of contact")

Om die verryking van Van Til se denke aan te toon, gebruik Stoker die term "dualiteite". Met die term "dualiteite" onderskei Stoker tussen verskeie teorieë wat aanwesig is in die denke van Van Til. Die woord "dualiteite" is miskien 'n gevaarlike, gelaaide term om in hierdie konteks te gebruik; daarom sal eerder van "dubbelvlak-teorie" gepraat word. Stoker toon aan dat Van Til 'n dubbelvlak-teorie t.o.v. van realiteit handhaaf. Dit kan seker ook as 'n metafisiese dubbelvlak-teorie beskryf word. Verder handhaaf Van Til ook 'n dubbelvlak-teorie t.o.v. denke en interpretasies, asook teorie van kennis.

Die volgende aanhaling van (Stoker, 1971:56–57)dien om dit in die groter geheel te plaas[203]. Stoker[204] begin by die onderskeid tussen die derde en vierde openbaringsonderskeid. Die algemene onderskeid "…a revelation of God in his creation, all things being revelational of him…" en ook die onderskeid wat hyself tref en byvoeg "the revelation of the created universe itself, including man…". Die belangrikheid om by openbaring te begin is reeds in besonder aangetoon. Die volgende belangrike opmerking wat Stoker maak is die beginsel dat "…**the latter presupposing in a fundamental sense the former**…". Hierdie onderskeid lei tot 'n verdere logiese, maar uiters belangrike feit. Elke feit het dus nie net een betekenismoment nie, maar twee,

> *"…an **ultimate meaning moment**…revelational of God's majesty, wisdom, power, and glory, and at the same time, (2). a **creaturely specific meaning moment**; for instance, a rose being revelational of God and at the same time being a rose and not a lily or a butterfly.".*

Die mens kan dus die skepping ondersoek as skepping – 'n blom of by of boom, ens. Dit het eie en spesifieke betekenis. Daarmee word die skepping egter nie losgemaak van die feit dat dit terselfdertyd openbaring is van God nie. Die ongelowige kan wel die skepping, as skepping ondersoek, maar kan dit slegs doen, omdat die skepping deur God geskep en instandgehou word. Die ongelowige gebruik ook skeppingselemente, maar sonder om die Skepper daarvoor te dank. Die ongelowige kan ook nie die kreatuur-spesifieke betekenismomente van die skepping losmaak van die basis-betekenismomente nie. Om nie dankbaar daarop te reageer

---

203 Eie beklemtoning en invoeging tussen blokhakies
204 Stoker 1971:56-57

nie, maak nie die gebruik daarvan onmoontlik nie. Dit is deel van God se algemene genade. Dit vra egter van die mens om die Gewer te dank vir wat Hy gegee het en moontlik maak. Dit maak egter die hipoteses en wetenskapsbeoefening wat nie die basis-betekenis moment (dat God alles geskape het, in stand hou en moontlik maak) van die begin af ongeldig, want betekenis, realiteit of etiek los van God is onakkuraat (soos reeds aangetoon). Stoker vat dit soos volg saam:

> *"…**man should in his investigation thereof always presuppose that it has its origin in God and his counsel,** in other words, that God determined every fact and its place in this plan and accordingly every fact for what it is…"*

Hierdie onderskeid deel egter die menslike kennis oor realiteit in twee, naamlik die van "…science taken in a wide sense…according to your apologetic (theological, philosophical-theological and theological-philosophic) approach…" en "…a derivative…(philosophy-proper) approach…". Stoker sien hierin 'n vertikale (basis-betekenismomente tot gevolg) en horisontale (kreatuurlik-spesifiekemomente tot gevolg) benadering.

Met hierdie onderskeid tussen basis-betekenismoment ("Ultimate meaning moment") en die kreatuurspesifieke betekenismomente ("Creaturely specific meaning moment") het Stoker 'n baie insiggewendetoevoeging gemaak tot die metode van Van Til. Stoker het die plek van onderskeidelik teologie en wysbegeerte uitgewys, deur 'n onderskeid te maak in die taak van elk. Verder bring die P-C verhouding nuwe feite na vore, wat vir die P-A verhouding alleen nie moontlik is nie. Stoker het hiermee nie 'n ander kontakmoment as die ontiese Waarheid gestel nie, maar eerder die gevolge van 'n werklikheid wat die plan van God voorveronderstel aangetoon. Soos alreeds genoem, verryk die wysbegeerte die teologie (in besonder die apologetiek[205]) in hierdie opsig. Stoker[206] verduidelik dit soos volg[207]:

> *"The fact of the inescapable contact of man **[C]** with the plan of our created universe itself **[P]** is the positive explanation why there is, in respect of the P-C context, so much agreement between believers and unbelievers. To this should be added, however, that the points of agreement **differ** when they are seen in the light of the respective opposing fundamental presuppositions (P-A), from which they may be distinguished, but cannot be separated. In other words, the agreement between Christian and non-Christian scientists holds good only in a restricted sense and only when they are seen separate from their respective fundamental presuppositions. Admitting that the plan itself of created reality*

[205] Die verryking van die apologetiek word hier aangetoon, na die aard van hierdie studie. Daar kan ook gekyk kan word in moontlike verdere studie watter gevolge hierdie inhou, ook vir ander teologiese wetenskappe soos o.a. die sistematiese teologie ens.

[206] Stoker 1971:62

[207] Eie beklemtoning en invoeging tussen blokhakies

*confronts man everywhere, the non-Christian scientist may, according to his experience, appeal to it for his conception of the order of the universe or for what is called the uniformity of nature.”.*

Verder toon Stoker[208]watter implikasies hierdie onderskeid vir die apologetiek van Van Til het[209]:

> *“You have penetratingly demonstrated that the systems of philosophers and of empirical scientists that you* ***have criticized ultimately presuppose pure chance, brute factuality, and the autonomy of human reason****. But according to what I have expounded above, this* ***need not always be the case****, at least* ***seen from the P-C approach****. Let us take, for instance, a consistent* ***materialist****. He explicitly* ***rejects the autonomy of reason*** *by explaining it, for instance, as a function or epiphenomen of material brain-processes. For the* ***order of his system he may appeal to the plan of creation that confronts him*** *(however much he may falsify it). He, according to his own system, does not fall back upon chance, brute facts, and a contingent allocation of brute facts. Your disjunction that man makes either God or himself the ultimate point of reference appears in this case, according to the P-C approach, to be too narrow, because for the materialist, matter and not man is explicitly his ultimate point of reference…”.*

Stoker bring aan die model van Van Til, nuwe diepte betreffende die bogenoemde. Vanuit die filosofiese vertrekpunt van Stoker, kan die materialisme van die materialis, direk aangespreek word. Die verabsolutering van materie, ten koste van die res van die kosmos word dus aangespreek. Die verbinding van Stoker en Van Til sal ’n apologetiese rykdom bring aan die denke van Van Til, wat voorheen nie so duidelik uitgewerk of moontlik was nie. Inaggenome die P-C Verhouding kan die materialis egter materie self ook verafgod. Daarmee hoef die materialis nie teruggeneem te word na die voorveronderstellings van rede nie, maar kan die materialis se materialisme aangespreek word deur onder andere die basis voorveronderstelling van materie. Stoker (1971:63) maak dit nie net van toepassing op materialisme nie, maar ook op enige ander -isme wat kan voorkom:

> *“…from the P-C point of view the first choice is that either God or something belonging to the (created) universe is taken as the ultimate point of reference and in the latter case either man or something else of the universe may be taken to be the ultimate point of reference…This argument holds good for other “isms” as well as, for instance, for energeticism, vitalism, psycho-monism, naturalism, evolutionism, and so forth.****”.***

Die derde punt van belang wat hier na vore kom, is dat Van Til se model verryk word, sonder dat daar konflik bestaan tussen die model van Stoker en Van Til. Dit raak die verhouding van wysbegeerte én teologie.

---

208 Stoker 1971:63
209 Eie beklemtoning en invoeging tussen blokhakies

Dit is dan ook hierdie momente wat Stoker[210]verder ondersoek en bespreek en die skepping as geheel indeel onder die: "(a)…diversity of "things" and (b) their coherence or relations". In antwoord hierop het Stoker sy *wysbegeerte van die skeppingsidee* (Stoker, 1933a) uitgebou.

Van Til erken met Stoker dat alle geskape werklikheid sy betekenis vind in God as Skepper. Hoe dit plaasvind en hoe die skeppingselemente onderling met mekaar in verband staan word nie verder deur Van Til uitgebrei nie.

Die laaste verryking wat die model vir die apologetiek van Van Til bring, is die verantwoordelikheid van 'n eenderskennende wetenskaplike teenoor 'n anderskennende wetenskaplike:

> *"Regarding the calling of a pursuit of science, Christians should not only reform science wherever and whenever it goes astray, but should primarily play their full part in forming science and should in both cases endeavor to convince non-Christian scientists of the truth of their presuppositions and scientific results based on these presuppositions, and to point out that they accordingly can "better" understand and give "better" explanations of the knowable than non-Christians on their presuppositions can do; and they should do all this to the honor and glory of God." (Stoker 1971:49)*

Op die Christen apologeet berus daar 'n groter verantwoordelikheid, deur nie slegs wetenskaplik krities te staan teenoor anderskennendes se vertrekpunte nie, maar ook die Waarheid van die Evangelie te verdedig en te verkondig.

> *"Of this general problem of point of contact between Christian and…non-Christian scientists the contact sought by the apologist is a special case, because he has to vindicate the gospel and thereby the fundamental truths of God's Word-revelation and has not only to defend them in the face of scientific (theological, philosophical, particular-and inter- scientific) criticism but also to attack non-Christian scientific presuppositions and results in their own domain."*[211]

Die Bybel roep elke eenderskennende op om ook apologeet te wees (vgl. o.a. 1 Pet. 3:15; Matt. 28:16-20).Die anderskennende moet nie slegs vanuit die P-A verhouding benader word, wat die basis-betekenismomente het nie, maar ook vanuit die P-C verhouding, met die kreatuurspesifieke betekenismomente. Die P-C verhouding moet egter altyd die P-A verhouding as basis bly handhaaf.

---

[210] Stoker 1971:44
[211] Stoker 1971:49-50

### 5.2.3 Opsomming

- Hier is aangetoon dat Stoker in ooreenkoms met Van Til erken dat kontakmomente (-punte) moeilik te vinde is tussen eenderskennendes en anderskennendes – a.g.v. die miskyk van die effek van sonde op die anderskennende hart. Die algemene opvattings van die openbaring van God druk egter steeds op die hart van anderskennendes, wat tesame daarmee dat ook die anderskennende geskape is na die beeld van God – maak dat ŉ bewussyn van God bestaan. Die anderskennende leef in die wêreld van God en het ŉ godheid (as ontiese Waarheid) nodig en sal dus altyd die skepping rondom hom verabsoluteer en verafgod. Dit vra van die Christen apologeet om hierdie verabsoluterings (-ismes) in die denke van die anderskennende uit te wys en daardeur die besef van God by die anderskennende as die ontiese Waarheid na vore te bring.

- Daar is ook bespreek dat dit wat druk op anderskennende se hart in twee soorte verdeel kan word, naamlik die basis-betekenismomente en die kreatuurspesifieke betekenismomente. Die basis-betekenismomente vorm die basis van die kreatuurspesifieke betekenismomente en handel oor God as Outeur en sy plan. Die kreatuurspesifieke betekenismomente handel oor die plan van God tot die inhoud van die plan. Dit lewer dus ŉ ryker verskeidenheid van feite waarop die anderskennende gewys kan word.

## 5.3 Metodologie

### 5.3.1 Inleiding

Die belangrikheid van die bespreking rakende metodologie kom duidelik na vore by Stoker (1971:65)sowel as Van Til (2003:123). Die bespreking rondom metodologie word nog belangriker as daar in ag geneem word dat dit die een van die kenmerkende verskille is tussen verskeie apologetiese metodes (vgl. 2.3.2.).

Om aan die metodologie van Van Til reg te laat geskied, word die volgende temas hanteer wat deur die voorstel van Stoker ingesluit word:

#### 5.3.1.1 Neutraliteit

Die tema van neutraliteit word nie in groot besonderheid hier bespreek nie[212]. Wat wel uitgelig moet word, is die feit dat Van Til en Stoker 'n volkome neutrale punt en houding as onmoontlik sien.

#### 5.3.1.2 Hipotese

Hierbo met die bespreking van die betekenismomente is vir 'n oomblik geraak aan die onderskeid in hipotese. Om die agtergrond egter te skilder waarteen die woorde van Stoker (1971:67) rakende hipotese verstaan moet word, verduidelik Van Til (2003:127-128) dit soos volg[213].

> *"For the non-Christian any sort of hypothesis may, at the outset of an investigation, be as relevant as any other. This is so because on a non-Christian basis facts are not already what they are because of the systematic relation they sustian to God. On an non-Christian basis facts are "rationalized" for the first time when interpreted by man.* ***But for one who holds that the facts are already part of an ultimately rational system by virtue of the plan of God it is clear that such hypotheses as presuppose the non-existence of such a plan must, even from the outset of his investigation, be considered irrelevant****."*

Stoker maak as't ware net kantaantekeninge op die werk van Van Til en benader hipotese vanuit die hoek van die P-C eerder as P-A Verhouding.

> *Stoker (1971:67): "Concerning the P-C approach, there are firstly the mere and restricted empirical hypotheses. Let us take a very simple example. X has been murdered by either A, B, C, or D. Four equally relevant hypotheses accordingly may be held (of course, until it is proved who really murdered X); but it cannot be determined in advance to what conclusions a hypothesis may lead. In the pursuit of empirical sciences such like hypotheses are abundant; and they hold good for a Christian as well as a non-Christian pursuit of science. In* ***this limited sense co-operation between Christians and non-Christians is feasible.*** *This is the case,* ***because the (God-given) plan of the created universe forces itself upon man.*** *But* ***to restrict science to such like hypotheses would mean to disintegrate science*** *and to let it fall apart into pieces, because the necessary higher and ultimate perspectives or contexts are wanting…".*

Soos hier afgelei kan word onderskei Stoker 'n moontlike ooreenstemming tussen Christelike en nie-Christelike wetenskaplikes rakende hipotese. In sy voorbeeld is die moontlikheid wie X doodgemaak het ewe geldig. Dit is egter nie al nie. As daar nou 'n ondersoek moet volg sal daar van "…higher and…ultimate perspectives…" gebruik gemaak moet word. Dis op hierdie

[212] Van Til 2003:124, 128
[213] Eie beklemtoning

punt waar Christen en nie-Christen wetenskaplikes met mekaar in besonder verskil. Die eintlike geldigheid van enige hipotese is geleë in die vertrekpunt waarmee die persoon begin.

> *"…**as an apologist**, are mainly concerned with hypotheses according to the P-A or A-P approach, i.e., to what may be called ultimate hypotheses…**The critical question is what the ultimate reference point of such a hypothesis is.** You rightly contend that hypotheses must be consistent with the fundamental truths concerning God and his counsel as the ultimate explanation of all things. In other words, the **test for the relevancy of any hypothesis is—as you state it—its correspondence with God's interpretation**; hypotheses that exclude the existence of God must from the outset be considered irrelevant; no hypothesis that does not interpret facts in the light of the fundamental Christian (i.e., biblical) truths can be relevant to any group of facts. This is, for instance, the case when an evolutionist starts with the ultimate hypothesis that nature must be wholly explicable by nature alone."[214].*

Hiermee word die belangrikheid van die vertrekpunte weer op die voorgrond geplaas. Die geldigheid van hipoteses word voorveronderstellend bepaal. Dit is van groot waarde vir hierdie studie. Die toepassing daarvan, gesien vanuit 'n gegewe lewens- en wêreldbeskouing, open die deur vir indringende gesprek met anderskennendes.

Kortliks opsommend verduidelik Stoker (1971:68) [215]:

> *"A non-Christian (empirical scientific and philosophic) methodology that acknowledges neither ultimate nor principial hypotheses but only mere empirical hypotheses (thereby implicitly reducing the former to the latter) and that accordingly maintains that any sort of hypothesis is as relevant as any other, and likewise claims that it cannot be determined in advance to what conclusions any hypothesis must lead, excludes from the outset not only the radically diversity of created reality, but moreover (as a "negative universal") God and his counsel, his creation, providence, and grace. But this means that it reduces the ultimate hypothesis as such to the status of a mere empirical hypothesis, thus falling prey to pure empiricism…There is no neutral methodology in theory as well as in practice. **Every method is bound by its presuppositions**." (vgl. ook Van Til, 2003:124,128).*

Dit beklemtoon die belangrikheid na die studie van voorveronderstellings (as deel van die menslike vertrekpunte).

5.3.1.2.1 Argumenteer vanaf voorveronderstelling (vgl. Van Til 2003:128-135)

Met dit wat reeds uitgewys is in ag genome, kan die apologetiese metode van Van Til sowel as die wysgerige metode van Stoker vanuit voorveronderstellings verder deurdink word.

---

[214] Stoker 1971:67
[215] Eie beklemtoning

Om vanaf voorveronderstellings (deel van vertrekpunte) te argumenteer skep ŉ duidelike onderskeid tussen eenderskennende wetenskapsbeoefening en anderskennende wetenskapsbeoefening. Stoker (1971:65-66) stel dat die verskil tussen ŉ[216]:

> *"…Christian and a non-Christian pursuit of science are in this context, among others, that in a* ***Christian*** *pursuit of science the* ***ultimate presuppositions*** *are (a). obtained* ***from God's Word- revelation****, (b). in* ***submission to the authority of God's Word****, and (c). are* ***explicitly stated and answered*** *for, where as in a* ***non-Christian*** *pursuit of science (a). the ultimate presuppositions are* ***unbiblical****, (b). the* ***authority of the Holy Writ*** *is radically* ***rejected****, and (c). the* ***presuppositions*** *are more often than not* ***covertly, i.e., only implicitly, present and not accounted for****.".*

Daar is meermalekritiek uitgespreek teenoor die apologetiese metode van Van Til as sou dit sirkulêre argumentasie behels. As antwoord hierop is die vraag aan kritici gestel, of enige kennis nie altyd maar sirkulêr, hetsy dit Christelik of nie-Christelik, van aard is nie (vgl. o.a. Van Til 2003:130)? Hierop bied Stoker (1971:65) ŉ meer uitgebreide antwoord[217]:

> *"…You rightly stress that a Christian pursuit of science is presuppositional. To this I would add that a non-Christian pursuit of science is presuppositional as well. After all, science has historically and principially its origin in pre-scientific life and world view (including religious convictions), and this fact holds good for non-Christian science as well…At any rate, pursuits are necessarily presuppositional. But the difference of the presuppositions implies that there is basically no neutral pursuit of science. The issues concerning ultimate presuppositions cannot be settled by a direct appeal to facts, insofar as their interpretations presuppose the presuppositions concerned. The* ***ultimate reference points determine the stand taken****. What you contend concerning a Christian pursuit of science, namely that a circular reasoning is implied in the mutual involvement of starting point, method, and conclusions, holds good for a non-Christian pursuit of science as well.".*

Stoker wys met reg daarop dat die rasionalis met sy rede as vertrekpunt begin, sonder dat sy rede getoets is, of sy geheue of enige ander van sy ander kognitiewe fakulteite. Elke mens het sekere voorveronderstellings as deel van sy/haar vertrekpunte wat hy/sy nie kan ontsnap nie. Daar is geen neutrale wetenskap nodig nie. Net ŉ voorbeeld, ŉ wetenskaplike wat nie in enige God glo nie en wat sy rede as finale outoritêre standaard handhaaf en vertrou dat alle probleme hetsy empiries of rasioneel opgelos kan word, het reeds ŉ ander benadering tot realiteit, kennis en etiek as die wetenskaplike wat in God glo en glo dat daar buite-natuurlike (insluitend God) buite sy sintuiglike waarneming en rasionele aktiwiteit bestaan. Die oorsake en konklusies wat hierdie twee wetenskaplikes trek gaan ten opsigte van sekere kern en basis aspekte van die

216 Eie beklemtoning
217 Eie beklemtoning

wetenskap heelwaarskynlik van mekaar verskil. Die nie-Christen gaan die oorsaak van alles vind in die natuurlike wêreld rondom hom, terwyl die Christen die oorsake en doel, sowel by 'n punt in die natuurlike wêreld vind, maar dan die basis-oorsaak van alles in God gaan terugvind. Van Til bevestig dat daar geen neutraliteit in die ondersoek na kennis, realiteit of etiek bestaan nie (vgl. verder 5.3.1.1.).

#### 5.3.1.3 Transendentale en Transendente Onderskeid

Dit is gepas om verder in te gaan op die onderskeid tussen transendentale en transendente metodes (vgl. 4.3.).

Stoker het hierdie onderskeid gemaak om die debat wat tussen Van Til en Dooyeweerd gevoer is, te probeer opklaar (vgl. Van Til 2003:130 voetnota 7). Stoker (1971:35-37) onderskei die transendentale en transendente soos volg[218]:

> *"Significant also is the distinction between the terms (1). "transcendent" (and "transcendently") and (2). "transcendental" (and "transcendentally" (1).* ***Transcendent criticism*** *of knowledge* ***proceeds from one's own presuppositions*** *(or standpoint) and (a).* ***demonstrates the implication of these presuppositions for the understanding of knowledge or (b). criticizes*** *some theory of knowledge (or of science) or other. This method is necessary; it may in a certain sense be called dogmatic; but it need not be dogmatistic in so far as* ***one is willing to responsibly account for one's presuppositions****(2).* ***Transcendental criticism of knowledge*** *(a).* ***starting from acts of functions of knowing*** *proceeds to its basic presuppositions or (b****). investigates some theory of knowledge (or of science) and exposes the presuppositions*** *on which it is based. The transcendent and transcendental methods of criticism follow opposite directions, respectively* ***proceeding from or proceeding towards the basic presuppositions*** *concerned…Your criticism of knowledge, however, is (1).* ***a transcendent criticism****,* ***starting with God*** *and his knowledge of himself and of his counsel; but it is (2).* ***transcendental in your criticism of opposing philosophical*** *and empirical scientific theories by exposing their ultimate presuppositions of brute fact, chance, and human autonomy; and it again becomes (1). a* ***transcendent criticism when criticizing the presuppositions*** *concerned…Both methods of criticism, the transcendent and the transcendental, are* ***necessary and complement one another****…But, as a Christian philosopher when he uses the transcendental method, he* ***must*** *and* ***implicitly does presuppose all the ultimate biblical truths concerning our triune God and his relation to all things****, from which you explicitly start. You, on the other hand, by using your transcendent method, investigate the very ultimate conditions of human knowledge as they concern God and his counsel and so forth, and criticize chance and brute facts as the ultimate conditions of the non-Christian philosophies and empirical sciences concerned.* ***In this respect*** *your…****theory of knowledge has attained a depth*** *(or should I say, a height) that the*

[218] Eie beklemtoning

> ***transcendental theory of Dooyeweerd****—from the nature of his procedure—* ***does not attain****.”.*

Die onderskeid tussen transendentale en transendente kritiek kan soos volg saamgevat word:

**Transendente kritiek**

- Begin by eie voorveronderstellings (wat Basis voorveronderstelling van die Christelike Teïstiese God kan insluit).
- Toon die implikasie van hierdie voorveronderstelling aan vir die verstaan van kennis of stel daarteenoor krities ŉ ander teorie van kennis.

**Transendentale kritiek**

- Begin by funksies van verstaan (kennis) en beweeg daarvandaan na voorveronderstelling (wat Basis voorveronderstelling van die Christelike Teïstiese God kan insluit)[219].
- Ondersoek hiervolgens sekere teorie van kennis of wetenskap en wys die voorveronderstellings waarop dit gebou is uit.

Oliphint (1987:72-73)maak ŉ hele aantal belangrike opmerkings i.v.m. die kommentaar van Stoker aan Dooyeweerd[220]:

> *“…‘This is an accurate explanation of Dooyeweerd's method…After defining Van Til's approach as both transcen****dent and transcendental*** *(according to his own definitions of the terms), Stoker goes on to explain that both methods* ***complement one another and are necessary****. He explains the* ***limitations of Dooyeweerd's own method as due to his hard distinction between philosophy and theology.*** *Speaking of Dooyeweerd, Stoker says, "… should he proceed… to an exposition of God and His counsel (something that he can hardly do with his transcendental method),* ***his theory of knowledge would become theological****.’”*[221]

Dooyeweerd wil teologie en filosofie losmaak van mekaar. Filosofie kan egter nie in diepte oor God filosofeer sonder die hulp van die teologie nie.

---

[219] Dis op hierdie punt waar die bespreking rondom die nodigheid van ‘n interafhanklikheid van teologie tot wysbegeerte, teenoor die benadering van Dooyeweerd wat die wedergebore hart van die mens wat gerig is op God as vertrekpunt neem, ontstaan. Die wedergebore hart van die mens sluit dan in die kennis (wat reeds kennis van die skepping, sondeval en verlossing as grondtemas veronderstel) plus die vertroue, wat deur die Heilige Gees bewerk word.

[220] Eie beklemtoning

[221] Oliphint 1987:72-73

> *"…Furthermore, and this is highly significant, due to the fact that Van Til is transcendent/transcendental (as Stoker defines them) and not merely transcendental (as Stoker defines Dooyeweerd's approach), Van Til, according to Stoker, "has attained a depth (or should I say a height) that the transcendental method of Dooyeweerd from the nature of his procedure does not attain."…This is a telling comment. Not only is Stoker, like Dooyeweerd, called to be a philosopher in the Calvinistic tradition, both men are concerned primarily (though Dooyeweerd would not phrase it this way) with what Stoker calls the* ***"fourth type of revelation," namely, the revelation of the universe to man by God****…It is for this reason that Stoker (contra Dooyeweerd) defines theology as the "scientia prima inter pares. "…To think of theology, as* ***Dooyeweerd does, as a "mere particular science" is to relegate the truths of God to a mere "part" or "aspect" of the created universe****. Dooyeweerd must, by virtue of his transcendental method, avoid theological conclusions in his method. Thus,* ***he is unable fully to penetrate any position****…Because of this, his method negates its own proper use."*[222]

Stoker beklemtoon die belangrikheid van samewerking tussen die filosofie en die teologie, terwyl elkeen se veld van ondersoek gehandhaaf bly. Daardeur het Stoker die waarde van elk erken en kan die verbinding wat hy voorstel 'n nuwe diepte bring in die apologetiek.

Transendent begin Van Til met 'n *a priori* – die ontiese Waarheid (vgl. 5.2.1.), maar in sy kritiek teenoor ander lewens- en wêreldbeskouings neem dit 'n transendentale karakter aan, waar die boustene van kennis ondersoek word. Van Til vind dat die *a priori* van die ontiese Waarheid as enigste basis voorveronderstelling gehandhaaf kan word, wat kennis of wetenskapsbeoefening moontlik maak.

Oliphint sien en erken die waarde van Stoker se wysbegeerte vir Van Til se apologetiese metode. Die bespreking en analise van Stoker het die debat tussen Dooyeweerd en Van Til tot 'n einde gebring (vgl. Oliphint, 1987:66).

5.3.1.3.1 Antitese (vgl. Van Til, 2003:127 voetnota 3)

Die transendentale en transendente redenasie moet antiteties aangewend word. Die antitese wat bestaan tussen die eenderskennende en anderskennende is alreeds op verskeie kere en vlakke bespreek (vgl. 5.2.1, 5.2.2, 5.3.1.2.). Daar is telkens aangetoon dat die voorveronderstellings wat gehandhaaf word verskil en daarom ook implikasies het vir die resultate asook geldigheid van kennis- en wetenskapsondersoek. Daar is ook aangetoon dat anderskennende en eenderskennende metodologies van mekaar verskil (vgl. Van Til, 2003:127 vgl. ook 5.3.1., 5.3.1.2.). Die ontstaan van die antitese word gevind in die voorveronderstelling

222 Oliphint (1987:72-73)

met 'n swaartepunt in die verabsolutering en dus verafgoding van die skepping deur die anderskennende (vgl. 5.2.1.). Die apologetiese metode vertrek van die ontiese Waarheid (vgl. 5.2.1.2.) en die onhoudbaarheid van teenspraak ("impossibility of the contrary").

5.3.1.3.1.1 Indirekte en direkte beroep op kennis (vgl. Van Til, 2003:128-129)

Die verskil tussen eenderskennendes en anderskennendes kan dus nie opgelos word deur bloot op direkte manier aanspraak te maak op bewyse nie. Daar moet eerder 'n indirekte pad gevolg word deur te vra na die basis voorveronderstelling waarteen resultate beoordeel moet word en/of betekenis het. "The question is rather as to what is the **final referencepoint** required to make the "facts" and "laws" intelligible."[223]. Hier gaan Van Til transendentaal om met die anderskennende se lewens- en wêreldbeskouing (vgl. 5.3.1.3.).

5.3.1.3.1.2 Analogiese karakter van kennis

Transendentale en transendente redenering word moontlik gemaak deur die analogiese karakter van kennis. Hierdie analogiese karakter van kennis speel 'n bepalende rol in die apologetiese metode van Van Til. (Stoker, 1971:65-66)[224] skryf aan Van Til:

> *"…the radical difference between the two pursuits of science—as you rightly contend—is that Christian knowledge and non-Christian knowledge is not analogical[225]. Christian knowledge is analogical because of the dualities it presupposess…God and his creation differ radically; God's knowledge is original, whereas man's knowledge is derivative; man's knowledge is not identical with but analogous to God's knowledge; man must creaturely and receptively constructively think God's thoughts after him. As opposed to this, non-Christian pursuit of knowledge (and science) is not analogical, because its basic presuppositions are but absolutizations of something created; they thus cannot appeal to a revelation of a personal reality that is radically different from their experience. That is why they, in a circular fashion, can generalize and extrapolate something of created reality to a universal or absolute principle, thereby making it a lengthening-piece of created reality, as so many isms in philosophy and particular sciences do.".*

Dit is vanuit hierdie analogiese karakter waar die stelling ("thinking God's thoughts after Him") soos deur Van Til sy ontstaan het. Die alwetendheid van God en die Skepper-skepping-

---

223 Van Til 2003:129 en eie beklemtoning

224 Eie beklemtoning

225 Stoker gebruik in die navolging van Van Til die woord analogies. Die woord analogies is dalk nie so 'n geskikte woordkeuse nie (Van Til, 2003:77 voetnota 19). Hiermee bedoel Van Til dat God se kennis "oorspronklik" is en die kennis van mense "afgelei" vanuit die duidelike onderskeid tussen Skepper en skepping. Die mens kan dus nie oorspronklik met kennis omgaan nie, die mens moet die gedagtes van God herinterpreteer.

verhouding verseker dat alle kennis reeds deur God geïnterpreteer is en dat die mens dus hierdie kennis slegs herinterpreteer. Die apologetiese belangrikheid hiervan is geleë in die feit dat om werklik oorspronklik te wees, die mens buite die skeppingselemente "iets" (hierdie is buite die verstaansraamwerk van die mens) skep. Die oomblik as die mens iets binne die kosmos of verstaansraamwerk van die mens in sy diens gebruik tot kreatiwiteit, is dit nie meer oorspronklik nie, maar afgelei. Die enigste werklike Oorspronklike Een is dus God Self. Die mens dink Sy gedagtes na/agter Hom aan. Hierdie analogiese karakter van die Christelike navorsing van kennis en wetenskap word deur die P-C verhouding in konteks geplaas. Die feit dat die skepping in meer besonderheid nagevors en verduidelik kan word, bevestig net verder die anologisiteit daarvan.

#### 5.3.1.4 Blokhuis Metodologie ("Block House Methodology")

Die Blokhuis-metodologie word hier bespreek, as waarskuwing dat hierdie slaggat vermy moet word.

> *"The term refers to a type of apologetics Van Til rejects: building an argument one step at a time, block upon block. For example, defending theism in general, and then the Trinitarian God later, is blockhouse methodology. Instead, the Christian worldview should be argued as a whole, with each part systematically joined to the others…" (Van Til, 2003:148-159 vgl. ook 2003:148 voetnota 21)*

Hierby kan nog 'n hele aantal verdere temas bespreek word[226]. Vir die doeleindes van hierdie studie is bogenoemde egter voldoende.

### 5.3.2 Opsomming

Stoker het opsommend op drie maniere die apologetiese metode van Van Til verbreed.

- Eerstens dat ook enige nie-Christelike benadering tot kennis deur voorveronderstellings gedryf word en dus sirkulêr van aard is.
- Tweedens die uitbreiding op die verstaan van die benadering tot apologetiek, deur die P-C verhoudingmet die voorveronderstellings van die P-A verhouding in verband te bring.
- Derdens die onderskeid tussen transendentale en transendente metodologie.


[226] bv. rol van rede (deels bespreek vgl. 5.2.), rol van die Skrif; rol van outoriteit ens..

## 5.4 Voorstel van Stoker ("My Special Problem")

Die voorstel van Stoker behels die verbinding tussen sy wysgerige benadering en die apologetiese benadering van Van Til. Daarmee saam moet die voorstelle van verryking van die model van Van Til, soos bespreek in 5.2. en 5.3. ook in ag geneem word.

Vir volledigheid word die aanhaling rakende die P-A en P-C Verhoudinge hier weer aangehaal. Stoker (1971:57) verduidelik die verbinding soos volg[227]:

> *"The two approaches. —A friend, pointing to a building on our university campus, says to me: "Is it not marvellous that the foundation, the roof, every room, every passage, every stairs, every window, every door, all their functions and all the relations between them, in other words the* ***plan (P) of this building as a whole and every part thereof has its origin in the mind of its architect (A)?"*** *I agree****. I call this the P-A context****, view, or approach…"*





**Figuur 5-1: Illustrasie 5 – P-A Verhouding**

> *"But then I ask my friend to turn right and to tell me how many rooms, passages, stairs, windows, doors there are,* ***what their functions and purposes are, where they are situated****, and thus to* ***explain to me the contents (C) of the plan (P) according to which this building was built****.* ***I call this the P- C context****, view, or approach. The difference of directions of P-A and P-C could be*

[227] Eie beklemtoning

*illustrated by the two lines P-A and P-C drawn at right angles; in other words, and I wish to stress this point, the two approaches differ, and the directions of these approaches are* ***not reducible to one another****; the one yields knowledge the other does not yield. But the* ***P-C approach presupposes the P-A approach****."*




**Figuur 5-2: Illustrasie 6 – P-A en P-C Verhouding**

Dit is belangrik om in gedagte te hou, dat as hierdie verdeling gemaak word tussen die P-A Verhouding en die P-C Verhouding:

- die P-A Verhouding altyd as grond vir die P-C Verhouding gesien word. As dit nie sou gebeur nie sal daar ŉ element van die skepping verabsoluteer word.
- Die P-C Verhouding en die P-A Verhouding nie gereduseer kan word tot mekaar nie. As dit sou gebeur sou die afsonderlike taak van wysbegeerte en teologie vermeng word. Alhoewel die P-A Verhouding en die P-C Verhouding die kosmos bestudeer – verskil die veld van ondersoek radikaal. Die P-A Verhouding is aan die een kant hoofsaaklik ŉ teologies-wetenskaplike ondersoek waar waarhede oor God, as die basis voorveronderstelling van alles, weergegee word. Die P-C Verhouding aan die anderkant is ŉ wysgerige en vakwetenskaplike ondersoek na die relasies van intra-kosmiese elemente, met die voorveronderstelling van God as Skepper. Hierdie onderskeid van Stoker laat teologie en

wysbegeerte intervakwetenskaplik saamwerk, terwyl die wetenskappe geskei van mekaar bly.

- Die P-A en die P-C Verhouding vorm logies 'n eenheid[228]. Hierdie eenheid behoort te funksioneer in die verdediging en die versterking van die Christelike geloof.

Na die uiteensetting gee Stoker[229] sy versoek aan Van Til[230]:

> *"Your P-A approach (and according to your argument it may as well be an A-P approach) is, however, a cosmically transcendent or an ultimate (or vertical) approach. You rightly contend that every fact in our created universe and every relation between facts, in other words, the whole plan (P) of our universe absolutely depends upon, presupposes, and reveals God and his counsel, his majesty, glory, and power (A). I concur. But now I ask you to make a right turn and tell me precisely what material things, plants, animals, human beings, causes and ends, principles, facts and values, nature, culture and religion, logic, language and art, economics, rights and morality, individuals, communities and societies, marriages, families, nations, states and churches, hospitals, industries, schools, education, sports, labor, techniques, history, and so forth are and how they are related; in other words, what the content (C) of the plan (P) of our created universe is, the plan present everywhere in and around us. Of course my (horizontal) P-C approach fundamentally and essentially presupposes your P-A (or A-P) approach, but it yields knowledge different from the knowledge your approach yields; the directions of approach differ and are not reducible to one another.".*

Van Til se reaksie hierop is positief[231]:

> *"Then you ask me to turn right and explain the detailed relations of the facts of the universe operating on God's plan. Well* ***Dr. Stoker, I leave that to you.*** *I have tried to learn from you as you have discussed these details in your various writings. But* ***I cannot do what you have done. You have made a great contribution in developing a truly great Calvinist and therefore Christian philosophy and philosophy of science.*** *I wish your works were all translated into English. In that case their full significance for science and philosophy would get a much better hearing in the English-speaking world than it now does.".*

Stoker het besef dat die omvang van die versoek buite die veld van teologie val. Stoker toon hierdeur die belangrikheid van die wysbegeerte ook vir die apologetiek aan. So wil Stoker die samewerking tussen gereformeerde apologetiek en reformatoriese/ gereformeerde wysbegeerte verseker. Die siening van Swanepoel (2010:289–292) dat daar 'n inter-afhanklikheid bestaan

---

228 Vgl. Stoker 1971:59
229 Stoker 1971:58
230 Reeds aangehaal
231 Stoker 1971:73 en eie beklemtoning

tussen die wetenskappe van wysbegeerte en teologie blyk wys te wees. Hy verwoord dit soos volg:

> *"Teologie kan daarom nie in die werklikheid betrokke wees sonder gebruikmaking van die wysbegeerte nie. Al wat dan gebeur is dat daar met retrospeksie besef word dat dit onbewus en naïef in elk geval gebeur het. 'n Bewuste keuse en gebruikmaking van 'n bepaalde reformatoriese model wat die vennootskap tussen teologie en wysbegeerte uitspel, is waarskynlik ook die beste wyse waarop daarteen gewaak word dat teologie nie in die naam van die soeke na relevansie bloot in korrelasie-teologie verval en die heersende wysbegeertese klimaat eintlik die toon laat aangegee nie." (vgl. ook verder Heyns 1994)*

Die voorstel van so 'n verbinding tesame met die verryking van die model van Van Til sal die gereformeerde apologetiek maar ook die gereformeerde wysbegeerte kan dien. Daar word vervolgens enkele toepassingsmoontlikhede gegee.

## 5.5 Metodologiese Toepassingsmoontlikhede

### 5.5.1 Inleiding

Die metodologiese toepassingsmoontlikhede van hierdie verbinding strek baie wyd, juis ook vanweë die lewens- en wêreldbeskoulike karakter van sowel die wysgerige as die teologies-apologetiese aspekte. Dit maak die deur oop vir 'n groot hoeveelheid metodologiese toepassingsmoontlikhede. Die metodologiese toepassingsmoontlikhede van hierdie verbinding sal nie net in verdediging van die Christelike beskouing gebruik kan word nie, maar ook in 'n lewens- en wêreldbeskoulike opbou van die Christelike geloof, tot 'n Christelik- verdedigbare holistiese sisteem.

Hierdie verbinding vind praktykmaking sowel in die verdediging van die Christelike geloof as die versterking van die Christelike geloof.

### 5.5.2 Verdediging van die Christelike geloof ("Om dwaling te bestry")

Binne die grense van en relevant tot hierdie studie, kan die volgende vrae nou gevra- word:

- Hoe het die verbinding van die wysgerige denke van Stoker met die apologetiese denke van Van Til, die apologetiese model van Van Til apologeties verryk?
- Hoe het dit verder ook die wysgerige denke van Stoker versterk en uitgebou?

### 5.5.2.1 Vanuit die Samevatting

Om bogenoemde vrae te beantwoord word opsommend verwys na bevindinge uit die vorige hoofstukke en vandaar toepassings gemaak:

Die **agtergrond** waarteen Stoker en Van Til verstaan moet word, is in hoofstuk 2 geskets. Belangrik is dat Stoker en Van Til *vanuit dieselfde gereformeerde tradisie* kom en dit binne hulle velde van ondersoek uitbou. Die **doel, definisie, taak en funksie** van wysbegeerte sowel as van apologetiek is ook aangetoon op grond waarvan die ondersoek na die metodologiese inagneming van voorveronderstellings deur Van Til en Stoker in hoofstuk 3 en 4 bekyk is.

Daar is in hoofstuk 3 gesien dat Stoker en Van Til **vier basis ooreenkomstige voorveronderstellings** deel (vgl. 3.2.1.1) naamlik: (a) God as Absolute Oorsprong van alles, (b) die mens wat tot die skepping behoort, (c) mensbeskouing medebepaal die beskouing van kennis, (d) die sien van alles in die lig van die Woord van God (dienend as Basis voorveronderstelling ook van die gegewe lewens- en wêreldbeskouing). Hier is daarop gewys dat "…jou uitgangspunte jou resultate" bepaal (Stoker, 1929:57-58)

Verder het Stoker ŉ uitgebreide leer ontwikkel rondom **hoé die mens tot kennis kom** (vgl. 3.2.1.2). Hierdie uitbou van die hoe die mens ken, verryk die apologeties-teologiese model van Van Til. Dit maak ook verdere apologetiese moontlikhede oop soos die bespreking rondom waarde en waarheid wat ŉ objektiewe, absolute kenmerk is en moet bly. Dit het ook verder aangetoon dat die mens nie ŉ ander keuse het as om in sy nadenke met **geloof te begin**, wat inhou dat alle mense vanuit sekere basis voorveronderstellings vertrek wat nie wetenskaplik bewys kan word nie. Daarsonder kan nie tot kennis gekom word nie.  Dit maak die kritiek van sirkel-redenasie waarvan Van Til beskuldig word, ongeldig.

Verder apologeties-teologiese gevolge is dat die **mens beperk is** en die kenbare, wat God as briljante Beplanner voorveronderstel , nodig het om tot kennis te kom. Sonder openbaring, ten minste in die skepping (P-C) en die beplanning dat die mens dit kan ken, sal die hele kenproses onmoontlik wees. Dit het gevolge vir die model van Stoker sowel as Van Til.

ŉ Belangrike onderskeid wat Stoker in die toepassing van die vierde openbaringsvoorstel maak, is geleë in die orde van skepping teenoor die orde van sondeval en verlossing. Stoker lê klem daarop dat by die mens se skepping as beeld van God begin moet word, en daarna eers gekyk moet word na die negatiewe invloed wat die sondeval daarop gehad het. Die mens, selfs as

gevalle mens, kan steeds die plan van God onderskei en wysgerig (plus teologies a.g.v. die Woord) ondersoek word.

Daar kan dus nie van wat is na wat behoort te wees gegaan word nie, maar van die (skeppings)doel na die gevalle mens en die skepping.

Die lewens- en wêreldbeskouing sal net holisties sin maak, as nie met die gevalle werklikheid begin word nie, maar met die werklikheid soos bedoel en geskep bv. in die apologetiese gesprek (vgl. 3.2.1.3). Dit toon die noodsaaklikheid van **wetenskapsbeoefening vanuit ’n Skrif-geopenbaarde voorveronderstelling**.

Op die manier verryk die gereformeerde wysbegeerte die teologie, en die gereformeerde teologie die wysbegeerte se uitbou van ’n Christelike lewens- en wêreldbeskouing teenoor andere wat die Archimedespunt in die gebrekkige hier en nou wil vind.

Daarom erken Stoker soos Van Til dat die vertrekpunt van die Christelike Teïstiese God noodsaaklik is (vgl. 3.2.2.2).Na aanleiding van hierdie stelling wys Stoker ook op die **onderskeie take van wysbegeerte en apologetiek** (vgl. 3.2.2.2).

Hoofstuk 4 het dan ook o.a. ingegaan op die terugvind van Stoker se **wysgerige denke in die Algenoegsame Christelik-Teïstiese God**, soos Van Til dit ook in sy apologetiek uitbou.

Stoker se wysgerige **verstaan van lewens- en wêreldbeskouing**bou op die gereformeerd-teologiese bevindinge, wat as basis en vertrekpunt vir die gereformeerde wysbegeerte dien.

Die **Teosentrisiteit in die denke van Stoker** berus op die Woord van God asook die bevindinge van die teologie. Die **sin en doel van die skepping** word teruggevind in die Algenoegsame God. Uitgebreide kennis van hierdie God word verkry in die Woord van God.Die **doel van die mens** vind Stoker in noue kontak met die **sin** van die mens gevind in die waarde van die mens, deurdat die mens geskape is na die beeld van God (volgens die Woord van God), sodat hy ’n verantwoordelike beantwoorder op die skeppingsopenbaring kan wees. Om die verhouding van God tot kosmos te verduidelik, gebruik Van Til die karaktereienskappe van God. Die **transendentale antwoord op die Archimedespunt** berus op die Woord van God. Anders moet die mens dit reduseer tot iets in die skepping as afgod soos blyk uit afgodsdiens asook verabsolutering van die rede, genot ens.

Die lewens- en wêreldbeskouing wat sin maak is **afhanklik van die regte verstaan van Skepper tot skepping**. Dit stel dan ook aan die teologie en wysbegeerte eiesoortige take om dit apologeties uit te wys.

Die ondersoek na die voorveronderstellings aanwesig by Van Til het die volgende resultate tot gevolg gehad:

Die **belangrikheid van transendentale redenasie** (vgl. 4.3.). Die bespreking daarrondom verryk die wysbegeerte en die apologetiek:

- In die **eenheid-tot-diversiteit argument**berus die moontlikheid van kennis op God as die Basis voorveronderstelling. Hier verryk Van Til Stoker se model deur die temas van die aard van God, die eenheid van God, die kennis van God en die wil van God en die Drie-Enige Persoonlike God, apologeties-teologies te bespreek.

- Die **eenheid van die kennis** het direkte implikasies vir die wysgerige denke van Stoker. Dat kennis in relasies tot mekaar staan, maak wysgerige navorsing moontlik. Ten diepste kan dit slegs in God as die Alwetende (as vertrekpunt) teruggevind word. Die moontlikheid om wysgerig, sonder dat daar (eksegetiese-teologies) omgegaan is met die Woord, tot hierdie gevolgtrekking te kom, is onmoontlik. Die wysbegeerte het die teologiese besinning nodig.

- **Uniformiteit van Natuur** (met inagneming van induksie) as die konstante handhawing van natuurwette, is alleenlik moontlik met God as basis voorveronderstelling. Hier word die verband met die leer van hoe mense ken (vgl. denke van Stoker) weer na vore gebring. Vertroue in die kenbare werklikheid is onmoontlik sonder die uniformiteit van natuur. Dit wys weer op die betroubaarheid van die Openbaarder (God), wat vanuit die wetenskap van teologie in groot besonderheid beskryf word.

- **T.o.v. Konseptuele skemas** is daarop gewys dat alle mense sekere vertrekpunte handhaaf. Daar is gewys op die paradigma-verduideliking wat Kühn uitgespel het. Dit is van groot belang vir die gereformeerde apologeet dat hierdie konseptuele skemas betekenis en oorsprong vind in God as die basis-voorveronderstelling.

Hoofstuk 4 sluit af met die uitwys dat die wysbegeerte van Stoker ʼn apologetiese karakter besit (vgl. 4.4), asook dat die apologetiek van Van Til op sy beurt ʼn wysgerige karakter vertoon (vgl. 4.5).

In Hoofstuk 5 is in die ondersoek na die kontakmoment (vgl. 5.3.) ingegaan op die onderskeid tussen die algemene opvattings en die ontiese Waarheid, waarmee Stoker en Van Til in ooreenstemming is. Ook die **ontmoontlikheid van gemeenskaplike grond** tussen 'n anderskennende en eenderskennende is bevestig.

Stoker se uitwys van die onderskeid tussen basis-betekenismomente (verstaan vanuit die P-A Verhouding) en die kreatuurspesifieke betekenismomente (verstaan vanuit die P-C Verhouding) is belangrik vir 'n apologetiese benadering.

- Stoker het aangetoon dat die apologetiese metode van Van Til wyer toegepas kan word as dit ook vanuit die kreatuurspesifieke betekenismomente (bv. die van materialisme wat as absolutisme uitgewys kan word) gesien word.

- Verder het dit ook die vraag na die **verantwoordelikheid van die eenderskennende** t.o.v. sy apologetiese werk na die voorgrond gebring.

In die ondersoek na die metodologie (vgl. 5.4.) is van die relevante temas waar Stoker die denke van Van Til uitbrei, bespreek.

In die bespreking van hipotese is die onderskeid tussen die P-A verhouding en die P-C verhouding weer getref. Dit verduidelik waarom dit vir die ongelowige, wat in die wêreld van God leef, moontlik is om wetenskap te beoefen en selfs saam met die eenderskennende tot wetenskaplike resultate kan kom. Dit is egter slegs moontlik vanuit die P-C Verhouding gesien. As daar na die moontlikheid van wetenskapsbeoefening vanuit die P-A Verhouding, wat die P-C Verhouding voorveronderstel gevra word, sal die hipotese van die begin af onwaar wees a.g.v. die feit dat die basis voorveronderstellings nie ooreenstem nie. Apologeties vra dit dat daar vanuit die voorveronderstelling geredeneer word. Hierin maak Stoker 'n belangrike onderskeid tussen die beoefening van wetenskap vanuit 'n anderskennende se vertrekpunt teenoor die van 'n eenderskennende vertrekpunt (vgl. 5.4.1.2.1.). Dit het weer die onmoontlikheid van sirkulêre kritiek aantoon.

Stoker het ook met die bespreking van transendentale en transendente onderskeid aangetoon dat enige apologetiese model transendent sowel as transendentaal moet wees om effektief te wees (vlg. 5.4.1.3.).

Die antitetiese element van die apologetiese metode van Van Til is ook bespreek.

Die indirekte en direkte onderskeidelike beroep op kennis. (vgl. 5.4.1.3.1, 5.4.1.3.1.1) is beskryf.

Die analogiese karakter van kennis het Stoker bevestig deur aan te toon dat in sy verrekening van hoe die mens tot kennis kom, hy ook 'n analogiese karakter van kennis handhaaf om verabsolutering te voorkom.

#### 5.5.2.2 Met die Toepassing

Bahnsen (1998:10-11) verdeel die apologetiese gesprek volgens die voorveronderstellings-metode in vier stadia, wat tydens die gesprek met die anderskennende gevolg word:

Stap 1: "…(a) locating the opponent's crucual presuppositions…"

Stap 2: "…(b) criticizing the autonomous attitude that arises from a failure to honor the Creator-creature distinction…"


Stap 3: "…(c) exposing the internal and destructive philosophical tensions that attend autonomy, and then…"

Stap 4: "…(d) setting forth the only viable alternative, biblical Christianity."

Met die verryking van Stoker van die metodologie van Van Til kan die stappe soos uiteengesit deur Bahnsen aangepas word.

- Met in agneming daarvan dat die transendente en transendentale metodes gebruik moet word, sal die eerste stap eerder die verrekening van eie voorveronderstellings wees, sodat daar bewustelik omgegaan word met eie voorveronderstellings.
- Stap 1 kan dus soos volg daaruit sien: "Die verrekening van eie voorveronderstellings". Die *"…(a) locating the opponent's crucual presuppositions…"* word dan stap 2.
- Soos gesien vanuit die navorsing kan hierdie ondersoek op 'n teologies-apologetiese manier of op 'n wysgerige-apologetiese manier benader word. Die duidelike onderskeid, tussen die basis-betekenismomente en die kreatuurspesifieke-betekenismomente, maak die veld van ondersoek na die inkonsekwentheid aanwesig by die anderskennende, wyer as bloot net die gebruik van die voorveronderstellings-metode alleenlik.
- Die derde stap sal dan die *"…(b) criticizing the autonomous attitude that arises from a failure to honor the Creator-creature distinction…" wees*. In hierdie opsig bring die lig wat die P-C verhouding gooi op die hipotese bespreking van Stoker verdere diepte. Vanuit die P-C verhouding gesien, kan die P-A verhouding i.v.m. hipotese versterk word deur eers te begin

by die gevolge van die P-C verhouding en dan te beweeg na die onmoontlikheid van die geldigheid van alle hipotese los van die P-A verhouding.




**Figuur 5-3: Illustrasie 7 – Verabsoluterings**

Om die identifisering van die absolutismes te vergemaklik, kan die volgende illustrasie van hulp wees[232]. Die "C" in die middel van die illustrasie word as die ideal voorgehou. Dit is die punt waar daar geen verabsolutering of verskraling plaasvind nie. Dit is die punt waar God en skepping in gebalanseerde verband tot mekaar gestel word. Die antwoord tot die Archimedespunt kan ook hier gevind word. Die onderskeid tussen hoë en lae P-A en P-C onderskeidelik word gebruik om die gevolge van P-A en P-C aan te toon. Verder ook, word dit gebruik om klassifikasie van verskeie absolutismes moontlik te kan maak. Sonder die verbinding van die P-A en die P-C verhoudings sal die rykheid van hierdie onderskeid nie ten volle tot sy reg kan kom nie. Om meer duidelikheid te gee rakende die bo-staande illustrasie,

[232] Die paar voorbeelde wat hier genoem en bespreek word, kan nog baie meer uitgebrei word. Hierdie toepassings is bloot om die relevansie van hiervan te illustreer.

kan die volgende tabel as moontlike verwysing dien (die illustrasie asook tabel kan nog baie meer aangevul word)[233]:

**Tabel 5-1: Moontlike Toepassings van Verabsoluterings**

| Verabsolutering | P-A tot P-C Verhouding |
|---|---|
| Deïsme | "…deism denotes a rationalist concept of God as the Source of Creation who remains above and beyond it, but is not immanent within it…" (Thiselton, 2005:61).<br><br>Stap 1: Om selfondersoekend om te gaan moet gevra word: Verkondig die Christelike geloof 'n sisteem van pessimisme of wanhoop? Verder verkondig die Christelike geloof 'n God wat nie betrokke is by die welstand van hierdie wêreld en die mens van hierdie wêreld nie?<br><br>Stap 2: God word gesien as Skepper, maar nie as onderhouer of bestuurder nie. Die verhouding van God tot skepping is problematies. Die kennis oor God is ook problematies. God word meermale verteken as 'n Wese wat nie omgee of enige belang het by die skepping nie.<br><br>Stap 3: A.g.v. die los maak van die Persoonlike God van die wêreld, moet die mens self sy sake reël.<br><br>Hier kan ook 'n verabsolutering van moralisme wees.<br><br>Stap 4: Die mensbeskouing van die Deïsme sal soos die Rasionalisme 'n verabsolutering soek in die skepping self. Die onmoontlikheid van kennis oor God, het die onmoontlikheid van kennis oor die wêreld tot gevolg.<br><br>God se morele karakter word bevraagteken, terwyl die mens moreel-eties sonder God besluite moet maak en optree. |

233 Hierdie wat volg, wil net moontlike toepassings aandui, dit wil hoegenaamd nie 'n volledige lys van verabsoluterings of definisies wees nie.

| | |
|---|---|
| | Stap 5: Die Christelike Teïstiese God is nie slegs Transendentaal (bo-kant) sy skepping nie, maar ook immanent (binne) sy skepping betrokke. Dis juis hierdie betrokkenheid, wat sy hoogtepunt bereik in die Vleeswording van Jesus Christus wat aan die mens hoop en betekenis kan bied. |
| Agnostisisme | "…Agnosticism denotes the belief that to know whether a belief-system is true or false is impossible." (Thiselton, 2005:4).<br><br>Stap 1: Om selfondersoekend om te gaan moet die volgende gevra word:<br><br>Verkondig die Christelike geloof dat daar nie genoeg kennis bestaan om met sekerheid te kan sê of God bestaan nie? Verkondig die Christelike geloof die moontlikheid van kennis los van die bestaan en afhanklikheid daarvan op God?<br><br>Stap 2: Agnostisisme ontken dat daar genoeg kennis of bewyse bestaan om finaal tot 'n besluit te kom rakende die bestaan van God.<br><br>Stap 4: Daardeur verabsoluteer Agnostisiste egter kennis. Die blykbare ongenoegsaamheid van kennis word die verabsolutering.<br><br>Stap 3: Om die genoegsaamheid van kennis te beoordeel, moet die mens self oor volle kennis beskik. Dit is egter nie die geval by die mens nie. Die mens se kennis is beperk en afhanklik van die denke van God. Die staanplek wat die Agnostikus inneem is ongeldig. Die kennis wat die Agnostici op wil vertrou: dat daar nie genoeg kennis bestaan nie, is eintlik irrasioneel. Dit is eerder 'n vermyding van die vraag, as 'n werklike volwaardige ondersoek na die bestaan van God.<br><br>Stap 5: God het op hoofsaaklik op twee maniere Homself |

| | |
|---|---|
| | aan die mens geopenbaar, in die Woord van God asook in die Natuur (wat getuig van God). Die Woord van God beskryf nie net God genoegsaam aan die mens vir redding nie, maar leer ook die mens van Jesus Christus, God wat Mens geword het. In Jesus Christus se koms na die aarde is daar verdere kennis aan die mens gegee oor God. Die mens is dus sonder verskoning betreffende kennis. |
| Panteïsme | "Crudely, word history suggests that shorthand: 'God is all' (Greek, *pan,* all; *theos,* God). However, this does not entail the belief that each individual part of the universe (or of nature) is 'God'. Rather 'God' is the fully totality of all existent things." (Thiselton, 2005:222).<br><br>Stap 1: Om selfondersoekend om te gaan kan die volgende vrae gestel word: Verkondig die Christelike geloof dat God en skepping een is? Verkondig die Christelike geloof 'n sisteem waar die mens wel tot kennis kan kom, kennis van realiteit besit en morele besluite kan maak?<br><br>Stap 2: *Pan* beteken alles en Teïsme beteken God, dus alles is God. Die skepping in sy totaliteit is God. God word gelykgestel en nie onderskei van die skepping nie. So volg die verabsolutering van die skepping as goddelik.<br><br>Stap 3: Die vertrekpunte van hierdie denke is problematies. Die totaliteit van die kosmos kan nie God en skepping wees nie. Die Skepper-skepping verhouding word daardeur totaal verloor en kennis, realiteit en moraliteit is dus ook onmoontlik.<br><br>Stap 4: God en skepping word as een entiteit hanteer. So ook die vrae na die moontlikheid van realiteit, kennis of moraliteit. Panteïsme is eintlik 'n vorm van naturalisme (verabsolutering van skepping), maar ook irrasionalisme |

| | |
|---|---|
| | (verabsolutering van 'n onpersoonlike, onkenbare god).<br><br>Stap 5: God het die wêreld geskape. Dit maak Hom reeds die Skepper en die kosmos sy skepping. Vir Hom om betrokke te kan wees in die skepping, moet Hy ook nie deel van die skepping kan wees nie. Die Christelike geloof verkondig dat God uitstyg bo sy skepping en sy skepping ondergeskik aan Hom is. Die totaliteit maak nie God op nie, eerder die totaliteit vind sy betekenis in God Self. |
| Ateïsme | "…atheism denotes the denial of the existence of God." (Thiselton, 2005:18).<br><br>Stap 1: Vrae wat selfondersoekend hier gestel kan word: Verkondig die Christelike geloof 'n geloof wat God ontken? Verkondig die Christelike geloof dat die wêreld, waarde en betekenis het sonder God?<br><br>Stap 2: Ateïsme is meer eerlik as Deïsme of Agnostisisme in die ontkenning van die bestaan van God. Ateïsme ontken die bestaan van enige God.<br><br>Stap 3: Buiten die voor die handliggende probleme rakende realiteit, waarheid, kennis en moraliteit, verabsoluteer dit verder ook die rede, die natuur, sosiale of politieke strukture ens. as die finale outoritêre gesag.<br><br>Stap 4: Ateïsme, soos baie van die ander anderskennende denkrigtings, laat die mens eindig in totale pessimisme en waardeloosheid.<br><br>Stap 5: Die Christelike geloof verkondig egter die Christelike Teïstiese God wat hemel en aarde gemaak het en wat daaraan waarde en betekenis gee. Ook is God die regeerder oor die aarde (ook oor die mens). Hy rig die lewe van die gelowige, Hy hou die aarde in stand. Verder gee Hy norme waarvolgens die mens moet leef, maak hy realiteit en kennis |

| | |
|---|---|
| | moontlik. |
| Naturalisme | "If nature were absolute, this would be a reductive 'naturalism'." (Thiselton, 2005:126).<br><br>Stap 1: Vrae wat gestel kan word om selfondersoekend om te gaan: Verkondig die Christelike geloof 'n sisteem waar alles vanuit die natuur verklaar kan word? Verkondig die Christelike geloof 'n sisteem waar alles ondergeskik is aan die natuur?<br><br>Stap 2: Naturalisme is ook 'n filosofiese denkskool. Dit is die verabsolutering van die natuur of te wel die materiële, soos die biologiese eienskappe bv. as die verklaring van lewe en die mens se optrede. Verder die gebruik van terme soos *Moeder Natuur* met haar werktuig die evolusie, asof die natuur 'n persoonlike wese is wat besluit kan maak en evolusie 'n selfontstane mag is wat alles uit niks laat ontstaan het deur selfontstane natuurwette.<br><br>Stap 3: Naturalisme worstel o.a. met die probleem van oorsprong.<br><br>Stap 4: Dit is vasgevang in die vraag na oorsprong, betekenis, waarde. Die oorsprong van waarde of betekenis. Dit is egter maar een van die spannings wat naturalisme beleef.<br><br>Stap 5: Die Christelike geloof verkondig egter dat alles nie maar net uit die Natuur bestaan nie, daar is ook 'n bo-natuurlike wat betekenis en waarde skenk aan die natuur self. Die natuur in homself is onselfgenoegsaam, terwyl God as die Gewer, oorsprong en Skepper selfgenoegsaam is. |
| Empirisme | "At its simplest, empiricism denotes the view that all knowledge comes through 'experience'…Usually the term |

| | |
|---|---|
| | more specifically denotes the view that knowledge is derived primarily from sense-data perceived or experienced through the five senses (sight, hearing, taste, touch, smell).” (Thiselton, 2005:71)<br><br>Stap 1: Vrae wat selfondersoekend gestel kan word: Verkondig die Christelike geloof ŉ sisteem waar alles verklaar kan word deur (wetenskaplike) ervaring? Verkondig die Christelike geloof ŉ sisteem waar die bo-natuurlike nooit in ag geneem word nie?<br><br>Stap 2: Ook ŉ verdere filosofiese denkskool. Dit is die verabsolutering van die wetenskaplike metodes deur die werktuig die sintuiglike waarneming. Alles wat nie wetenskaplik, empiries verklaar en sintuiglik waargeneem kan word nie, bestaan nie.<br><br>Stap 3: Dit skakel alle moontlikheid van die bo-natuurlike (buite-natuurlike) uit. Empirisme is dus gebou op die fisiese en meetbare ervaring.<br><br>Stap 4: Daar is dus o.a. ŉ konstante spanning aanwesig by empirisme, deurdat die menslike ervaring afhanklik is van sekere voorveronderstellings, met God Self as die basis daarvan. God as Skepper maak menslike ervaring en wetenskaplike ondersoek moontlik. Ook die verhouding tot die kenbare werklikheid skep ŉ spanning by die empiris.<br><br>Stap 5: Die Christelike geloof verkondig egter dat God as Skepper, die wetenskaplike metode moontlik maak. Ook die sintuiglike waarneming van die mens is ondergeskik aan God Self. |

- Die vierde stap is “…(c) exposing the internal and destructive philosophical tensions that attend autonomy…” .

Die wysgerige spanning wat hier aangetoon word, is in die kraal van die wysbegeerte. Hierdie uitwys van die spanning kan op etlike manier hanteer word, relevant tot dit wat verabsoluteer word. Hier bring die denke van Stoker diversiteit wat nie alleenlik moontlik is by die teologies-gefokusde metode van Van Til nie. Wanneer hierdie dieptepunt bereik word, sal God nie meer in die regbank as beskuldigde geplaas word nie, maar die mens self in die regbank gestel word. In hierdie verband haal Bahnsen (1998:3), C.S. Lewis aan:

> *"The ancient man approached God (or even the gods) as the accused person approaches the judge. For the modern man the roles are reversed. He is the judge: God is in the dock…The trial may even end in God's acquittal. But the important thing is that Man is on the Bench and God in the Dock.".*

Buiten die 12 onderskeie modale aspekte wat verabsoluteer kan word, is daar ook die ander kosmiese dimensies wat Stoker onderskei, wat elke idion, idionwet of idionstansie insluit. Ook kan die hapnatiese bepalings t.o.v. stof, plant, dier en mens ook verabsoluteer of selfs verskraal word. Dit alles word moontlik gemaak deur die outonomie van die mens, gevind in die verabsolutering self.

Intern-teologies is daar ook misverstande en verabsoluterings. Dink byvoorbeeld aan die hermeneutiese verskille waar die mens later vir die Bybel voorskryf. Die stap moet dus eerder gevolglik lees[234]: "(c) exposing the internal and destructive philosophical **[or theological tensions]** that attend autonomy…".

- Die laaste stap aldus Bahnsen (1998:10-11) behels "…(d) setting forth the only viable alternative, biblical Christianity.". Hierdie kan met aanvang van die gesprek ook genoem word, indien dit produktief sal wees. Hierdie stap word nie as 'n waarskynlikheid gesien nie, maar as die Enigste Finale Antwoord.

### 5.5.3 Versterking van die Christelike geloof ("Om in die waarheid te onderrig")

Die vraag wat hier beantwoord kan word is:

Hoe kan daar geloofversterking bewerk word deur die verbinding van die voorveronderstellings-apologetiek en die *wysbegeerte van die skeppingsidee* en alles reeds genoem?

Die antwoord op hierdie vraag kan op twee maniere beantwoord word:

- Die opbou van die Christelike geloof deur positiewe apologetiek

---

[234] Eie invoeging tussen blokhakies

- Die opbou van die Christelike geloof deur wysgerige denke

#### 5.5.3.1 Positiewe Apologetiek

Net die blote feit dat die Christelike geloof wat mense bely verdedigbaar is, werk alreeds geloofversterking by mense mee. Verder kan geloofversterking ook gebring word deur positiewe apologetiek, wat die bevestiging en uitbreiding van die apologetiek as teologiese vakwetenskap insluit. Dit behels ook verder die bevestiging van die Christelike geloof deur byvoorbeeld histories-argeologiese bewyse wat gelewer word deur o.a. die klassieke apologete en Bybelse argeologie. Verder werk die Bybelse teologie ook mee om die geloof te versterk. Die feit dat die leerstellings van die Bybel nooit dit self weerspreek nie en soos ŉ goue draad deur die Bybel geweef is, bring ook verdere sekerheid en rustigheid in die gemoed van die gelowige. Dit verkondig opsigself die inspirasie van die Woord van God deur die Gees van God.

#### 5.5.3.2 Wysgerige en Teologiese Koninkryksgerigtheid

Die Christelike geloof kan uitgebou word deur die Christelike lewens- en wêreldbeskouing meer toepassingsmoontlikhede te gee in die alledaagse lewe – om Christus se koningsheerskappy in elke faset van die lewe ŉ werklikheid te maak. Vir ons is die waarheid van die Woord meer as net ŉ voorveronderstelling. Dit is die grond en bron waarop Christene se voorveronderstellings rus en moet rus – dit wat verdedig en verkondig moet word.

# Bibliografie

Anderson, J.N., 2005. If Knowledge then God: The Epistemological Theistic Arguments of Plantinga and Van Til 52–54.

Anderson, O., 2008. Reason and Worldviews: Warfield, Kuyper, Van Til and Platinga on the clarity of General Revelation and function of Apologetics. University press of America.

Bahnsen, G.L., 1998a. Van Til's Apologetic: Readings and Analysis, 1ste uit. P&R Publishing, Phillipsburg.

Bahnsen, G.L., 2007. Pushing the Antithesis. American Vision, Powder Springs.

Bahnsen, G.L., 2011. Presuppositional Apologetics: Stated & Defended, Kindle uit. The American Vision, Powder Springs.

Bart, M.V., Scholtz, L., 2003. Vir vryheid en vir reg: Anglo-Boereoorlog gedenkboek, 1ste uit. Tafelberg Uitgewers, Kaapstad.

Bavinck, H., 1908. Wijsbegeerte der Openbaring, 1ste uit. J.H. Kok, Kampen.

Bavinck, H., 1967. Gereformeerde Dogmatiek Deel II, 5de uit. J.H. Kok, Kampen.

Black, T., 2001. A Transcendental analysis and critique of Dooyeweerd's distinction between naive and theoretical thought. (ongepubliseerd)

Bosman, J., 2007. Vooronderstellings by die beradene: 'n pastorale studie. North-West University, Potchefstroom.

Bybel, 1953. Die Bybel: dit is die ganse Heilige Skrif wat al die kanonieke boeke van die Ou en Nuwe Testament bevat. Bybelgenootskaap van Suid-Afrika, Kaapstad.

Calvyn, J., 1984. Institusie van die Christelike Godsdiens Deel I, 1ste uit. Calvyn Jubileum Boekefonds, Potchefstroom.

Clinton, S.M., 2007. Intuition in Kant and Confucius. (ongepubliseerd)

Cowan, S., 2000. Five Views on Apologetics, Kindle Uit. Zondervan, Grand Rapids, Michigan.

Dooyeweerd, H., 1935. De Wijsbegeerte der Wetsidee: De Wetsidee als grondlegging der Wijsbegeerte. H.J. Paris, Amsterdam.

Dooyeweerd, H., 1971. Cornelius van Til and the trancendental critique of theoretical thought, in: Geehan, E.R. (Ed.), Jerusalem and Athens: Critical Discussions on the Theology and Apologetics of Cornelius van Til. Presbyterian and Reformed, USA, pp. 75–126.

Edgar, W., 1995. Two Christian Warriors: Cornelius van Til and Francis A. Schaeffer Compared. Westminster Theol. J., 57:1, 57-80

Edgar, W., 1996. Without Apology : Why I Am a Presuppositionalist. Westminster Theol. J., 58:1, 17-27.

Edgar, W., Oliphint, K.S., 2009. Christian Apologetics: Past and Present: a Primary source reader (volume 1), 1ste uit. Crossway, Wheaton, Illinois.

Edgar, W., Oliphint, K.S., 2011. Christian Apologetics: Past & Present (Volume 2, From 1500), 1st ed. Crossway, Wheaton, Illinois.

Frame, J., Coppes, L., 1972. The Amsterdam philosophy: a preliminary critique, Pilgrim Press.

Frame, J.M., 1985. Van Til and the Ligonier Apologetic. Westminster Theol. J. 47:2, 279-299.

Frame, J.M., 1987. The Doctrine of the knowledge of God, Kindle Uit. P&R Publishing, Phillipsburg.

Friesen, J.G., 2003. The Mystical Dooyeweerd: The relation of his thought to Franz von Baader, Ars Disputandi, 3, 1-46.

Fumerton, R., Jeske, D., 2009. Introducing Philosophy through film: Key texts, Discussions, and Film Selections, Ge-ïllustreerde. Uit. John Wiley & Sons.

Geisler, N.L., 2012. The big book of Christian Apologetics: an A to Z guide. Baker Books, Grand Rapids.

Hendrikson, W., 1973. New Testament Commentary: The Gospel of Matthew, 1ste uit. The Banner of Truth Trust, Edinburgh.

Hengstmengel, B., 2011. Herman Dooyeweerd & Alvin Plantinga: Philosophy and Rationality in the Reformed Tradition, oorspr. Meester-graad Thesis, Erasmus Universiteit, Rotterdam.

Heyns, J.A., 1967. Denkers deur die eeue. Tafelberg-Uitgewers, Elsiesrivier.

Heyns, J.A., 1994. Die betekenis van H.G. Stoker se filosofie vir die teologie, Koers 59:3/4, 455–471.

Hildebrand, D., 1973. What is philosophy?, 2de uit. Franciscan Herald Press., Chicago.

Jordaan, H.S., 1976. Fenomenologiese reduksie en essensiepedagogiek. Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O.

Kuyper, A., 1931. Lectures on Calvinism: The Stone Lectures of 1898, Kindle. Uitg. Wm. B. Eerdmans Publishing Company, Michigan.

Lane Craig, W., 2010. On Guard: defending your faith with reason and precision, 1ste uit. Good News, Wheaton.

Machen, J.G., 1923. Christianity and Liberalism, herdruk. uit. Wm. B. Eerdmans Publishing, Grand Rapids, Michigan.

Macleod, D., 2006. Bavinck’s Prolegomena: fresh light on Amsterdam, Old Princeton and Cornelius van Til. Westminster Theol. J. 261–283.

Oliphint, K.S., 1987. Jerusalem and Athens Revisited, Westminster Theological J., 49:1, 65-90.

Osborne, R., 1992. Philosophy for beginners, 2de uit. (Ge-illustreerd). Writers and readers Publication, New York.

Paipetis, S.A., Ceccarelli, M., 2010. The Genuis of Archimedes - 23 Centries of influence on Mathematics, Science and Engineering: Proceedings of an International Conference held at Syracuse, Italy, June 8-10 2010, Ge-ïllustreerde. Uit. Springer.

Partee, C., 2005. Calvin and Classical Philosophy, Herdruk. uit. John Knox Print, Westminster.

Pelser, W., 2010. Net wettige handel kan renosters red [WWW Document]. Rapport. URL http://www.rapport.co.za/Suid-Afrika/Nuus/net-wettige-handel-kan-renosters-red-20101127 (onttrek 8.21.13).

Pharos Woordeboeke [WWW Document], 2009. . NB Publ. URL http://www.pharosonline.co.za.nwulib.nwu.ac.za/ (onttrek 8.12.13).

Pratt, R.L. (Jr.), 2006. Does God Observe the Law of Contradiction? Should We? (ongepubliseerd)

Raath, A.W.G., 1994a. Soli Deo Gloria: Die lewe en werk van prof. dr. HG Stoker (4 April 1899-16 Mei 1993). Koers 59, 343–361.

Raath, A.W.G., 1994b. Oopheid van hart - die kroon op die lewensarbeid van H.G. Stoker (4 April 1899-16 Mei 1993) Koers 59, 529–557.

Reymond, R.L., 2008. Faith's reasons for believing: an apologetic antidote to mindless Christianity. Christian Focus publishers, Fearn, Ross-shire

Richardson, A., 1955. Christian apologetics. P&R Pub., Phillipsburg, New Jersey.

Schaeffer, F.A., 1998. The God who is there. InterVarsity Press, Downers Grove, IL.

Schaeffer, F.A., 2001. He is there and He is not silent. Tyndale House Publishers, Wheaton.

Schulze, L.F., 1994. G6 - Aspekte van Stoker se kritiek op die Wysbegeerte van die Wetsidee. Koers 59, 473–490.

Spencer, S.R., 1987. Fideism and Presuppositionalism. Grace Theological J. 8:1, 89-99.

Spier, J.M., 1950. Inleiding in de Wijsbegeerte der Wetsidee, 4de Hersien. uit. J.H. Kok, Kampen.

Stoker, H.G., 1925. Das Gewissen: Erscheinungsformen und Theorien, Friederich Cohen, Bonn

Stoker, H.G., 1929. Christendom en Wetenskap: Galileo en Servet, in: Heilige Skrif En Wetenskap. "Die Weste"-drukkery, Potchefstroom.

Stoker, H.G., 1930. 1.03 Die Krisis in die teenswoordige Sielkunde (Inougurele rede P.U. vir C.H.O.), in: Brosjure-Reeks: Standpunte in Die Sielkunde (Nr. 1). J.L. van Schaik bpk., Pretoria.

Stoker, H.G., 1933a. Wysbegeerte van die skeppingsidee, 1st ed. J.H. de Bussy bpk., Pretoria.

Stoker, H.G., 1933b. Die Nuwere Wysbegeerte aan die Vrije Universiteit (Amsterdam), 1ste uit. J.H. de Bussy bpk, Pretoria.

Stoker, H.G., 1933c. 1.5 Iets oor redelikheid en rasionalisme. Jacques Dusseau & Co. (ook uitgegee deur J.H. de Bussy, Pretoria), Kaapstad.

Stoker, H.G., 1933d. Die Slakkehuisteoriee van die bewussyn: of iets oor die wese van die bewussyn, 1st ed. Jacques Dusseau & Co. (ook uitgegee deur J.H. de Bussy, Pretoria), Kaapstad.

Stoker, H.G., 1935. 4.6.3. The possibility of a Calvinistic philosophy. Evang. Q. 7, 17–23.

Stoker, H.G., 1941a. 4.2.20 Grepe uit ’n Calvinistiese wysbegeerte: Palingenesie en wysbegeerte. Koers 9, 49–58.

Stoker, H.G., 1941b. 4.12.1 Iets oor kousaliteit en kousaliteitskennis. Tydskr. vir Wet. en Kuns 2, 55–82.

Stoker, H.G., 1941c. Die Stryd om die Ordes, 1ste ed. Caxton-Drukkery, Pretoria.

Stoker, H.G., 1948. Calvinistiese Wysbegeerte. Kwartaalbl. vir Lit. en Kuns 3, 57–69.

Stoker, H.G., 1949. 4.2.30. Christelike Wetenskap. Koers 17, 1–9.

Stoker, H.G., 1958. 4.12.3 Die vraag van die bedreiging van die natuurwetenskappe (veral natuurkundige wetenskapsidee in historiese perspektief). Tydskr. vir Wet. en Kuns 83–135.

Stoker, H.G., 1965. ’n Kursoriese besinning oor “Menseregte”. Bull. van die Suid-Afrikaanse Ver. vir die Bevord. van Christelike Wet. 1, 131–144.

Stoker, H.G., 1970. 5.1.30 Waardes. Die Kerkbl. 25, 8,9,11.

Stoker, H.G., 1971. Reconnoitering the theory of knowledge of Prof. Dr. Cornelius Van Til, in: Geehan, E.R. (Ed.), Jerusalem and Athens: Critical Discussions on the Theology and Apologetics of Cornelius van Til. Presbyterian and Reformed, USA, pp. 25–72.

Stoker, H.G., 1981a. 2.3.2.4 Oopheid in die wetenskap (Deel van die ere-professorale oopheidslesings aan die P.U. vir C.H.O., ongepubliseerd)

Stoker, H.G., 1981b. Normatiwiteit en die doelstellings van die wetenskap (ongepubliseerd).

Stoker, H.G., 1981c. 2.3.2.5 Sosiale oopheid (Deel van die ere-professorale oopheidslesings, ongepubliseerd)

Stoker, H.G., 2010. Genesis en teologie.  'n Antwoord op Nico Vorster se siening van Genesis 1-3 as polemiese teologie. Tydskr. vir Christelike Wet. 46, 213–236.

Stoker, H.G., n.d.(a) 2.1.19.12 Inleiding tot die Wysbegeerte: Wereldbeskouingsleer (Aantekeninge vir studente, ongepubliseerd)

Stoker, H.G., n.d.(b) 2.1.19.6 Lewens-en wereldbeskouingsleer (aantekeninge vir studente, ongepubliseerd)

Stokes, M., 2012. A shot of Faith {to the head}: be a confident believer in an age of cranky atheists, Kindle Uit. Thomas Nelson, Nashville.

Strauss, D., 2010. Die sentrale plek van'n lewensen wêreldbeskouing. Koers-Bulletin Christ. Scholarsh. 75, 53–77.

Strauss, D.F.M., 1978. Inleiding tot die kosmologie. Sacum, Bloemfontein.

Swanepoel, C., 2010. Skoonheid, harmonie en wysheid: reformatoriese ontwikkeling van'n transmoderne idee in die teologie, UOVS, Bloemfontein

Thiselton, A.C., 2005. A Concise Encyclopedia of the Philosophy of Religion, herdruk. uit. Baker Academic.

Troost, A., 2012. What is reformational philosophy? An introduction to the cosmonomic philosophy of Herman Dooyeweerd, Vertaalde. uit. Paideia Press.

Van der Walt, B.J., 2007. Ad Fontes: eerste boustene vir 'n Geskiedenis van die Reformatoriese Filosofie - ook in Suid-Afrika. Tydskr. vir Christelike Wet. 217–234.

Van der Walt, B.J., 2010. Die waarde van waardes : ' n christelik- filosofiese besinning oor die aard en rigtinggewende gesag van waardes. Koers 75, 709–749.

Van der Walt, B.J., 2013. H.G. Stoker (1999–1993) as Christelike filosoof: 'n Historiese legende en ikoon, of nog steeds 'n kontemporêre mentor? die Skriflig/In Luce Verbi 47, 1–15.

Van der Walt, J.L., 2006. “The unmasking of modern science” – the sequel (II). Koers - Bull. Christ. Scholarsh. 71, 423–442.

Van Riessen, I.R.H., 1963?. Op wijsgerige wegen., Herdruk. uit., Zomer & Keuning, Wageningen.

Van Til, C., 1945. Common Grace 1, Westminster Theological J., 8:1, 39-60.

Van Til, C., 1962. Christianity and Barthianism. 1ste uit., Prebyterian and Reformed Publishing., Philadelphia.

Van Til, C., 1980. The reformed pastor and the defense of Christianity and My credo, herdruk ed. Presbyterian & Reformed Pub. Co, Philadelphia.

Van Til, C., 2003. Christian Apologetics. 2de. uit. (editor William Edgar), P&R Pub., Phillipsburg, New Jersey.

Van Til, C., 2008. Defense of the Faith, 4de uit. (editor Scott K. Oliphint), P&R Pub., Phillipsburg, New Jersey.

Van Wyk, J., 2012. Uitwissing van renoster sal nie gebeur [WWW Document]. Landbou Weekbl. URL http://www.landbou.com/nuus/nuus-artikel/uitwissing-van-renoster-sal-nie-gebeur (onttrek 8.21.13).

Wolters, A.M., 1983. On the idea of worldview and its relation to philosophy, in: Stained Glass: Worldviews and Social Science. University press of America, pp. 14–25.

Woordeboek van die Afrikaanse Taal [WWW Document], 1957. URL http://www.woordeboek.co.za.nwulib.nwu.ac.za/?qi=167416&offset=0 (onttrek 8.7.13)